Hierdie boek word opgedra aan alle gelowiges van die NG Kerk,
en ander kerke, wat in 1994 bygedra het tot die wonder
van 'n vreedsame oorgang na die nuwe Suid-Afrika.

Teksvers: 2 Kor 5:17-19; DIE BYBEL 2020-vertaling.
So het God die eerste en volle tree gegee
om ons met Hom te versoen!

Die eerste tree deur ds Freek Swanepoel

CORDIS TRUST PUBLIKASIES
Posbus 73592 Lynnwoodrif 0040
cordistrust@discoverymail.co.za

Dr SJ Marais
Uitvoerende Trustee Cordis Trust
faniemarais@discoverymail.co.za
www.cordistrust.co.za

Kopiereg © 2021 Freek Swanepoel

Eerste uitgawe Eerste druk 2021

ISBN 978-0-6399599-1-7

Elektroset en redigering: Myra Lochner
Geset in Constantia 12 pt
Titelfont:
Outeursfont:
Omslaggrafika ©
Omslagontwerp: Herman Lochner
Media-foto’s individueel erken
Outeursfoto op die agterblad ©
Gedruk en gebind deur Bidvest Data, Kaapstad, Suid-Afrika

# DIE EERSTE TREE

Freek Swanepoel

**CORDIS TRUST PUBLIKASIES**
Pretoria • Suid-Afrika
2021

# INHOUDSOPGAWE

1 DIE VOORLOPERS 1
1.1 Toe gee die lidmate die eerste tree 1
1.2 27 April 1994 3
2 SINODE 6
2.1 Sinodetyd 6
2.2 Eenheid en Ekumene 14
2.3 President Mandela besoek die Algemene Sinode 24
2.4 Die Gees en ons het besluit 30
2.5 Belydenis en verskoning vra 36
2.6 Die ongelukkige afloop 44
3 "MENEER NG KERK" 50
4 KONTAK MET NGK-FAMILIE EN RES VAN AFRIKA 56
5 ONGEKENDE ERVARINGS 64
6 SKAKELING MET DIE OWERHEID EN PRES. MANDELA 87
7 BESOEKE AAN BUITELANDSE KERKE 99
8 PERSOONLIKE ERVARINGS MET BESOEKE OORSEE 105
9 DIE WAARHEIDS- EN VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK/TRC) 112
10 VAN PRESIDENT NA STAATS-PRESIDENT 126
11 BAKENS VAN VERSOENING 131
12 ALGEMENE SINODE 11–17 OKTOBER 1998 135
13 DIE KERKBODE – ONS EIE KOERANT 146

14 VERSOENING: 1994–1998-AFLOOP 157
- KRITIESE BEOORDELING: 2013 157
- ONVERDIENDE ERKENNING 2015 159
- BEVESTIGING 2017 162

# 1 DIE VOORLOPERS

## 1.1 Die lidmate gee die eerste tree

Die aanbreek van die nuwe demokrasie het aan die begin van 1994 onafwendbaar naderbeweeg. Daar was geen omdraaikans nie. Die eerste ervaring sou 27 April wees, die eerste demokratiese verkiesing in die RSA. Vir die NGK was dit belangrik om met sy lidmate te praat oor hulle verantwoordelikheid om as landsburgers deel te neem aan die verkiesing. Die erns van die saak het daartoe gelei dat baie lidmate spontaan gebedsgroepe gevorm het omdat die vlakke van geweld in die land hoog was. Daar was ’n begeerte by baie gelowiges om die proses positief te beleef.

Vele lidmate het immers besef dat stemreg ’n basiese reg van alle burgers van die land is. Daar was steeds ook die onsekere rol van regse groepe wat die verkiesing kon ontwrig.

Vele het dit gesien as oorgawe aan die ander rasse in die land en dat daar groot ontwrigting in die land sou kom. Hulle het kosvoorrade aangekoop en ekstra aandag aan beveiliging gegee. Vir ander was dit ’n teken dat die wederkoms naby is.

TERUG NA DIE TOEKOMS

## 'Ons wou bloed keer ...'

JOHAN VAN DER MERWE

"Ons wou bloed keer" en "Ek het my vinger op die sneller gehad." Dit is die woorde van onderskeidelik ds Freek Swanepoel, 'n vorige moderator van die NG Kerk, en genl Constand Viljoen, voormalige hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag. Die spanning in hierdie stelling is 'n aanduiding van hoe naby Suid-Afrika in 1994 aan die rand van 'n burgeroorlog was. Dit vertel ook die onbekende verhaal van die NG Kerk se belangrike rol in die soeke na vrede.

Die vrylating van mnr Nelson Mandela en die opheffing van die verbod op die ANC in 1990 het Suid-Afrika op 'n nuwe koers geplaas. Terwyl die nuwe koers die politieke kookpot in Suid-Afrika byna laat oorkook het, het die leierskorps van die NG Kerk 'n deurslaggewende rol gespeel om gemoedere te kalmeer sodat 'n vreedsame verkiesing in April 1994 kon plaasvind.

Tussen 1990 en 1994 het die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie onder meer vier keer vir Mandela ontmoet. Tydens hierdie gesprekke was mediasie tussen strydende groepe, die rol van die Afrikaner in die "nuwe" Suid-Afrika en die soeke na 'n vreedsame oplossing vir die land telkens op die agenda.

Gesprekke is egter nie net met die ANC gevoer nie. Aan die ander kant van die politieke landskap het 'n groot groep konserwatiewe Afrikaners gedreig om die verkiesing van 1994 omver te gooi. Hulle was goed georganiseer onder leiding van Viljoen wat na bewering 'n mag van 50 000 man onder leiding van vyf generaals landswyd ontplooi gehad het. Hulle het gewag op die bevel om die verkiesing te ontwrig.

Viljoen was egter ook 'n ouderling-afgevaardigde op die Algemene Sinodale Kommissie. Dit het die deur oopgelaat om gewelddadige verset te ontmoedig. Na afloop van 'n vergadering met sy generaals op De Deur in April 1994 het Viljoen in sý woorde besluit "om die honde los te laat". Daar sou geen verkiesing op 27 April 1994 wees nie. Intensiewe vredesamesprekings het hom op 23 April 1994 van besluit laat verander en die verkiesing kon voortgaan.

2019 is weer 'n verkiesingsjaar en emosies gaan weer hoog loop. Miskien moet Kersfees 2018 die vertrekpunt wees van 'n nuwe besluit om in 2019 vir vrede te werk, om voort te bou op die werk wat die kerk se leierskorps destyds gedoen het. Hierdie keer is dit die uitdaging aan elke lidmaat en elke predikant in elke gemeente van die NG Kerk wat met Kersfees die koms van die Vredevors gaan vier.

► *Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.*

**Kerkbode 30.11.2018.**

Vir die NGK was dit belangrik om sy lidmate so goed moontlik voor te berei vir stemdag, sonder om voorskriftelik te wees. In "Die Kerkbode" is leiding gegee aan lidmate oor vreedsame deelname aan die verkiesing en om hulle werkers waar moontlik positief in te lig en te begelei. Daar is ook kort voor die verkiesing 'n spesiale "Herderlike Brief" via gemeentes aan lidmate gestuur. Met beide die ANC en ver-regse groepe is indringende gesprekke gevoer sodat die tyd voor en na stemdag nie in geweld ontaard nie. Op die Sondag voor stemdag is gemeentes opgeroep om by die erediens genoegsame tyd in te ruim vir verootmoediging voor die Here. Ons grootste hoop het immers in die Here gelê. Ons het ook geweet dat die ANC die verkiesing sou wen, gesien hulle oormag van kiesers.

## 1.2 27 April 1994

Op 27 April 1994 het mense oor die land toe in lang toue gestaan en soms ure gewag om hulle stem uit te bring. Vir die eerste keer het rasse deurmekaar in die rye gestaan. Baie lidmate het saam met hulle huis- en tuinwerkers na die stembus gegaan. Dit was sekerlik die grootste demonstrasie teen geweld en vir gelyke regte wat nog ooit in die RSA plaasgevind het. Gelowiges het in die vreedsame verloop van die verkiesing die Hand van die Here gesien en dit het hulle hoop versterk vir die onbekende pad wat op hande was. Ons kan werklik getuig dat die Here ons genadig was en dat daar geen skoot geskiet is nie. Vir my het dit selfs 'n groter geestelike impak as oorwinnings in ons verlede. By Bloedrivier het ons geskiet, maar die oorwinning was die Here se werk; hier is nie geskiet nie, was daar min sprake van oorwinning by die stembus, en erkenning dat die sisteem van apartheid se dae getel is. Dit was net die Here se werk. (*SOEK: foto van rye kiesers).*

Die vreedsame oorgawe staan uit, veral as dit met ander veranderinge van regering vergelyk word. Ook as dit vergelyk word met soortgelyke veranderinge in Afrika. Die rol wat Christene en lidmate van die NGK in die vreedsame oorgang en verkiesing van 'n swart president gespeel het, het dit een van die historiese dae in die geskiedenis van SA

en die hele wêreld gemaak en 'n getuienis gelewer dat ons glo dat God steeds sy rol speel in die lotgevalle van nasies.

So het lidmate en gelowiges oor die lengte en breedte van die land gewys dat hulle vir vrede is, en teen geweld. By terugskoue het dit gewys dat lidmate gereed was vir veranderinge in die land. So is vir die sinode 'n geestelike pad aangedui en vir die NG Kerk in die "Nuwe Suid Afrika". Die voorspel tot die Algemene Snode van 1994 het van moed en geloof getuig. Die lidmate het vir die kerk 'n voorbeeld gestel. Dieselfde lidmate wat as voorlopers gedien het sou ook later die leiding van die Algemene Sinode aanvaar.

## DIE KERK OP NUWE PAAIE

Die nuwe demokratiese Suid-Afrika het toe in 1994 gekom;
danksy genade en gebede, selfs sonder geweld of 'n bom.
Toe ons stem is dit hoopvol – gedeelde nasiebou wink voor –
sê ons vir onsself: met geloof moet ons hierdie hekkie oor.

Baie van die goeie ou dae is toe vir altyd verby
en die kerk moet op ander maniere gelowiges begelei,
sodat hulle diensbaar en steeds aan hul Here getrou
slegs aan Jesus, die Leidsman en Voleinder, vashou.

Met eenheid in ons familie wil ons op die pad vorder
en besluit om saam te skryf aan een Kerkorder.
En as die Staat se HOP armes se lewens herstel
sal ons aanhou om nederig ons eie ophefverhale te vertel.

Die NG Kerk se leer en styl is mos gereformeerd,
en laat ons opreg erken: ons was verkeerd.
En soos 'n ware kerk geroepe is om te doen,
word daar met Marais en Naudé en Mandela versoen.

Langs die pad het ons die meeste van ons kerkvriende verloor,
maar nou wil ons weer by SARK en WBGK ons stem laat hoor.
En om te keer dat nog lidmate te maklik na ander kerke loop,
maak ons met versigtigheid die grense van gemeentes oop.

So het die Gees die Algemene Sinode in die Jakarandastad gelei,
om hande te vat en gehoorsaam aan sy onfeilbare Woord te bly.
En bewus van groot veranderinge in ons wel en wee,
is ons versterk om nuwe treë van versoening te gee.

**Moderator**

**As iets of iemand my getref het, het ek gerym en gedig.*

# 2 ALGEMENE SINODE:

## 11–20 Oktober 1994

### 1.1 Sinodetyd

Die kerk het ook sy seisoene; en om sinode te hou is deel daarvan. In die ou dae – goeie en slegte – het die NGK elke vier jaar sy Algemene Sinode gehou. Dit was gesien as ‘n belangrike moment in die geskiedenis van die kerk. By die vergadering word daar aandag gegee aan die beleid van die kerk en sy gemeentes. Daar is altyd duidelik gesê dat die Algemene Sinode nie ‘n werkende sinode is nie. Die taak is dus om die grense vir die werksaamhede en optrede van die kerk en sy gemeentes aan te dui.

Elke vier jaar het die NGK dus geleentheid om aan die belangrikste sake op die volgende tereine van die kerk aandag te gee: ons gereformeerde identiteit en onderlinge verbondenheid; ons ekumeniese bande met ander kerke; ons publieke getuienis en werksaamhede na buite en die bepaling van die Bybelvertaling, kerklied en kerkorde.

In hierdie publikasie wil ek graag fokus op die rol wat die kerk in Suid-Afrika gespeel het. Elke algemene sinode vind plaas in ’n spesifieke tyd, met die tendense van daardie tyd soos bepaal deur die owerheid, gemeenskap en tydsgewrig.

In elke tyd is daar immers sake van deurslaggewende belang wat die kerk en sy lidmate raak. Die kerk is mos in hierdie wêreld en moet steeds die lig van God se woord op die handelinge van die mens in die wêreld laat val. Dit wat in die wêreld daar buite gebeur, mag nooit uitsluitlik die agenda van die kerk bepaal nie; maar die kerk moet steeds die pad aandui hoe sy lidmate in die tye van vandag getroue diensknegte van die Here kan bly. Die sinode moet dus vensters open waardeur die wêreld daarbuite gesien kan word. Sodoende kan die kerk sy getuienis na buite profeties laat hoor, as priester na mense in nood uitreik en ‘n koninklike lewenswyse vir almal aanbied.

Die vergadering van die Algemene Sinode het ook altyd groot aandag getrek. In die ou dae was die manne met die swart pakke en wit dasse vir baie ’n aardigheid. In die vergadering kon ’n leraar slegs die mikrofoon gebruik mits hy sy toga aan het. Dink maar self hoe warm kan dit in die somer word in ’n lokaal sonder lugversorging as jy in die ry wag om te praat. Die voorsitter of moderator is aangespreek as “Hoog Eerwaarde Heer” en die het die orde gehandhaaf met sy houthamer. Die moderatuurstafel was altyd beklee met ‘n doek van groen. Tydens die vergadering moes die moderatuur aan die “groen tafel” te alle tye hulle togas dra omdat hulle deurlopend in die sinode moet praat. Dit was inderdaad ’n ordelike byeenkoms.



Jakaranda-tyd in Pretoria.

11–20 Oktober 1994 was dit weer Pretoria se beurt om die sinode te huisves, en die pers jakarandas het almal verwelkom en tot rustigheid gestem. Gelukkig kon dit in die doelmatige Sinodale Sentrum in die middestad van Pretoria aangebied word. Die afgevaardigde kon vanuit sy sitplek alles wat gebeur sien, hoor en selfs praat. Geen

hande in die lug of rye sprekers by die mikrofoon nie. Die rekenaar kon selfs die spreekbeurte in die volgorde wat dit aangevra is, aandui. So, die moderator kon ook nie meer beskuldig word dat hy aan sekere sprekers voorkeur gee nie. Die Saak-gelastigde, dr Jan Viljoen, en sy ywerige personeel het alle nodige hulpdienste verskaf. Die kundige Notule-kommissie, onder leiding van Cassie Carstens en Kobus Gerber het vir al die administratiewe sake gesorg. Die wonderlikste was seker die lugversorging, want dit was somertyd. Daar was ook genoegsaam goeie akkommodasie binne loopafstand van die sentrum.

**Finansies en Tegniek se stuiwer in die armbeurs.**




So 'n kerklike vergadering was altyd nuus en besluite oor belangrike sake is gereeld in die koerant aangekondig. Die jaar 1994 was die jaar toe die land 'n dramatiese oorgang na demokrasie beleef het. Die ANC het die verkiesing gewen en Pres. Mandela is as president ingeseën. Baie oë was dus op die vergadering van die grootste Afrikaanse kerk gerig. Die oë van die lidmate van die NG

Kerk was ook op die sinode gerig om leiding te gee in 'n nuwe situasie van menseregte, ‘n oop gemeenskap en godsdiens-vryheid.


Die koerante het ook daarvan gehou om te spekuleer oor die nuwe moderator. Vir baie sou die keuse dan 'n aanduiding wees van die rigting wat die sinode sou inslaan. As die moderator meer “verlig” is, sou die kerk dan meer kans sien vir verandering. As die moderator egter meer “konserwatief” is, sou die kerk makliker in sy besluite die pas makeer. So is daar in 1986 gevoel dat die NG Kerk belangriker besluite oor sy rol in die samelewing geneem het, omdat Prof Johan Heyns, met sy groter dryfkrag, die moderator was. Of die persoon van die moderator so 'n geweldige invloed op die besluite van die kerk kan hê, is egter te betwyfel. Die tendense van die tyd, en die karakter van die sinode het 'n veel groter effek.

Só was dit ook in 1994. Die koerante het name genoem en bespiegel wie in die stoel sou sit. Vir die verslaggewer van Beeld was dit belangrik om te weet of die persone lid is of was van die Afrikanerbond, omdat dit die samewerking met die Verenigende Gereformeerde kerk kon strem.

Die Negende Algemene Sinode van die NG Kerk het toe op 11 Oktober 1994 om 10.30 'n aanvang geneem. Soos gebruiklik het die leraar met die langste diens en wat die oudste in jare was, die sinode geopen, nl. ds Dawie

Conradie van Despatch-Eendrag. Sy taak was om met skriflesing en gebed te open en om daarna die vergadering te konstitueer. Daar was in totaal 382 afgevaardigdes uit die 11 sinodes van die kerk in die RSA, Namibië en Midde-Afrika. Daarna het hy die stemgeregtigdes gevra om hulle stemme uit te bring vir 'n voorsitter.

Na verskeie stemmings is ds Freek Swanepoel (Oos-Transvaal) as Moderator aangewys. Hy het toe die voorsitterstoel ingeneem en die res van die Moderatuur laat kies, nl. ds Kobus van der Westhuyzen (Wes-Kaapland) as assessor; prof Pieter Coertzen as aktuarius; en dr Frits Gaum as skriba. As assistent-skriba is ds Cassie Carstens (Noord-Transvaal) verkies. Vanweë sameweking in ander kommissies met ds Kobus en dr Frits en prof Coertzen se kundigheid, was ons 'n bekwame groen tafel wat as eenheid kon saamwerk. Ds Cassie was saam met my in die Jeugkantoor en vanweë ons goeie vriendskap het ek van hom besondere ondersteuning ontvang. Met die hulp van Bo, was ons reg vir die uitdagings van 1994 en om die NG kerk te help om met versoening die eerste tree te gee.



**Die nuutverkose moderatuur van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk is vlnr: ds Cassie Carstens, assistent-skriba (Noord-Transvaal), dr Frits Gaum, skriba (Wes-Kaap), ds Freek Swanepoel, moderator (Oos-Transvaal), ds Kobus van der Westhuyzen, assessor (Wes-Kaap), en prof Pieter Coertzen, aktuarius (Wes-Kaap)**

My span gereed vir die groot taak.




Dié plakkaat het ek in die nag op pad huis toe van die lamppaal afgehaal.

## LIGTER OOMBLIK

### Die vrou met die koerant

Dit was die eerste algemene sinode wat deur vroue as afgevaardigdes bygewoon is. Ek was baie dankbaar daaroor. My ervaring is dat dit mans se styl baie versag. Elke oggend het ek na die geestelike opening tyd geneem om met die sinode te gesels. Dit was 'n poging om die gehoor op hulle gemak te laat voel.

Die vorige dag het ek opgelet dat die jong dame onder die lessenaar die koerant lees. Sy was toe ook nog die jong leraar wat langs haar sit, se vrou. Ek noem dit toe dat ek geskok was omdat iemand tydens die vergadering skelm die koerant gelees het, maar dat ek toe opgelet het dat sy net na die foto van die Moderaruur gekyk het.

Later in die dag kom die briefie by my aan: "Geagte Moderator, ons het mos gisteraand nie vergader nie, en toe kyk ek of daar 'n goeie fliek wys. Dit was toe goed."

## 2.2 Eenheid en Ekumene

*Die familie van NG Kerke*

Die belangrike saak van kerkeenheid was veral sedert die sewentigerjare hoog op die agenda van elke Algemene Sinode. Dit is immers logies dat die kerkma en die kerkdogters weer as een kerk sou funksioneer. Alles sou seker makliker gewees het as daar eenstemmigheid was oor die Bybelse eis vir sigbare eenheid in die Kerk van die Here Jesus Christus. Dit was dus moontlik vir 'n groot deel van die NGK om so sterk klem te lê op die onsigbare eenheid in Christus, dat dit maklik was om die strewe na die sigbare eenheid agterweë te laat. Die feit dat sigbare eenheid of die gebrek daaraan nooit Christus se eenheid kan wegneem nie, het ook gemaak dat die saak dalk nie met die nodige erns benader is nie. In die vol program van die gemeente is dit maklik om in die prediking en die praktyk dit buite rekening te laat.

Ek het eers met eenheid binne die familie te doen gekry toe ek in die Algemene Sinodale Kommissie verkies is. Die saak is verder verswak deur die verskillende terme wat gebruik moes word: eenheid, eenwording, kerkeenheid, sigbaar-making van meerdere kerkeenheid, kerkhereniging, ge-samentlike aanbidding, ensovoorts. Soms is daar meer oor die korrekte benaming gepraat as oor die saak.

Die gesprek oor eenheid is by die NGK verder gekompliseer toe die NGSK en die grootste deel van die NGKA in 1994 in Belhar verenig het en die VGKSA gevorm het. Die twee kerke in die Familie het toe reeds die eerste tree gegee en die RCA en die NGK moes besluit of hulle hiermee saamgaan en hoe hulle deel van die een kerk moes word. Die feit dat die RCA en ’n aantal gemeentes nie deel van die nuwe kerk geword het nie, het natuurlik sy eie probleme meegebring. Die NGK het nog altyd van die standpunt uitgegaan dat enige eenwording al die bestaande kerke in die Familie moes insluit. Dit het ongelukkig die proses nog meer vertraag, omdat daar steeds vier partye om die tafel sit wat eenstemmigheid moet bereik. Die VGKSA is wel “die seën van die Here” toegebid, maar vir die pad vorentoe moes naas die VGKSA: “alle lidmate en gemeentes van die NGK, die RCA en die voormalige NGSK en NGKA deel wees van die proses van kerkeenheid”.

Die saak van kerkeenheid het natuurlik saamgeloop met die erkenning dat apartheid verkeerd is. Dit was eintlik twee kante van dieselfde munt. Aan die WBGK is gesê dat eenwording van die NG Kerkfamile die “acid test” is vir die verwerping van apartheid. Daarom was dit altyd een van die eerste vrae wat die pers gevra het: “Wat gebeur met kerkeenheid?” Dit het dan ook op sinodes baie aandag en harde werk gevra en is telkens terug verwys na ‘n tydelike

kommissie vir verdere aandag. Gewoonlik is die sensitiewe saak dan eers op die laaste dag van die sinode, en onder tydsdruk gefinaliseer. In 1994 het ons as Moderatuur besluit om alles in ons vermoë te doen om die saak van eenheid binne die eerste paar dae af te handel. Dit sou na buite ‘n baie positiewe effek hê van ’n sinode wat rigting het en besluite kan neem. So het ek dit dan ook ervaar; dat die vergadering doelgerig gepraat het en grootliks eenstemmig was dat daar met kerkeenheid gevorder moet word.

Voor die eenwording van die NGSK en die NGKA is voorleggings ontvang oor hulle: “Beginselverklaring, Kerkorde en Eenheidsmodel”. Die NGK het omvattend hierop geantwoord. Na hulle eenwording is gesprekke voorgesit en dit het gekulmineer in ’n gesamentlike verklaring deur die Dagbesture van die VGKSA en die NGK. In die “Verklaring” word die voorneme tot eenwording herbevestig; die belydenisgrondslag omskryf, die opstel van ’n kerkorde uit die bestaande kerkordes, die model en die stappe om die eenheidskerk te vestig. Die besluit om oa saam ’n kerkorde op te stel is so deur die Algemene Sinode aanvaar en ook aan die RCA gestuur. Daarmee is die deur geopen om daadwerklik aan eenwording te werk. Die besluit het beteken dat die Familie mekaar opnuut aanvaar en nader aan mekaar wil beweeg. Hierdie nuwe openheid vir ander en vir mekaar sou ’n kenmerk wees van hierdie sinode. Die sinode het die

eerste tree gegee. Die besluit is op die derde sittingsdag geneem tot groot verbasing van die pers. Daar-mee was die moeisame pad van voorskrifte vir “gesamentlike aanbidding” gelukkig ook verby. Vir die eerste keer het die VGKSA toe die NGK gevra om die “Belydenis van Belhar” (1986) deel van die belydenisgrondslag van die nuwe eenheidskerk te maak.

**NGK SE NUWE STYL KENMERKEND VAN BESLUITE OP SINODE**

**Spesiale Verteenwoordiger**

**BEELD**

PRETORIA. Die nuwe styl waarmee die NG Kerk in 'n nuwe situasie wil werk, is die grootste kenmerk van besluite wat tot dusver deur die Algemene Sinode geneem is. Só het die Moderator, ds Freek Swanepoel, die naweek hier by die halfpadmerk van die Sinode in 'n onderhoud aan Die Burger gesê. Hy het ook vrae beantwoord oor kerkleiers se rol in die proses van kerkeenheid.

Ds Swanepoel het gesê die Sinode se besluit oor kerkeenheid dui daarop dat hy op 'n nuwe manier na binne wil skakel. Die gemeentes vorm in groot mate die Kerk en daarom is skakeling met gemeentes belangrik.

Op die vraag of kerkleiers die kommunikasieproses oor kerkeenheid bloot aan die Kerk se strukture gaan oorlaat, het ds Swanepoel gesê die dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) gaan 'n rol speel. Die Sinode het die ASK spesifiek opdrag gegee om kerkrade deur die streeksinodes voortdurend op die hoogte te hou oor die vordering met die proses oor kerkeenheid. Die dagbestuur van die ASK sal die kommunikasieproses beplan en bestuur deur tydskale vir terugvoering te gee soos dit nodig word. Dit is egter die taak van streeksinodes en hul moderature om ontmoetings met ringe te reël sodat inligting en verduidelikings tot op kerkraadsvlak deurgedra kan word, het hy gesê.

*Die drie Afrikaanse Kerke*

As kerkeenheid op die tafel was, was daar altyd ook ’n vraag oor die eenwording van die drie Afrlkaanse Kerke, nl die Ned Herv Kerk van Afrika, die Ned Geref Kerk en die Geref Kerke in Suid-Afrika.

Daar is ook gemeen dat die eenwording makliker sou wees en ook belangriker is. Daar was mos geen taal of kultuurverskille nie, en baie is bloedfamilie van mekaar. Dit sou wonderlik wees om na beide kante te kon vorder maar om die een belangriker te ag as die ander is ongegrond en sal nie eenwording bevorder nie. Die verslag van die Tussenkerke Kommissie na nog 4 jaar se skakeling was: “dat daar nie so vêr gevorder is dat daadwerklike voorstelle op die tafel is nie”.

Johan Heyns het kritiek gekry omdat hy die drie kerke se afsonderlike bestaan “sondige veskeurdheid” genoem het. Ander het die klem gelê op “gesonde verskeidenheid”. Dit tref my dat albei terme die word “sonde” insluit. Dalk is daar ook gehoop dat die veranderinge in die land, soos godsdiensvryheid, ’n groter strewe na eenheid sou bring. Die sinode het weer die erns van die eenwording beklemtoon en die TKK soos volg aangespreek: “… sal dit waardeer as die TKK met groter entoesiasme en geloof werk om sy doelstellings re bereik.”

*Ekumene*

Die Ekumeniese kantoor het in die jare negentig en daarna ‘n belangrike strategiese rol gespeel. Dit is deur die bekwame leraar, Dr Pierre Rossouw beman met opdrag Inligting en Ekumeniese Betrekkinge. Aan die begin van 1992 is Prof Piet Meiring deeltyds in die pos aangestel. Sedert 1986 het die besluite van die NG Kerk wye belangstelling, plaaslik en oor die wêreld losgemaak. Dit was ook belangrik om kontak te behou met kerke wat ondersteuning gebied het en ook die kerke wat die NGK tot verantwoording wou roep. Die groot taak is vergemaklik met die verspreiding van die publikasie ‘DRC News’ wat vier keer per jaar verskyn het. Dit het egter nie gekeer dat die kantoor deur navrae en besoeke oorval is nie.

In die verslag voor die sinode word vermeld van bilaterale gesprekke met 14 kerkgenootskappe in Suid-Afrika. Wêreldwyd is daar met 48 kerkgenootskappe geskakel en gekorrespondeer. Nie minder as 348 onderhoude is met leraars, lidmate, kerklike verteenwoordigers, politici en ander instansies gevoer. Die kantoor het natuurlik gekonsentreer op die NGK-familie in SA en ook die dogterkerke in Afrika. Naas die kontak met die Susterskerke het ekumeniese liggame soos Die Gereformeerde Ekumeniese Raad en Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke ook baie aandag gekry. Die WBGK wou graag meewerk dat die NGK apartheid verwerp en sodoende die skorsing van 1982 kan ophef. Plaaslik was

daar ook die gevoele dat die NGK in die nuwe Suid-Afrika weer sy plek in die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke moes inneem. Dr Bey Naude het hom hiervoor beywer.Die wete dat die NGK nie meer op sy eie met die Owerheid in gesprek kan tree nie, het ook die wenslikheid beklemtoon dat die NGK in 1994 weer lid van die SARK moes word, al was dit aanvanklik net as waarnemer.
Die Ekumeniese kantoor het dus ‘n groot bydrae gelewer sodat die NGK in 1994 deeglik ingelig is oor die voor- en nadele van lidmaatskap van ekumeniese liggame. In die verlede is daar sterk uitsprake teen ekumenies liggame gemaak en teen hulle leiers. Met die positiewe uitsprake ten gunste van lid maatskap van die SARK en die WBGK het die sinode duidelik gewys dat die kerk in die nuwe SA ander kerke nodig het om sy profetiese en priesterlike taak n ate kom. Weereens het die sinode openlik gepraat en met oortuiging standpunt ingeneem.
Deur sy besluite het die NG Kerk weer uitgereik na sy naby-familie en die breëre ekumeniese bande met ander Christelike kerke. In die jare daarna sou hierdie besluite baie nuwe deure oopmaak.

# Freek Swanepoel

DIE Algemene Sinode het verlede week vir ds Freek Swanepoel tot nuwe moderator gekies: 'n vriendelike en minsame gemeentepredikant wat, so het die sinode gou agtergekom, die vergadering met 'n vaste hand stuur en hom nie maklik van die koers wat hy ingeslaan het, laat afdruk nie.

Aan ds Swanepoel en die ander lede van die Moderatuur - ds Kobus van der Westhuyzen (assessor), prof Pieter Coertzen (aktuarius) en dr Frits Gaum (skriba) - behoort die kerk dikwels in hulle voorbidding te dink. Hulle, en die ander lede van die Algemene Sinodale Kommissie, sal in die volgende vier jaar 'n belangrike rol moet speel om die kerkskip in die troebele tye wat ons beleef, aan die vaar te hou. Gelukkig is die kerk baie groter as 'n paar mense of selfs baie mense, en is die kerk se wel en wee op stuk van sake nie van húlle afhanklik nie. Maar God gebruik tog mense om sy doel te bereik, en so ook op 'n bepaalde manier hierdie ampsdraers van die Ned Geref Kerk.

Ds Swanepoel se styl sal ongetwyfeld anders wees as dié van sy onmiddellike voorgangers. Hy is 'n deurwinterde gemeentedominee wat naby aan die 'gewone' lidmate lewe. Hy weet wat in hulle harte aangaan. As voorloper in die kerk, sal hy ongetwyfeld steeds die verwagtinge van ons lidmate in ag neem. Maar daarby sal hy hom laat lei deur die Woord van die Here wat hy al 29 jaar lank van die preekstoel af verkondig.

Ons bid hom, en diegene saam met hom, die seën van die Here toe. En Die Kerkbode doen dit met des te meer geesdrif omdat ds Swanepoel ook voorsitter is van die kerklike media-kommissie wat onder andere oor ons kerklike tydskrifte die wag moet hou. Ons wens hom goeie gesondheid en krag en moed toe om ook dié werk nog lank in diens van die Here en sy koninkryk te doen!

## LIGTER OOMBLIK

## Wat is die slaap ’n wondersoete ding!

Fotograwe van die pers het graag gesoek na iemand wat in die heilige vergaderig indut. Ek onthou in 1986 hoe die foto van die slapende Kaapstadse leraar die voorblad van Die Burger gehaal het. In 1987 gebeur dit weer in Pretoria. Beplanningsman Mauritz het oor *Die Kerk en inflasie* gepraat. Na 30 minute het sy slepende ‘s’ baie afgevaardigdes rustig gemaak. Toe kom die briefies: “Gee asb aan die broer by sitplek 314 ’n spreukbeurt.”

Wetende dat die broer my moeilik sal vergewe, was die versoeking te groot. Ek het in ’n gedempte stem gevra vir absolute stilte vir die broer se belangrike bydrae. Sy mikrifoon is toe aangeskakel en vanuit droomland het sy eie snorkgeluide hom laat ontwaak. Om die gelag te laat bedaar, het ek toe gedreig om die ander broers wat ook ingedut het, se name te noem.

Ek en die broer het vrede gemaak na vele koppies koffie. Ten minste was die sinode toe wakker!

## 2.3 President Mandela besoek die Algemene Sinode

In die jaar 1994 het die inwoners van Suid Afrika baie dinge vir die eerste keer beleef. Die veranderinge het oor die land gespoel en daar was geen kans vir omdraai uit die 'Nuwe Suid-Afrika nie.

Vir die eerste keer het alle burgers die geleentheid gehad om te stem. Dit was verstommend om te sien hoe mense van alle rasse saam met hulle werkers in die lang toue gestaan het om hulle stem uit te bring. Vir die eerste keer het mense geweet dat 'n nuwe party die verkiesing gaan wen. Op 10 Mei 1994 is die eerste swart president ingehuldig. Vir die eerste keer het die leiers van Afrika en die wêreld die voorste gestoeltes volgesit en het die voorblaaie van koerante hulle gesigte gepubliseer. Ons is oorval met baie "eerstes". Vir die NG Kerk was daar ook 'n eerste: die besoek van President Mandela aan die Algemene Sinode in Oktober 1994.

Soos altyd is hierdie byeenkoms beplan deur die Agenda-kommissie. Die eerte aand van die vergadering is altyd ingerig as 'n openingsgeleentheid. By die geleentheid het die uittredende voorsitter, wat nie weer as voorsitter herkiesbaar is nie, die openingsrede gelewer. Plaaslike hoogwaardigheidsbekleërs is na die oop geleentheid uitgenooi. In lyn daarmee het die kommissie besluit om

ook die eerste burger, die President wat in Pretoria woon, na die geleentheid genooi. Ongelukkig was hy op die dag in die buiteland en het aangedui dat hy nie die geleentheid kon bywoon nie.

By die aanvang van die sinode was daar egter ’n skrywe van die Kantoor van die President waarin hy aangedui het dat hy wel op Donderdag 13 Oktober die sinode wil besoek en dat hy ook die vergadering wil toespreek Die vergadering het sy optrede sonder teenstand en met groot verwagting goedgekeur, deeglik bewus daarvan dat niemand in elk geval vir ’n president kan of wil nee sê nie.

So het hierdie “eerste” toe op 13 Oktober vir die NG Kerk aangebreek. Alles was haarfyn en op die minuut beplan. Dit is seker onmoontlik om te peil wat die afgevaardigdes in die oomblikke gedink en gevoel het. Daar was ‘n onrustige afwagting wat voelbaar was in die vergadering. Dit sou immers die eerste keer wees dat die leier van die RSA ’n NG-Sinode toespreek. Hy behoort aan ’n ander kerk-genootskap en kom uit ’n ander taal- en kultuurgroep en is ook die President van die ANC. Die inhoud van sy toespraak was net aan hom en sy raadgewers bekend. Hy besoek die NG Kerk wat wêreldwyd gesien is as die beskermers van aparthed. Dit was inderdaad wedersyds ’n waagstuk, maar by die Moderatuur ’n waag-in-geloof en in afhanklikheid van die Here van die kerk.



Hartlik welkom met ’n egte Afrika-groet.

Toe die President na die sinodesaal gebring is, was daar heelwat nuuskieriges wat hom wou sien. Getrou aan sy joviale persoonlikheid het hy sy tyd geneem om mense te groet en te gesels. Die voorsitter het die spanning

aangevoel en die vergadering ’n gesang laat saamsing. Onder die sing, wat altyd aangrypend is, het Pres. Nelson Mandela die trappe afgekom. Die Skriba, Frits Gaum het hom halfpad gaan ontmoet en sommer ook gehelp met ’n skoen wat uitgeglip het. Sy netjiese drag – nogal ’n voorbeeld van drag vir ’n sinode – en sy rysige figuur met sy gebruiklike waai van die hand vir die gehoor – het spontane applous ontlok. Hy was tuis in die sinode en die sinode het ook op hulle gemak gelyk. Hy was vergesel van Prof Jakes Gerwel.

Die Voorsitter, Freek Swanepoel, het hom verwelkom en oa aan hom gesê dat hy kan kies om soos Daniël in die leeukuil te voel of dat hy die leeu kan wees en die vergadering die “Daniëls”. In sy openingswoorde het hy in Engels gesê dat hy in sy voorbereiding uitgegaan het van die beeld van die Leeu en die Lam van Openbaring wat saamwei. Met hierdie aanslag het hy op ’n stil manier sy standpunt van “geen geweld” gestel. Hiermee het hy ook die toegeneentheid van die afgevaardigdes vasgevang. Toe hy daarna in Afrikaans voortgaan kon ’n mens die respek van die vergadering aanvoel. Sy optrede en styl was volledig in lyn met die van ’n kerklike vergadering.

Sy ooggebrek het gemaak dat hy telkens trane moes afdroog, en dit het sekerlik gedagtes laat gaan na sy gevangenisskap op Robbeneiland.

Pres Mandela het in sy toespraak na die volgende sake verwys:

- die ernstige soeke van die NGK na vreedsame en regverdige oplossings;
- die konstruktiewe rol van die NGK in aanloop tot stemdag op 27 April 1994;
- apartheid was 'n verskroeide aardebeleid, fundamenteel verkeerd en sondig;
- erkenning word gegee aan profete teen apartheid;
- soos mense opgehef is na die Groot Depressie moet armes nou gehelp word;
- lidmate moet van rassisme bevry word kerkeenheid moet bespoedig word.

Vervolgens het die Assessor, Kobus van der Westhuizen 'n dankwoord uitgespreek.

Daarna het die vorige Moderator Pieter Potgieter 'n mosie van dank, ondersteuning en voorbidding vir die President en die Staat voorgehou, wat onbestrede deur die vergadering aanvaar is.

Daarna was daar tyd vir tee in die Moderatuurskamer.

So het hierdie geskiedkundige besoek ook 'n teken van versoening geword, Dit was 'n geleentheid vir kerk en owerheid om nuwe treë te gee.

**LIGTER OOMBLIK**
**Wie kies die liedere?**
Toe die President eers kuier langs die pad, vang die stilte vir Cassie. Ons Assistant-skriba-orreliste kies toe 'n lied en Pres Mandela die trappe afkom sing die sinode hartlik saam.

Die middag wag 'n ouderling my by die deur van die saal in. Hy vra my toe wie die onvanpaste lied gekies het, toe die President met die trappe afgekom het. Ek verseker hom dat daar geen spesifieke lied gekies is nie en vra wat dan die probleem is.

Hy maak toe sy gesangeboek oop en wys my die woorde: "U weet hoe ek na U verlang het".

Dit het my ook onkant gevang, want so singende was ons oë op die president. Na hy met die Cassie gepraat het, was hy rustig en het aanvaar dat dit maar die sameloop van omstandighede was.

## 2.4 Die Gees en ons het besluit

Die Kerk van Christus word deur die Gees gelei. Dit glo ons van elke sinode van die NGK; daarom was die Gees werksaam in 1994. Daarmee sê ek nie dat die Gees in die Sinode van 1994 meer werksaam was nie; tog kan ek getuig van ’n gebondenheid om in die nuwe situasie goed na die Gees te luister. Daar was ook ‘n besondere verbondenheid en samehorigheid. Ons het mekaar nodig gehad om sy wil te doen. Van die term eenparig hou ek nie veel nie, maar daar was, selfs oor moeilike sake soos Kerkeenheid groot eenstemmigheid. Naas al die gebruiklike besluite van die kommissies, kerkorde en liturgie, wys ek op enkele besluite waaruit die sinode se erns om “die eerste tree te gee” duidelik blyk.

a. **Inskakeling oor gemeentegrense heen.** Hieroor is lank en indringend gepraat. Uiteindelik is besluit om aan lidmate die reg te gee om aansoek te doen om lidmaat by ‘n ander gemeente te word. Ek het soms gewonder of die nuwe ‘demokrasie’ nie ons oë oopgemaak het vir die regte van lidmate nie. Sinodes wat aanvanklik sterk hierteen gekant was, het later besef dat dit vir hulle poer lidmate voordele inhou.
b. **Vroue en mans gelyk as predikante.** Nadat vrouelidmate toegelaat is as diakens en ouderlinge was dit logies dat hulle ook deur die Here geroep kan wees om die Woord te verkondig. Dit is in 1990 so besluit. Hulle

het immers as ouderlinge en diakens onskatbare werk in die kerk gelewer. Daar was egter nog nie veel beroepe van vroue nie. By die sinode was ook net ‘n handjievol vroue-afgevaardigdes. Nou is besluit dat “man en vrou se omstandighede vir bevoegdheid eweredig hanteer word”. Dit het natuurlik van die NGK gevra om in die Verlofreglement plek te maak vir kraamverlof.

c. **Ekumeniese liggame.** Daar was ‘n nuwe dryfveer om weer ekumenies betrokke te wees. Die enigste voorwaarde was ‘die Skrifbeginsel van Jesus Christus as enigste Verlosser en die onfeilbaarheid van die Bybel as Woord van God’.
d. **Hemelvaartdag.** Die sinode het aanvaar dat die Staat nie meer die dag as ‘n Christelike vakansiedag erken nie. Gemeentes word egter opgeroep om steeds Hemelvaartdag op ‘n feestelike wyse te vier. Hiermee het die NGK gewys dat hy bereid is om in die nuwe SA klem op die belangrike sake te lê.
e. **Heropbou- en Ontwikkelinsprogram. (HOP).** Die AS het erken dat die land nou so ‘n program nodig het en belowe om waar dit nodig is sy samewerking te gee.
f. **Onderwys.** Die Staat is versoek om in die eerste plek ruimte te skep vir skole met ‘n Christelike grondslag. Daarnaas is gevra dat daar ook plek sal wees vir ’n kultuurgerigte gronslag. Christelike vakonderrig is sterk beklemtoon. Die staat is ook versoek om private

kerkskole te subsidieer om, indien nodig, Christelike onderwys te verseker.

**CHRISTELIKE ONDERWYS “IS VEILIG”**
**Dr Sibusiso Bengu**
**Eie Kantoor**

PRETORIA. Dr Sibusiso Bengu, Minister van Onderwys, het die versekering gegee dat hy sal toesien dat Christelike onderwys nie “ondermyn” word nie. Dié versekering is luidens 'n verslag deur die jeugkommissie van die NG Kerk se Oos-Transvaalse sinode in 'n onlangse gesprek deur dr Bengu aan die kommissie gegee. In die verslag, wat gister voor dié sinode by sy sitting in Pretoria gedien het, word ook gemeld dat dr Bengu gesê het hy verwelkom die gesprek “omdat hy self 'n gelowige is”. Hy het ook gesê kinders moenie vervreem word van die godsdiens soos dit in hul ouerhuise beoefen word nie.

Dr Bengu het ook in breë trekke “hartlik” saamgestem met die onderwysbeginsels soos dit in die elf onderwysbeginsels van die NG Kerk geformuleer is. Die saak het te berde gekom in die bespreking oor die behoud van Bybelkunde en Bybelonderrig in skole. Die verslag lui dat dit aanvanklik “besonder moeilik” was om toegang tot die nuwe onderwysowerhede te verkry. “Hoewel die skyn bestaan het dat daar toegang is, het dit in bykans geen geval gerealiseer nie en het ons telkemale voor 'n toe deur gestaan.”

Na talle pogings is onderhoude wél met rolspelers soos politieke partye en plaaslike owerhede gevoer, en volgens die kommissie lyk dit of die pogings begin vrug afwerp.

g. **Vroue vul die sinode.** Saterdag was ook ’n besondere dag. Die sinode sit net halfdag en Sondag word gewy aan Nagmaal in die oggend en ’n koor- en orrel-uitvoering in die aand. Saterdag 15 Oktober is verder opgehelder omdat die belangrike verslag van die Vrouediens deur die vroue self voorgedra is. Die vroue het die besoekersbanke vol gesit en ek was ook bevoorreg dat my vrou, Marié, teenwoordig was. Sy het immers gesorg dat ek vir die duur van die sinode op my beste moes lyk en optree. Mev HH Oosthuizen, Die Voorsitter van die AKV, oorhandig vrugteruikers aan die Moderatuur en daarna lê sy die verslag voor vir bespreking en goedkeuring. Hulle was ook verantwoordelik vir die pragtige groot blommerangskikking voor in die saal. Die Assessor dra die dank aan die vroue oor vir hulle liefde en diens in die kerk en aan die Here. Die vergadering betoon hul dank met staande applous. Hierna verlaat die vroue die vergadering vir tee by Mev Marike de Klerk.

h. **“Kerk en Samelewing”.** Die werk aan die beleidsdokument is nou afgehandel. Die foute en lyding van Apartheid is erken. AKLAS word wel gevra om nou aandag te gee aan sake van ons nuwe situasie in SA soos: regstellende aksie, die grondprobleem, aborsie en die Christendom in ’n pluralistiese samelewing.

i. **SA Raad van Kerke.** Die AS gaan voort met sy aansoek om waarnemerstatus.

j. **Teologiese Fakulteite aan Universiteite.** Na breedvoerige bespreking is besluit dat die NGK voortgaan om sy opleiding aan die huidige universiteite voort te sit. Daar word ook erken dat teologiese opleiding oop moet wees vir alle denominasies. Eie seminaria word as laaste opsie beskou.

k. **Lidmaatbemagtiging.** Die sinode was steeds onder die besef dat lidmate ondersteuning en leiding soek om as Christene te bly leef in die nuwe demokratiese en godsdienstige omgewing. Die sinode het dan ook meer as ander sinodes spesifieke leiding moes gee oor die eiesoortige situasie van 1994 in ons land. Naas die Herderlike Brief en die Besluiteregister is die volgende studiestukke via gemeentes aan lidmate gerig om hulle in te lig en te bemagtig: Gesindhede in Suid-Afrika, die Vredestaak van die kerk, die uitdaging van die nuwe SA vir die NGK, en Riglyne vir inskakeling oor gemeentegrense.

l. **Geloftedag 16 Desember.** Hier het die goue draad van versoening weer die deurslag gegee. Daar in besluit dat versoening en vrede in Suid-Afrika inpas by die regte verstaan van Geloftedag. Daarom moet 16 Desember in die toekoms ook vanuit hierdie verstaan van die Gelofte van 1838 gevier moet word.

m. **Barmhartigheid.** Alle kerklike rolspelers is gevra om weë te soek sodat die kerk sy dienste effekief in die nuwe bedeling kan voortsit en sy kundigheid kan benut. Die Staat is gevra om sy finansiering voort te sit, maar die NGK is nie bereid om geld te ontvang wat met lottery en dobbelary verband hou nie.



# Goeie dade

Ds. Freek Swanepoel, moderator van die NG Kerk, verdien 'n klop op die skouer vir sy (persoonlike) standpunt dat berou oor wat in die verlede verkeerd gedoen is met dade gepaard moet gaan as die Christelike stem in die land geloofwaardig wil wees.

Een van die ironieë van Suid-Afrika is dat dit 'n land is waar verreweg die meeste mense Christene is, maar dat apartheid daarin geslaag het om wit en swart Christene só skerp te verdeel dat hulle bereid was om in die apartheidstryd mekaar met geweld teë te gaan.

Swanepoel het gevra om vinniger vordering met die eenwording van die NG Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk. Daardie eenheid is noodsaaklik om te bewys dat ware Christenskap mense sterker saambind as wat kleur hulle kan verdeel.

Maar selfs al sou apartheid met eenwording uitgeskakel word, bly daar nog 'n wrang ironie in ons Christelike land bestaan.

Dit is dat Christene ook deur rykdom en armoede verdeel word. Betreklik welaf Christene is soms geneig om kapitalisme onkrities te verdedig as die goeie teenpool van anti-Christelike Marxisme en sosialisme. Terselfdertyd is daar baie arm Christene wat in hul ellende hul kapitalistiese broers se lewenspeil begeer en hul hoop op 'n beter aardse lewe op Marxisme en sosialisme vestig.

Swanepoel se pleidooi dat kerke moet help om armoede te bestry is 'n tydige waarskuwing teen dié rykdom-verdeling wat net so verkeerd as apartheid is, maar wat selfs moeiliker is om te oorwin.

Swanepoel se verwysing na dade wat nodig is vir 'n geloofwaardige stem, geld nie net kerke nie.

Dit bied spesifiek ook die geleentheid aan Afrikaanssprekendes wat hulle moreel verplig voel om met naastediens reg te maak wat verkeerd is én geloofwaardigheid te verdien.

**LIGTER OOMBLIK**

**Op die voete**

Die Moderator het by geleentheid die Voorsitterstoel aan die Assessor afgegee. By so 'n geleentheid wil hy toe sy stoel op die wieletjies na agter stoot, om net 'n uit die gesigsveld te kom. On-gelukkig het die wieletjies dwars gedraai, vasgehaak en agteroor geslaan. Die Moderator slaan toe bolle-makiesie, maar kom op sy voete te lande en kyk die sinode vierkant in die oë. Baie verleë het hy die stoel opgetel, stadig gaan sit en uit dankbaarheid nooit weer op die stoel geskaats nie. En hy het nogal die ontwerp van die stoel met die gekromde houtrug en die wieletjies aanbeveel!

## 2.5 Belydenis en verskoning vra

Opregte belydenis deur 'n gelowige is 'n daad van die Heilige Gees. Geen mens kan in eie krag sê: "Ek is verkeerd" of "Ek is jammer", nie. Die NGK kon dit ook nie doen sonder Krag van Bo nie.

Van die aanvang van die sinode is daar in die wandelgange gepraat oor belydenis, verskoning vra en om te sê "ons is jammer". Daar was selfs dié wat wou sien dat die sinode 'n naamlys saamstel van persone wat die NGK teen apartheid gemaan het. Almal sou seker saamstem dat met die koms van

demokrasie apartheid iets van die verlede is. Daar was ook aandrang in die Afrikaanse pers dat lidmate wat teen apartheid gemaan en opgetree het, daarvoor erken moes word. So 'n lys van name sou natuurlik besondere wysheid vra en dae neem om goedgekeur te word. Uit die voorsitterstoel het ek ook so deur die afgevaardigdes gekyk en besef dat dit 'n onbegonne saak is. Selfs lede van die groentafel het nie te alle tye hulle stemme duidelik laat hoor nie, en sou seker nie die lys gehaal het nie. Tog moet gemeld word dat die woord "bely" tov "gedwonge afsonderlikheid as Bybelse eis" eers in 1986 in 'n besluit van die NGK gebruik word. Dit was toe par. 281 op voorstel van Frits Gaum en Freek Swanepoel suksesvol geamendeer is om te lui:

"Die Ned Geref Kerk moes hom al baie vroeër duidelik van die siening gedistansieer het, en erken en bely sy versuim."

Dan was daar die lidmate wat die teendeel aanvaar wou hê, nl dat die NGK sy uitsprake waarin apartheid veroordeel word, terugtrek en daaroor moes skuld bely. Die voor-legings van die Voorsettingskomitee (VK) en die Afrikaanse Gereformeerde Bond (AGB) het die lidmate verteenwoordig, was in die Agenda opgeneem en moes beantwoord word. By die VK het persone soos: ds JE Potgieter, prof EPJ Kleynhans, dr AP Treurnicht en prof EP Groenewald leiding geneem en by die AGB oa prof CWH Boshoff.

Die sake is deur die Tydelike Kommissie vir Aktuele Sake

gehanteer onder leiding van prof Johan Heyns en dr Willie Botha. Tydens 'n gesprek met Johan Heyns het hy laat blyk dat 'n naamlys nie haalbaar is nie, maar dat prof Ben Marais en iewers erken moet word.

# Ben Marais toegejuig ná jare van stryd teen rassisme

**Neels Jackson**

DIE Algemene Sinode van die NG Kerk het gister met staande applous erkenning gegee aan een van die profete uit eie geledere wat vroeër nie deur dié kerk geëer is nie.

Prof. Ben Marais, gewese dekaan van die fakulteit teologie aan die Universiteit van Pretoria, het spontane, staande applous ontvang toe hy in die Sinode verwelkom is.

Die 85-jarige prof. Marais het die Sinode in sy rolstoel besoek. Sy een been is vroeër vanjaar geamputeer.

In die jare toe die NG Kerk een van die voorste kampvegters vir apartheid was, was prof. Marais een van die min helder stemme wat hom daarteen uitgespreek het.

Dit het daartoe gelei dat hy – terwyl hy dekaan van die fakulteit was – soms 'n baie eensame pad in die kerk moes stap. So het hy byvoorbeeld vir lang tye geen uitnodigings ontvang om iewers te preek nie.

Hy het nooit bitter geword en nooit die NG Kerk verlaat nie.


Gister het die Algemene Sinode aan prof. Marais die erkenning betuig wat hy jare lank moes ontbeer.

Toe ds. Freek Swanepoel hom welkom heet, het sinodegangers spontaan applous gegee en opgestaan uit erkenning vir prof. Marais.

Ds. Swanepoel het aan "Oom Ben" gesê dat die Algemene Sinode hom wil eer "as 'n profeet binne die mure van die stad", 'n profeet wat "binne gebly het en dit op 'n Christus-manier gedoen het".

"U is een van vele mense wat die Here gebruik het om sekere seine te stuur aan die kerk en ons wil die Here dank vir u en andere saam met u," het hy gesê.

Terwyl talle afgevaardigdes trane van bewoënheid weggesluk het, het die Algemene Sinode hom toegesing: "Laat Heer u seën op hom daal . . ."




Prof. Ben Marais . . . 'n profeet wat nie deur die NG Kerk geëer is nie.

Beeld. 19.10.1994.

Dit was dus nie ’n verrassing toe daar op 14 Oktober ’n mosie van AA Odendaal en JA Heyns aanvaar word waarin die sinode sy opregte waardering teenoor prof Ben Marais betuig vir “wat hy oor baie jare vir die NGK beteken” het. Op die 18de is hy in sy rolstoel na die vergadering gebring. Die Moderator het hom geëer as ’n profeet wat binne die mure van die kerk gebly het en te alle tye sy profetiese stem laat hoor het. Hy het ’n staande ovasie ontvang en Ps. 134:4 is as seënbede toegesing. Vir my as oudstudent was dit ’n eer om so aan hom erkenning te gee en te sê: “Ons is jammer, oom Ben, en dankbaar.”

Op 19 Oktober het TKLAS toe hulle verslag voorgelê. Die versoeke van die VK en die AGB is van die hand gewys en hulle is gevra om die gesprek met die kerk voort te sit. In ’n afsonderlike besluit is daar toe erkenning gegee aan “lidmate, ampsdraersen kerklike vergaderings wat ’n duidelike profetiese stem laat hoor het oor apartheid”. En dan kom die duidelike belydenis: “Die Algemene Sinode erken met spyt dat daar in die verlede dikwels van kerklike kant op ’n onbarmhartige en onsaaklike wyse teenoor sulke persone gehandel is.” In ’n verdere besluit word erkenning gegee aan ’n gesprekke en ontmoetings met broers en susters van die Ned Geref Kerkfamilie in die NGK se huidige afwysende standpunt oor apartheid. Op die wyse het die NGK belydenis gedoen en mense om verskoning gevra, ook aan diegene wat lede van die sinode was. Geen name is genoem

nie, maar dit het juis die deur oopgemaak om die woorde en die gesindheid daaragter vryelik oor die dra aan gelowiges en kerke wat die NGK van politieke dienstigheid aangekla het. Vir die NGK was dit 'n oomblik van waarheid en bevryding.



Freek,

Oom Bey het gisteraand gebel. Hy is geweldig dankbaar oor die besluit van die sinode. Hy en tannie Ilse sal om 10:15 ~~[illegible]~~ die sinode besoek. Ek het vir hom gesê jy sal hulle twee vir tee nooi.

Gaan ons hulle ook toesing?

Piet Meiring

So het Piet Meiring my voorberei.

Die volgende dag het dr Bey Naudé en sy vrou Ilse die sinode uit hulle eie besoek. ’n TV-span het die saal betree en vir menige afgevaardigde het dit die atmosfeer van die sinode verbreek. Die Moderator het toe voorafgaande besluit vir dr Naudé aangebied namens die sinode en hom geëer as ’n profeet wat buite die mure van sy kerk sy profetiese roeping nagekom het. Ook hy het ’n staande ovasie ontvang en hulle is ook toegesing met die seën-psalm.

JOHANNESBURG. “Koue rillings.” Só het 'n afgevaardigde ná die Algemene Sinode van die NG Kerk gister sy belewenis opgesom van dr Beyers Naudé se besoek aan die Sinode. Dit was nadat Sinodegangers hom en sy vrou, Ilse, staande applous gegee het en hulle uit volle bors toegesing het: “Laat Heer u seën op hul daal ...” 'n Dag tevore het die Sinode in 'n besluit erken dat die NG Kerk in die verlede profete teen apartheid uit sy eie geledere te na gekom het en sy spyt daaroor uitgespreek. Ds Freek Swanepoel, Moderator, het dr en mev Naudé verwelkom en die besluit aan hulle voorgelees. “Dit raak ook u in die profetiese pad wat u geloop het," het ds Swanepoel gesê. “Ons is eerlik in wat ons skryf. Ons wil teenoor u erkenning gee vir die pad waarop die Here u gelei het. En as daar tye was en daar wás tye dat u te na gekom is, wil ons sê dat ons spyt is," het hy bygevoeg.

Toe die applous begin, het prof Johan Heyns eerste opgestaan. Een na die ander het die Sinodegangers hom gevolg tot byna almal dr Naudé en sy vrou staande toegejuig het. Daar was 'n paar vir wie dit nie so maklik was om vir dr Naudé op te staan as wat dit twee dae tevore was met prof Ben Marais nie. Prof Marais het immers binne die kerk gebly en sy getuienis teen apartheid vanuit die kerk gelewer.

> Maar dr Naudé het téénoor die kerk standpunt ingeneem en oor baie jare skerp kritiek gelewer.
>
> Toe dr en mev Naudé genooi is om saam met die Moderatuur tee te drink, het dit hulle 'n hele tydjie geneem om daar uit te kom, want talle mense wou net eers kom groet.
>
> In die moderatuurskamer het ds Swanepoel verwys na die "woestyn-pad" wat dr Naudé moes stap. Hy het ook gepraat van die groter vryheid wat in die Sinode gekom het en verwys na die pad wat nou saam vorentoe gestap moet word. Dr Naudé het geantwoord met: "Uit my hart uit innige dank vir wat vandag gebeur het," en verwys na gebede wat verhoor is.

In vele ontmoetings na die sinode kon ek met vrymoedigheid bg besluit aan lidmate, ons kerkfamilie, ander gelowiges, kerke en ekumeniese liggame oordra. Die NGK het bely, om verskoning gevra, ook aan sy eie lidmate: vrouens, mans en jongmense, en gesê: "Ons is jammer". Sodoende is ook erkenning gegee aan baie lidmate wat apartheid nie ondersteun het nie en desnieteenstaande aktiewe lidmate van die NGK gebly het. Dit was 'n groot tree van die kerk na binne en na buite.

Die besluite en geleenthede het daartoe gelei dat die sinode sy erns met versoening prakties kon wys en beleef. Dit het harte geroer.

## LIGTER OOMBLIK

**Briefies.** Dit is natuurlik altyd so by 'n sinode dat daar een of meer persone is wat onder die naam van die "Moderator" briefies skrywe aan ander afgevaardigdes. Die antwoorde op die briefies het dan by my uitgekom en dan moes ek die kloutjie by die oor probeer kry.

Een van die mees algemene briewe is om aan die person wie se sitplek leeg is te skryf en dan te vra waarom die persoon nie op sy sitplek is nie. Soos reeds gemeld is die briefie in die naam van "Moderator" geskryf. Van die antwoorde was soos volg:

- Ai, broer Voorsitter, 'n boer raak moeg van sit;
- Ou Freek, jy weet ek haat vergaderings;
- Voorsitter, op die platteland het ons nie winkels met so baie te koop nie;
- Geagte Voorsitter, my vrou het saamgekom, sy verjaar, toe gaan drink ons tee;
- Ek het nie 'n "smoke-break" gevat nie!
- Freek, my bankmaat het gister nie 'n oog toe gemaak nie.

## 2.6 Die ongelukkige afloop

Die laaste dag van 'n sinode is 'n besige dag. Die laaste verslae moet afgehandel word, die notule van die vorige dag moet goedgekeur word, sake vir revisie word hanteer word en dis die laaste kans om jou sê te sê. In 1994 was dit ook so, alhoewel die meeste groot sake afgehandel was. Daar is natuurlik die onvoorsiene, wat op die dag ook tyd en aandag van die sinode gevra het.

Die vorige dag is die belangrike besluit geneem waarin erkenning gegee is aan profetiese stemme teen apartheid.. Toe kom oom Bey Naudé en sy vrou die saal binne en neem hul sitplekke by die besoekers in. Terselfdertyd bars 'n TV-span met hulle kamera by die ander deur in. Hier was groot nuus in die sinode waarop die hele wêreld gewag het! As Moderator het ek besef dat dit oor oom Bey gaan en dat dit vir die vergadering goed sou wees om aan sy teenwoordigheid aandag te gee. Ek het opgestaan en oom Bey en tannie Ilse verwelkom en die besluit van die vorige dag aan hom aangebied en hom beskryf as "die profeet wat buite die mure van die kerk" sy stem teen apartheid laat hoor het. Johan Heyns het opgestaan en hande geklap waarop die grootste deel van die sinode by hom ingeval het. Daarna is hulle die seënpsalm toegesing. Die hele tyd het oom Bey met geboë hoof gestaan en die verskoning so ontvang. Geen persoon wat nie 'n afgevaardigde is, mag die sinode toe-

spreek nie; en daarom is aan hom nie geleentheid gegee om iets te sê nie. Daarna het ek die stoel aan die Assessor gegee en die Naudés vir tee genooi in die Moderatuurskamer. Die ongenooide TV-span het toe ook die saal verlaat.

Terug by die groen tafel; is daar toe ’n brief waarin afgevaardigdes versoek dat hulle na die afloop van die sinode ’n gesprek aanvra met die Moderatuur oor die ongelukkige gebeure tydens die besoek van die Naudés. Indien dit nie moontlik was nie, vra hulle geleentheid om die saak in die sinode te berde te bring. Na raadpleging by die tafel word die gesprek gereël in Kommissiekamer 3 en almal wat belangstel word daarheen uitgenooi. ’n Aantal sake is toe afgehandel, dankwoorde is uitgespreek vir al die harde werk van die afgelope 10 dae en die Moderator verrig sy laaste taak en sluit met Skriflesing en gebed. Aan die Here kom die laaste woord toe, want Hy het ons geseën met wysheid en die leiding van sy Heilige Gees. Ons was dankbaar en reg vir die vele eise van die nuwe SA vir die NGK.

Die Moderatuur is toe na Kommissiekamer 3. Tyd vir die gebruiklike groet en seën toebid was daar nie. Daar was so om en by 25 persone – meesal leraars – in die vergadering. Die belangrikste beswaar was toe die besoek van dr Naudé aan die sinode net ’n dag na die besluit oor erkenning van stemme teen apartheid. Die vraag is gevra of die Modera-

tuur of iemand anders dit so gereël het. Die feit dat die pers toe ook teenwoordig was, het die beswaardes laat vermoed dat die besoek van die Naudés en die TV-span vooraf bekend was en gereël is, sonder om die vergadering in te lig.

Prof Meiring, wat toe as Ekumeniese Beampte gedien het, het so verduidelik: Dr Naudé wat baie kontak met die Ekumeniese Kantoor gehad het, het reeds voor die sinode sy wens om die sinode te besoek, uitgespreek. Na die besluit wat op 19 Oktober geval het, het hy die Kantoor laat weet dat hy op die 20 ste die sinode wil besoek. Piet het dit per nota aan die Moderator gestuur wat weer die Moderatuur ingelig het. Omdat oom Bey nie die sinode kon toespreek nie, is sy voorgenome besoek nie aangekondig nie en sou hy indien hy opdaag soos alle ander besoekers deur die Moderator verwelkom word. Daar is ook beswaar gemaak dat hy erken is, terwyl hy ook die NGK en die Afrikanervolk baie skade aangedoen het.
Die applous en toesing het spontaan ontstaan en is nie deur die Moderatuur gereël nie. Die optrede van die TV-span was onaangekondig en onverwags en die Moderator het gekies om sy aandag aan die sinode en die Naudés te wy. Die ongelukkiges moes uiteindelik berus by dié verduideliking en hoe die besoek verloop het. Ek was dankbaar dat die Moderatuur na ’n vol en besige vergadering nog tyd

gehad het om die afgevaardigdes, minder as 7% van die sinode, kalm te woord te staan.


Die woorde "ongelukkige afloop" sny na 2 kante toe. Aan die een kant beskryf dit die gevoelens van 'n groep afgevaardigdes. Vir my was dit egter jammer dat die sinodegangers op so 'n wyse uit mekaar moes gaan. Ons het mekaar immers oor talle sensitiewe sake gevind en wedersydse respek en erns ervaar. Van dié wat hulle ongelukkigheid uitgespreek het, het ook volgens my te veel klem gelê oor die skade wat "ons volk" aangedoen is. Vir my was net die NG Kerk, en die rol van dr Naudé teenoor die kerk, immers op die tafel. Dit het my ook ongelukkig gestem om te sien dat die "volkskerk-gedagte" nog by afgevaardigdes so sterk meespreek.

Na nog handdrukke en woorde soos "dankie" en "mooi ry" is ek na die perskamer. Die arme omroeper wou my finale indrukke van die Algemene Sinode van 1994 hoor, en die ongewone vergadering, nadat die sinode afgesluit is. Eers by die vierde probeerslag kon ek my woorde agtermekaar kry. Ek was óf baie moeg óf diep ongelukkig. Gelukkig was hy 'n oud-leraar en het hy verstaan en my telkens maar weer kans gegee om oor te begin.

Op pad huis toe, waar my vrou en dogters gewag het, het die wonder van die afgelope paar dae weer deurgebreek en

kon ek weer die vreugde van die Here ervaar en geniet. Tuis kon ek met ’n koppie koffie in die hand en die reuk van my vrou se kos voel hoe die spanning uit my uitvloei. Die Here was goed en daarom sal ek geeneen van sy weldade van die Algemene Sinode van 1994 vergeet nie. Daarvoor loof ek Hom met alles wat in my is.

Daar was soos gewoonlik weer boodskappe van van lidmate, vriende en familie. Baie was saam met ons bly dat die spanningsvolle dae nou verby is en baie het my en my gesin ’n goeie rustyd toegebid.



**Soli Deo Gloria.**

**LIGTER OOMBLIK**
**Die vroue word genooi vir tee.**

Toe ek, na ’n kort gesprek met ’n ouderling, in die gang afkom na die Moderatuurs-kamer toe, merk ek dat daar so twaalf vroue opgewonde en geselsend by die deur ingaan. Cassie het altyd na die gaste omgesien en hy het net koek en tee uitgedeel. Toe hy by my kom, sê hy ek moet darem laat weet as ek gaste nooi. Hy moes vinnig spring om te reël vir ekstra kopppies en eetgoed.

Twee van die vroue kom toe na my en gee hulle briefies wat net voor die pouse aan hulle oorhandig is en hulle bedank my vir die wonderlike uitnodiging wat nogal deur my persoonlik onderteken is.

Na ’n baie gesellige kuier is ons terug saal toe. Cassie het die briefies geneem en toe by die “briefie-dames” vasgestel wie die uitnodigings geskryf het. Ek het die volgende oggend die onnutsige leraar net op sy sitpleknommer bedank vir sy positiewe bydrae om die vroue tuis te laat voel.

# 3 "MENEER NG KERK"

Die Here gee gereeld aan sy kerk gawes wat op die regte tyd gebruik word om die regte dinge te doen; om die knoop deur te haak. So 'n gawe was prof Johan Heyns. In 1982 probeer hy en prof Willie Jonker hulle uiterste beste om die AS te laat beweeg oor sy standpunt oor apartheid, maar hulle kry dit nie reg nie. Ek onthou die twee manne – sonder baadjies – by die mikrofoon met skouers wat hang. Die pers het ook die volgende dag berig dat die NGK twee van sy leidende teologiese dosente verwerp het.

Maar die Here gee op sy tyd en in 1986 word Johan Heyns, teen alle verwagting in, verkies as Moderator van die NGK. Skielik was hierdie kerk weer in die kollig en het die media gesorg dat die sake van die dag vir die kerk en SA gedurig op die voorgrond is. Hy was natuurlik kos vir verslaggewers, want hy was intelektueel in staat om selfs die moeilikste vraag sinvol te antwoord. Soos in die ander terreine waarop hy beweeg het het hy voluit gegaan en was daar vooruitgang in die kerk oor sy rol in die samelewing van SA. Vanaf 1990 dien hy as ondervoorsitter en gaan hy onverpoosd voort om sy gawes in die kerk te benut, somtyds tot ongemak van ampsdraers en lidmate wat gemeen het dat hy te vinnig wil beweeg en nie binne die

besluite van die NGK bly nie. As gevolg van sy oortuigde antwoorde, dinamiese optrede en onblusbare ywer om verandering te bepleit, hier en in die buiteland het hy die titel "mnr NG Kerk" gekry.

Voor die AS van 1994 is sy naam weer genoem as moontlike Moderator van die AS. Dit het toe nie gebeur nie, mar dit het nie verhinder dat hy die leier van die sinode op die vloer en by die mikrofoon geword het. As Voorsitter van AKLAS het hy baie belangrike sake moes hanteer soos: die kinderkommunie, die antwoorde op die besware van die Voortsettingskomitee en die Afrikaanse Gereformeerde Bond en die gedagte van erkenning van persone wat teen apartheid geprofeteer het. Sy onvervangbare rol is beklemtoon omdat die belangrike broederlike onderhoud aan hom toegestaan is, nl: 'Uitdagings van die Nuwe Suid-Afrika vir die Ned Geref Kerk'. Hy het sy voordrag en die bespreking op sy unieke en bekwame wyse as God se gawe en met die insig van die Gees gelewer. Die meeste van van sy kommissie se voorstelle is sonder veel veranderings en met dank deur die vergadering aanvaar. Dis was net met die voorstel oor die kinderkommunie dat daar lede was wat ongelukkig was. Hy het by die vergadering gepleit dat die verslag – waaraan toe reeds twaalf jaar gewerk is – te laat oorstaan na die volgende AS in 1998. Sy motivering was dat die ontevredenheid van lidmate na die besluite van 1986


gelei het tot die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk, end at die gebeure hom geweldig ontstel het en dat dit nie altyd goed is om te vinnig in die kerk te beweeg en dan lidmate te verloor nie.

Ek onthou dat ek vir die verslag die voorsitterstoel aan die Assessor oorgegee het, om net ‘n bietjie asem te gaan skep. Daar in die voorportaal het ‘n leraar my goed geroskam omdat ek die vergadering op die kritieke tyd verlaat het. Die vergadering het na Johan Heyns geluister en die saak sou vir vier jaar oorstaan.

Selfs in die optrede van die AS met besoekers het hy telkens ook leiding geneem. Met die besoeke van oom Ben Marais en oom Bey Naude was hy die eerste om op te staan en applous te gee.

Die dankmosie aan Pres Mandela is ook deur hom gesekondeer. So hy het oral diens gelewer en sy invloed laat geld. By die konstituering van die Algemene Sinodale Kommissie is hy nie in die Dagbestuur verkies nie.

Ek onthou hoe ek, toe ek hom groet, hom gevra het om my helper en adviseur te wees in die taak wat vir my voorlê veral met ekumeniese kontak. Dit was die laaste keer dat ek



*JOHAN ADAM HEYNS*
*(27 Mei 1928 – 5 November 1994)*

met Johan Heyns gepraat het en die ervaring was my nie beskore nie.

Vir agt jaar het hy al sy ywer en tyd bestee om die Here se besondere gawe aan die NG Kerk te wees. Hy het in die tyd sy rol as profeet vervul. Het hy soos Moses die volk van die Here uitgelei en toe plek gemaak vir ander leiers in ‘n ander tyd. Hy was ook deel van die Belydenis by Rustenburg in

1990. Sy priesterlike rol in versoening in ons land is geweldadig van hom ontneem in sy huis en tussen sy familie. Sy onsinnige en wrede sterwe plaas hom in ’n lang ry van martelare wat tot die dood toe aan hulle Here getrou was.

Daar word dikwels gevra waarom daar nie meer profete in die NG Kerk na vore gekom het nie? My sienswyse hieroor is:

- Johan Heyns se rol was soos vele profete uit die Ou Testament uniek en onherhaalbaar.
- In 1990 was dit tyd vir bely, soos deur Willie Jonker en die Dagbestuur by Rustenburg.
- Vanaf 1994 was dit weer tyd om te sê “Ons is jammer.”

Daar is ’n tyd vir profete en ’n tyd vir priesters.

ANC DAILY NEWS BRIEFING
THURSDAY 10 NOVEMBER
PWV-HEYNS
JOHANNESBURG Nov 9 Sapa

The PWV cabinet on Wednesday observed a minute's silence at its weekly meeting as a mark of respect for assassinated cleric Prof Johan Heyns and called for security around key political figures to be tightened.

A statement from the office of premier Tokyo Sexwale said the cabinet noted with shock the death of Prof Heyns, which had come at a time when the country was departing from the violence of the past.

“The PWV cabinet condemns in the strongest terms this cowardly and cold-blooded murder,” the statement said.

It was vital that the killers were caught, particularly in the light of threats against President Nelson Mandela and other as yet unnamed Cabinet members.

The PWV cabinet called on the police to pursue its investigation with vigour and said it trusted security around key political figures would be tightened. It urged any member of the public who had information to come forward.

Prof Heyns was slain at his Waterkloof, Pretoria home on Saturday night.

On Tuesday his brother-in-law Prof Danie Veldsman, of Port Elizabeth, reported receiving an anonymous call from a man who said he was glad Prof Heyns was dead and that President Mandela was next on the list.”

# 4 KONTAK MET NGK-FAMILIE EN RES VAN AFRIKA

- **Kontak met die VGKSA**

Naas die formele skakeling deur vergaderings het ek ook persoonlik probeer kontak maak. So was dit my voorreg om die groeteboodskap van die NGK aan die VGKSA in 1966 in Bloemfontein oor te dra. Dr James Buys is as Moderator verkies en ek is vriendelik ontvang. In my boodskap het ek weer die besluit van die sinode herhaal waarin hierdie kerk se profetiese stem teen apartheid weer erken is en die erkenning dat ons nie goed na hulle geluister het nie. Op hierdie stadium was die gesamentlike kommis-sies goed op dreef en was daar wedersydse goedgesindheid. Ek het natuurlik terug gedink aan die laaste Algemene Sinode van die NGKA toe ek na my groeteboodskap vir 30 minute met vrae gepeper is. Dit was wel vir my 'n goeie leerskool, omdat dit my bewus gemaak het van die begeertes en vrae wat in hulle harte leef. Omdat die Belydenis van Belhar toe 10 jaar oud was het hulle spesiale gedenkpennings uitgedeel aan besoekers. Myne is toe ook om my nek gehang, onder groot applous van die afgevaardigdes. Dit was vir my 'n spesiale oomblik. Later het ek toe in Wynberg in Kaapstad by James en sy vrou gaan tee drink, en heerlik te kuier en mekaar beter te leer ken.

**GROETEBOODSKAP**

BLOEMFONTEIN. Agter die NG Kerk se besluite oor kerk-vereniging sit ’n hart en ’n hand wat uitreik om geneem te word. Só het ds Freek Swanepoel, moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk, hier in sy groeteboodskap aan die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk gesê. Een van die besluite gaan oor die keuse wat gemeentes moet hê om in ringsverband ingedeel te word.

“As die NG Kerk vroeër gedwonge geskeidenheid te ver gedryf het, sien ons nie nou kans om met die teendeel, naamlik gedwonge eenwor ding, dieselfde pad te loop nie," het Swanepoel gesê. Die NG Kerk se aandrang dat 'n gemeente ’n versoek kan rig oor sy ringsverband, kan nie net afgemaak word as neo-apartheid waarmee taal en kultuur beskerm wil word nie. Skep ruimte “Baie hang af van die toepassing van só 'n reëling en ring-indelings is immers nooit permanent nie. Dit skep egter die ruimte vir natuurlike groei tussen die kerke wat wel oor bedieningstyl, liturgie, kultuur en taal verskil.”

Swanepoel het gesê in 'n verenigde kerk sal taal en kultuur, hoe belangrik ook al, nie die eerste prioriteit wees nie, maar die koninkryk van die Here. “Ons nooi u om ons bedoeling en integriteit te toets.”

Oor die Belydenis van Belhar het Swanepoel gesê die inhoud en konteks daarvan gaan op 'n kerkordelike wyse aan lidmate en kerkvergaderings gegee word. “Hieruit sal ons vir u 'n duidelike en behoorlik getoetste antwoord gee oor die plek van Belhar in die belydenisgrondslag van 'n verenigde kerk.”

Gereformeerde kerke uit Amerika, Europa, Afrika en Suid-Afrika het groeteboodskappe oorgedra en het feitlik sonder uitsondering die Belydenis van Belhar onderskryf. Ds Oliver Patterson van die Reformed Church in America het gesê sy Kerk is trots daarop dat so 'n dokument uit Afrika gekom het.

Oorkondes met die volledige belydenis daarop is aan van die gaste oorhandig. Toe Swanepoel syne ontvang, het al die sinodegangers spontaan opgestaan en hande geklap. (1996)

**DRC CHURCHES MEET**
CAPE TOWN
Nov 9 Sapa

The moderators of the three churches in the racially-segregated Dutch Reformed Church family met in Cape Town for the first time on Wednesday to discuss unification.

Moderators the Rev Freek Swanepoel of the NG Kerk, the Rev Nick Apollis of the Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) and the Rev Kisten Moodley of the Reformed Church in Africa said the meeting would have been a "high point" for slain church leader Prof Johan Heyns who had played a leading role in efforts to end the Dutch Reformed Churches' separaion.

The VGK was formed recently from the coloured NG Sending-kerk and the black NG Kerk in Afrika.

The three leaders said much preparatory work lay ahead for the formation even of a planning commission to effect unity, a goal they said could still take years to realise.

Asked whether there were fears of resistance to racial unity from conservative congregations, Mr Swanepoel said there had over the past few years been a consistent shift in attitude towards unity.

The moderators are due to meet again in Pretoria in March next year.

**Neil Lurssen**
WASHINGTON
Nov 9 Sapa

**NGK 'SAL NIE AFRIKAANS VAN TAFEL VEE'**

**Ds Freek Swanepoel**

Eie Kantoor

JOHANNESBURG. Die NG Kerk sal Afrikaans nie eenvoudig van die tafel vee of die taal onder druk plaas nie. Afrikaans is en sal die taal bly waarin lidmate selfs ná eenwording bedien sal word.

Dit was die reaksie gister van ds Freek Swanepoel, moderator van die NG Kerk, na aanleiding van 'n meningsverskil wat in dié kerk ontstaan het oor die gebruik van Afrikaans in 'n NG een heidskerk.

'Doen meeste vir taal'

Hy het aan Die Burger gesê die NG Kerk bly dié instansie wat in 'n enkele week meer Afrikaans praat en meer vir Afrikaans doen as enige ander instansie. Verteenwoordigers van die NG Kerk en die ander lede van die NG familie, die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika en die Reformed Church in Africa, het op 'n vergadering oor kerkeenheid in Kaapstad 'n onderhandelingsbesluit geneem wat aanleiding gegee het tot die ontevredenheid van prof Pieter Potgieter, moderator van die NG Kerk in die Vrystaat. Dié besluit is dat naburige gemeentes van die drie Kerke deur streeksinodes in ringe gegroepeer word. Dié groepering sal in oorleg met die betrokke gemeentes ge skied. Bedieningsbehoeftes en taal kan in aanmerking geneem word. Ds Swanepoel sê hy vermoed dat sekere mense ontvrede kan wees met die gebruik van die woord kan in plaas van moet. Die besluit lui dat waar gemeentes dit verkies, hulle op grond van bogenoemde faktore by 'n ander ring ingeskakel kan word. Prof Potgieter het gesê as hy nie meer sy eie taal kan praat in die kerk waartoe hy behoort nie, het die prys van kerkvereniging te duur geword. Hy het gister gesê hy staan by sy standpunt.

'Verydel die doel'

Hy het gesê kerkeenheid bly vir hom geweldig belangrik, maar as dit een deel van die eenheid in die gedrang bring, verydel dit die doel van kerkeenheid. Ds Swanepoel het gesê die NG Kerk het 'n ryk geskiedenis dat hy die Christelike Evangelie in verskeie tale bedien. "Ek glo dit is 'n uitdaging aan die kerk om te besin op watter wyse in vergaderings taalgebruik só aangewend kan word dat dit tot voordeel van alle tale is wat in die vergadering verteenwoordg word." BEELD



Prof Bernard Combrink, dekaan van die Teologiese Kweekskool aan die Universiteit van Stellenbosch (links), saam met die kerklui wat by die Teologiese Dag van die Kweekskool opgetree het: dr Frits Gaum, di James Buys, Leonardo Appies en Freek Swanepoel.

- **Kontak met die RCA**

Ons het altyd ervaar dat hierdie kerk vanweë hulle herkoms ’n meer evangeliese spiritualiteit openbaar. Dit was verfrissend. Ook by hulle sinode kon ek groete oordra en vryelik aan hulle besprekings deelneem.

Tydens ’n kuier in Durban het ek toe gevra om ’n erediens van die gemeente RCA Chatsworth by te woon. My vrou

Marié het my vergesel. Ds Kisten Moodley, die Moderator van die RCA was daar predikant. Dis was ’n heerlike geestelike belewenis. Ek is gevra om die preek te lewer.

Na die sang en die res van die liturgie afgehandel is, is ek aan die gemeente voorgestel. Ek is gevra om op te staan en toe voel ek net dat die ouderling van agter my sy hand op my skouer lê en vir my en die boodskap bid. Dit was ’n onvergeetlike versterkende ervaring.

Na die erediens het ons eers saam met die gemeente gekuier en toe is ons na die Moodley’s se huis vir ’n aangename Indiese ete. Die kerriedis is spesiaal minder skerp voorberei. Hier het ek net weer besef hoe anders hulle situasie is. Die Christene was min en die gemeente klein. Dit het egter niks weggeneem van die teenwoordigheid van die Here en die werking van sy Gees nie.

Ek was die eerste Moderator wat by hulle besoek afgelê het en ’n erediens gelei het. Ons is geestelik verryk en liggaamlik gevul daar weg; diep getref deur die opregte gasvryheid. Die taal was ook nie ’n probleem nie, my eerste gemeente was darem in Salisbury, Rhodesië. Sy dogter was ’n dosent in Afrikaans by die plaaslike universiteie, so daar is ook Afrikaans gepraat.



Bo: My vrou na die erediens saam met ds Moodle Yen sy gesin.
Onder: By die Sinode van die RCA; hartlike mede-gelowiges.



Die atmosfeer was by tye maar gespanne. Hulle het gevoel dat hulle nie dieselfde aandag kry as die ander kerke nie. Die hofsake met die VGKSA het die gesprek bemoeilik.

- **Kontak met kerke in Afrika**

Tydens my besoek vir die feesvieringe van die SMA kon ek die KMAP(Harare) ontmoet. Op Kobus Koch se jaarlikse toer na na Midde-Afrika kon ek kontak maak met die KMAP (Malawi) en die IMR in Mosambiek. Saam met Willie Botha het ons in Kenia by Eldoret besoek afgelê en met Afrikaanssprekendes gekuier om die braaivleisvuur. Ek het by die RCEA gepreek. Fanie en Carol Kruger het ons onthaal en oral rondgery. Hy het ons oa die ou kerkgeboue van die NGK, die Ned Herv Kerk in Afika en die Geref Kerke gewys. So selfs in die vreemde het die afsonderlike Afrikaanse kerke voortgeduur. Die kerkgebou van die NGK is aan Baptiste verkoop toe die meeste van die ldmate vertrek het tydens die Mau-Mau moorde. Hier plaaslik het ons ook met kerke in Swaziland en Lesotho gesprekke gevoer.

❖ **Eeufeesvierings**

Dit was ook my voorreg om die eeufeesvierings van die SMA in 1995 te Bulawayo en die Sinode van Namibië in 1998 te Mariental by te woon.

# 5 ONGEKENDE ERVARINGS

Uiteraard het daar in die nuwe SA nuwe deure vir die NGK oopgegaan. Die skakeling met die owerheid, die kontak met kerke, onderwys en talle ander terreine. Die land is oorstroom met nuwe ambassades en skielik is die kerk genooi na geleenthede wat voorheen vir die kerk geslote was. Daar was vele plekke waar die NG Kerk deur sy optrede en teenwoordigheid eerste tree van versoening kon gee. Natuurlik was baie van hierdie geleenthede nie primêr op die terrein van die kerk nie, maar die kerk wou ook nie wegkruip in die nuwe demokrasie nie. So, uitnodigings was daar genoeg.

Gelukkig het ek uit alle oorde hulp en ondersteuning ontvang. Ek was mos die eerste Moderator wat 'n eie kantoor gehad het, en die wonderlike dienste van'n voltydse sekretaress Grimbeek. Die Algemene Sinode se reëling dat ek in die gemeente oor die dienste van 'n proponent beskik het, het aan my vryheid van beweging gegee. Die jongman Jan Bosman het goeie werk gelewer en ywerig huisbesoek gedoen. Die Kerkraad van Skuilkrans het wel gesorg dat ek darem my kwota preke lewer. Aan die Kerkraad, my kollegas en die Kerkkantoor my opregte dank. By die huis het my vrou Marié haar onderwyspos – en

pensioen – opgesê sodat sy volle aandag aan my kan gee om hierdie roeping van die Here na te kom. Ek deel graag 'n paar ervarings wat seker nie vir almal beskore was nie.

## Johan Heyns word vermoor

Op die aand van 5 November 1994, pas twee weke na die Sinode van Versoening, word ek laat nag deur Ds Pieter Strümpfer gebel. Prof Johan Heyns is in sy huis, by sy vrou Renee en kleinkinders koelbloedig en wreed vermoor. Ons gaan saam na die huis van Johan Heyns in Waterkloof, Pretoria. Oral is polisiemanne en alle ingange reeds af-gesper. Alles voel so onwerklik en onnodig. Die dag van klappers het vir ons 'n nuwe en diepgevoelde betekenis gekry.

Die volgende dag maak ons kontak met Renee en haar kinders om namens die NGK ons meegevoel en hartseer uit te spreek. Ek word gevra om Pres. Mandela te vergesel vir 'n besoek aan Mev Heyns. Hy dra namens die Owerheid en die hele land sy simpatie en skok oor. Hy onderneem om haar en vir my op die hoogte te hou met die ondersoek wat reeds begin het. Die familie vra my om by die begrafnis namens die NGK 'n woord te spreek. Dit word dus my eerste amptelike optrede namens die NGK, en seker die moeilikste van my dienstyd as Voorsitter van die ASK. Sy gemeente-leraar, ds Thys Vermeulen, word gevra om die preek te lewer. In ons gesprek wys ek hom op Johan se

Openingsrede by die AS in 1990. Hy het toe Joh 12:24 as uitgangspunt gebruik: "Dit verseker Ek julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een, maar as hy sterwe bring hy 'n groot oes in." Die vers het toe ook Thys se teksvers geword. Sy eie woorde van vier jaar tevore het in sy lewe waar geword.

Die teraardebestelling was vir die familie en 'n klein groep genooides. Die gewone houtkis wat met toue laat sak is en die eenvoud van die gebeure het die besef van die familie se groot verlies nog meer werklik gemaak. Woorde was min. Almal was stil. Net die Here se krag het geheers. Die kerkgebou van die gemeente van Universiteitsoord was stampvol. Hy was immers allereers 'n kerkmens en lidmaat van die NGK. Daar was egter ook baie hoogwaardigheids-besoekers en leraars van alle kerke, sy invloed het wyd gestrek. In my eerbetoon het ek Johan Adam Heyns geloof as 'n profeet wat by die oor van die kerk die Here se boodskap vir die NGK in SA met oorgawe en volharding gebring het. Die NGK se verlies was onbepaalbaar groot. Ek het ook 'n wyse raadgewer verloor.

Ek het in die tyd ook opgetree by die begrafnisse van Proff EP Groenewald en Riempies Prinsloo.

# Die NG Kerk word weer lid van die SARK



## NG Kerk onder applous weer terug in die SARK

6-7-95.

Alta van Wyk

EMOSIEBELAAIDE oomblikke het hulle gister op Vanderbijlpark afgespeel toe die NG Kerk ná 'n afwesigheid van langer as 'n halfeeu sonder teenstem as waarnemerlid terugverwelkom is in die geledere van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK).

Dr. Beyers Naudé het, kort nadat die voorstel onder luide applous gesekondeer is, 'n buitengewone spreekbeurt aangevra.

Sigbaar oorweldig, het woorde hom skielik ontbreek.

'n Byna gewyde stilte is kort daarna onderbreek toe die konferensiegangers spontaan in Engels die refrein, "This is my story, this is my song", van die hallelujalied *Blye versekering* begin sing het.

Daarna het dr. Naudé gesê: "Vir my is dit 'n diep roerende ervaring. 'n Oomblik waarvoor ek lank gebid, gehoop en gewag het, het gerealiseer. Ek dank God en ek dank u."

Biskop Duncan Buchanan van die Anglikaanse Kerk het in 'n kort gebed daarna onder meer gesê: "Seën ons op ons weg vorentoe as 'n groeiende en wonderlike familie".

Op aanbeveling van die uitvoerende raad van die SARK het ds. Sam Buti, assessor van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, die voorstel ingedien dat die NG Kerk met waarnemerstatus tot die SARK hertoegelaat word.

Prof. Piet Meiring, hoogleraar in sendingwetenskap aan die Universiteit van Pretoria, het die geleentheid as "aangrypend" bestempel.

Hy en dr. Willie Botha, waarnemende direkteur van ekumeniese sake en inligting van die NG Kerk, was sigbaar aangedaan in die konferensiesaal. Lees ook die berigte op bl. 2.




The president of the South African Council of Churches, Dr KHOZA MGOJO (centre) with the Moderator of the Dutch Reformed Church, D FREEK SWANEPOEL and Roman Catholic Church Bishop MANSUET BIYASE at a ceremony in Vanderbijlpark yesterday.

**SACC welcome for Catholics, DRC**

## Heilige ontbyt

Dit is wat 'n buurvrou die ontbyt van kerkleiers by ons huis genoem het. Op so 'n dag was van die bure by die vensters om die aankoms van die predikante in hulle kerkdrag en die broederlike omhelsings van die manne gade te slaan.

Die byeenkoms was al voor 1994 ’n gereëlde samekoms vir kerkleiers om mekaar geestelik te ondersteun en te beplan vir gesamentlike optredes. Na die sinode van 1994 is ek as Voorsitter van die ASK ook genooi en het Marié so een keer in ses maande haar beurt gekry om vir ons ’n heerlike plaasontbyt voor te sit. Glo my die komplimente het nie uitgebly nie en Marié kon dit goed en vriendelik doen. Sy het darem na die ete saam tee gedrink, terwyl die manne koffie gedrink het. Die geleentheid is deur die Aartsbiskop van die Katolieke Kerk, die Aartsbiskop van die Anglikaanse Kerk –met hulle kleurvolle lang klede en musse en ringe – en leiers van die AGS, Presbiteriane, Methodiste en Baptiste en Piet Meiring bygewoon. Oor een saak het ons heelhartig saamgestem: daar is niks so lekker soos brekfis en kuier nie. Vir my het dit ingelei in die optrede van die kerk in Pretoria, en die rol van die NGK; en die ondersteuning wat ons mekaar kon bied en selfs die oog wat ons op die politici gehou het. Die geloofsversterking het ek nodig gehad en ook die deure wat dit na ander kerke geopen het.

**Die Suid-Afrikaanse Raad Van Kerke**

Op 5 Julie 1995 het die ekumeniese deur toe weer oop-gegaan vir die NG Ker ken is waarnemerstatus aan die NG Kerk toegeken. Nogal saam met die RKK. Die groot drama was op 4 Julie toe die besluit geneem is. Daar was trane van vreugde. Die rol van persone soos Drr Bey Naude, Sam Buti, Mgoyo – die Voorsitter – en Brigalia Bam sal ek nooit

vergeet nie. Van die NG Kerk se kant is daar ook hard gewerk deur Piet Meiring en Willie Botha. Aan my is die voorreg gegee om die lidmaatskap in ontvangs te neem en ‘n paar woorde tot die Raad te rig. Na soveel jare was die NG Kerk weer tussen ander kerke van ons Here Jesus Christus. Dit was ‘n goeie begin vir ons ekumeniese skakeling.

Toe ek later die middag terug ry huis toe, tref dit my dat hierdie tree in versoening was en dat beide partye na mekaar getree het en bereid was om die volle pad te loop en nie op te hou voordat versoening bereik is nie. Dit was inderdaad die mees opregte, wedersydse versoening wat ek nog ervaar het.

Eintlik was dit ’n bloudruk vir al die onderhandelings met ons familie en ander kerklike liggame. Ongelukkig het dit met kerkeenheid nie so uitgewerk nie. Niemand was bereid om die eerste tree te gee en om te volhard totdat versoening bereik is nie.


NATIONAL CONSULTATION OF CHURCHES
IN SOUTH AFRICA
Towards Spiritual and Moral Healing of the Nation
Let us focus on Him who was born, died and rose again
Have a wonderful time as you enjoy His Birthday
Please pray for God's richest blessing
as we prepare for February 1999



By die Vredeskomitee in Pretoria saam met Aartsbidkop George Daniel (RKK) en Willie Botha.

**Kerkdiens met MK-soldate**

Die Kapelaan –generaal het my genooi vir ‘n besoek aan die kamp vir MK-soldate, noord van Pretoria. Ek is gevra om die erediens vir die manne by te woon. Die Sondagoggend is ek opgelaai en is saam met twee kapelane na Wahlmanstal. Met ons aankoms is ek voorgestel aan die MK-Kapelaan wat die Christene deur die jare bedien het. Hy was dankbaar om ’n mede-bedienaar te ontmoet, al was ek van die NGK. Aanvanklik was daar net ’n paar persone en

toe sê die MK-predikant: “Kom ons lui die klokke”. Dadelik het die aanwesiges begin sing en met hulle welluidende stemme het die klank van die Hallelujah in hulle taal vêr getrek. Na ‘n kwartier was daar so by die 500 persone en kon die erediens begin. Die Kapelaan het in Isizulu gepraat en daarom kon ek met my kennis van die taal redelik verstaan wat gesê word. Ek is aan hulle voorgestel as die Moderator van die NGK en is met applous verwelkom. In my hart moes ek toegee dat ek iets beleef waaraan ek voorheen nooit gedink het nie. Dat ek in die teenwoordigheid van die Lewende God was en tussen ander Christengelowiges het die gebeure onvergeetlik gemaak. Na die diens het ek aangenaam gesels – selfs in Afrikaans – met medegelowiges.

**Almal bid saam**

Pres Mandela het baie klem gelê op waardes en dat ‘the moral fibre of the nation’ sterk en gesond moes wees. By die geleentheid was daar parlementslede van alle partye, kerk- en besigheidsleiers teenwoordig. Die President het self die leiding geneem; op sy gebruiklike vriendelike manier. Hy het altyd eers gegroet; sommer so rond en bont, altyd op die voorname en met baie humor. Vir Constand Viljoen het hy gesê: “Môre, Constand, hoe gaan dit met die boerdery?” Vir my: “Môre, Freek gaan dit goed met die kerk?”

Ek is later gevra om die verrigtinge met gebed te sluit. In

teetyd het ek gou by Zach Makweba – vorige predikant van die VGKSA – gaan vra om my isiZulu te kontroleer; die Engels en Afrikaans kon ek op my eie baasraak. My gebed het toe so geklink:

Baba wethu osezulwini,
malingcweliswe igama lakho;
mawufike umbuso wakho;
mayenziwe intando yakho emhlabeni njengasezulwini;
Give us this day our daily bread
and forgive us our trespasses
as we forgive those who trespass against us.
Lead us not into temptation
but deliver us from evil.
Aan U behoort die koninkryk en die krag
en die heerlikheid tot in ewigheid.
Amen."

Groot was my verbasing toe die meesal swart gehoor inval en saam met my bid; baie van die begin tot die end. Die gebed was dus aan hulle bekend en is ook deur hulle gebruik in die jare van hulle stryd. Die President was skoon bewoë en het my onmiddelik 'n pos as ambassadeur aangebied.

**Ete saam met PWA'S**

Die eetsaal was pragtig versier en die ronde tafels met die silwer eetgerei het aanloklik gelyk. Aan elke tafel kon tien persone aansit. By vyf sitplekke is die naam van die gas netjies aangedui en op die ander vyf plekke tussen die gaste

het die naamkaartjie net gelees: PWA. Terwyl ons as gaste by ons sitplek gestaan het, het Mnr Thabo Mbeki, die Adjunkpresident het ingekom en saam met hom ’n groot groep wat verdeel het om hulle plekke in te neem. Toe hulle groet, stel elkeen hom of haar bekend as “Person with Aids”. Die boodskap het dadelik ingeslaan. Die bedoeling was seker om aan ons te beklemtoon dat iemand met Aids/Vigs ook ‘n mens is. Diep in my hart moes ek maar erken dat baie mense, selfs kerkmense die siekte direk met sonde en onsedelikheid verbind.

Ons het heerlik geëet en gekuier en weer met die hand gegroet. Ek is toe nie vanweë my kontak met die mense met Vigs besmet nie! Toe daar tyd was vir bespreking was daar ’n hartseer oomblik toe die ampsdraer van die Ortodokse Kerk met sy lang kleed so gereageer het: “God made Adam and Eve, not Adam and Steve.” Helaas, dit was nie net apartheid wat mense onbillik verdeel het nie.

**Om saam met Miriam Makeba te sing**

Op 27 April 1995 word ek gevra om by die feesvieringe van ons eerste Vryheidsdag by die Uniegebou te bid. Ek en my vrou Marié sit toe net langs die ‘Mother of the Nation’ Miriam Makeba. Ons gesels heerlik met mekaar. Omdat ek weet dat ek IsiZulu magtig is, daag ek haar toe uit dat ek na haar Afrikaans gaan luister en sy kan na my IsiZulu luister. Die huidige Nasionale lied was toe nog in wording, so ons het ‘’Nkosi Sikelele’ en ‘Die Stem’ gesing. Later het ons

mekaar geluk gewens met ons taalvaardigheid. Daar is geen ander manier waarmee ‘n vreemdeling my so kan beindruk as om my taal te praat nie. Die vingerete na afloop van die verrigtinge was ook aangenaam en het vele disse van mede-landsburgers ingesluit.

## Die DRC by die TRC

Op 17 November 1997 het ek toe namens die NGK op die WVK se Kerkeberaad ’n voorlegging gedoen. Net voor my het Biskop Leganyane – met 2 vol busse ondersteuners – sy bydrae gelewer. Saam met my was net Dr Willie Botha, een leraar van Oos-Londen en oom Fourie wat my vir ’n geruime tyd hiervoor geestelik ondersteun het. Vooraf het ek by die boekwinkel ’n kers gekoop met die woorde: “Salig is die wat suiwer van hart is”. Sien Hoofstuk oor WVK.



Aardsbiskop Desmond Tutu en ds Freek Swanepoel. 1995. (NGK).

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK · EEN LIGGAAM EN EEN GEES

## OORKONDE

aan

emeritus-aartsbiskop

## DESMOND MPILO TUTU

Liewe aartsbiskop Tutu

Dit is vir ons, die Moderatuur van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 'n diepgevoelde behoefte en 'n baie groot voorreg om hierdie oorkonde namens die NG Kerk aan u te oorhandig. Saam met miljoene mense – in ons land en in die buiteland – dank ons die Here vir u persoon en vir u voorbeeld, oor soveel jare heen. Maar ons wil u óók persoonlik bedank – om ten minste drie redes:

We want to thank you, firstly, for your **prophetic witness** in our country over many years. We have come to recognise in your voice the voice of the Lord, warning against the sins of our society – injustice, selfishness, racism and corruption – calling us to repentance and to a new life of love and obedience to Christ and his commandments, helping us to understand the implications of the message of the Bible for our everyday lives. It is never easy to be a prophet. There is often a price to pay, as you had to experience during the apartheid years – but you were willing to stand up for the truth, in the past as well as the present. We are grateful that your voice is still heard, unwaveringly, in South Africa today, challenging all of us to live according to the Biblical mandates of justice, integrity, and love.

Secondly, we want to thank you for your efforts to guide our country on the road towards **forgiveness and reconciliation and to the healing of the wounds of the past.** You will probably be remembered best for your role as chairperson of the Truth and Reconciliation Commission. We remember you, travelling from city to city, from hearing to hearing, embracing the victims, reaching out to the perpetrators and building bridges in a much fractured society. It had cost you dearly, also in terms of your own health, but you have taught us all by your example, what it means to be a wounded healer.

Derdens wil ons u uit ons harte bedank dat u **nooit moed opgegee het met die NG Kerk nie.** Tydens die apartheidsjare het u rede gehad om dié kerk wat nie net met apartheid saamgeleef het nie maar ook 'n teologiese begronding daarvoor gegee het, tot besinning te roep. U het dit vreesloos gedoen – maar altyd met deernis en met liefde. Toe baie gereed was om hulle rug op hierdie kerk te draai, het u na ons uitgereik om ons op die weg van herstel te begelei. Toe die sinodes van die NG Kerk begin het om sy lidmate op 'n nuwe pad te lei, was u daar om ons aan te moedig. Toe professor Willie Jonker by Rustenburg namens die Kerk die sonde van apartheid bely en om vergifnis gepleit het, was u die eerste om hom te omhels. Toe die destydse moderator, dominee Freek Swanepoel, voor die WVK verskyn het om die verhaal van die NG Kerk te vertel, het u as voorsitter die Kerk se berou oor die verlede en vasbeslotenheid om aan die toekoms van ons land te help bou, sonder huiwering aanvaar.

Baie dankie dat u nie net die Anglikaanse aartsbiskop van Kaapstad was nie, maar die geliefde "Arch" vir ons almal – ook vir die NG Kerk.

May the Lord bless you and keep you in good health for years to come. And please convey our admiration and gratitude to **Mrs Leah Tutu,** your wife, not only for her testimony and example, but for taking such good care of you over so many years!

Namens die Moderatuur:

Kobus Gerber

**DR KOBUS GERBER**
Algemene Sekretaris
Algemene Sinode van die NG Kerk

**STELLENBOSCH**
**4 MEI 2011**

## Die Koningshuis van Nederland

In 1996 bring die Koningshuis van Nederland, Koningin Beatrix, Prins Claus en die jeugdige prins Willem van Oranje, 'n eerste staatsbesoek aan SA. Hulle vra vir 'n gesprek met verteenwoordiges van die WVK, maar wil dit saam met 'n leier van die NGK, maw 'n kerk wat uit die stamland Nederland kom, bywoon. Daar bevind ek my toe in koninklike geselskap teenoor lede van die WVK. Prins Claus, wat as regsgeleerde gekwalifiseer het, het indringende vrae gevra. Aan die einde van die gesprek het die Koningin my toe gevra hoe die NGK die proses beleef. Gelukkig kon ek hulle meedeel dat ons die proses noukeurig begelei, goeie kontak met die voorsitter, Desmond Tutu, het en dat ons graag wil sien dat die proses slaag. Die kuier daarna met die koninklike famile was aangenaam en het veral op kerklike sake gekonsentreer.
Die aand het die koningin 'n konsert deur 'n plaaslike Nederlandse blaasorkes vir haar gaste aangebied.

## Gebede en ander gelowe

Seker die grootste verandering op godsdienstige terrein was die godsdiensvryheid wat die nuwe demokrasie gebring het. Dit was sekerlik ook die grootste vrees by baie Christene dat die kerk en by name die Afrikaanse kerk in sy aanbidding en werk ingeperk sou word.
Ons was gewoond aan landwye dae van verootmoediging en gebed, soos biddae vir reën.



So het dit gister by meer as een kerk in Pretoria gelyk toe duisende mense die biddiens om reën bygewoon het. Die Burgerspark-kerk in die stad was so vol dat 'n groot groep mense buite die gebou moes sit. Ds Freek Swanepoel het die diens gelei. Daar was sowat 3 000 mense by die diens(1972).

Vir baie was die gedagte dat godsdienste wat voorheen in toom gehou is nou die septer sal swaai. Die Naam van Jesus Christus as Here kan tog nie tussen en saam met ander name van ander godsdienste gebruik word nie. Dit is mos die een ononderhandelbare deel van die Christelike geloof.

Op die markplein en in die samelewing het dit die fokus op openbare gebed geplaas. Vroeër was dit vir ons natuurlik dat enige byeenkoms of vergadering met gebed geopen word; nou moes ander gelowe ook in ag geneem word en ook geleentheid tot deelname kry. Dit was veral van

toepassing op geleenthede van die Staat. Vir vele was afsonderlike gebedsgeleenthede die antwoord, maar dit sou onprakties wees. Tyd vir stil gebed sou ook nie die regte effek gehad het nie. Uiteindelik het die AS bepaal dat geen gebed die karakter van ’n gesamentlike intergeloofsaksie mag dra nie. Die deelnemer van die Christelike kerk moet die Drie-enige God soos in die Skrif geopenbaar, aanbid. Die eie aard van die Christelike gebed moet nie prys gegee word nie. Versoeke vir gebede van verskillende godsdienste het vinnig gekom. So is daar op die viering van die eerste Vryheidsdag, 27 April 1995, vier gelowe gevra om te bid, waarvan die NGK een was. Daar is ooreen gekom dat net in Engels gebid word. Toe die Moslem egter oorslaan en in sy eie taal bid, het die Ortodokse Jood ook ’n deel in Hebreeus en ek ook ’n deel in Afrikaans gebid. Die leraar van die Anglikaanse Kerk het net in Engels gebid. So het elke geloof seker aan sy eie voorskrifte probeer voldoen. Vir my was dit ’n wonderlike voorreg om in Jesus se Naam te bid en dat almal dit kon hoor. Die Parlement het wel die opsie van stil gebed en meditasie gekies, wat vir hulle seker die beste werk. Gelukkig was daar steeds die Christelike geleenthede waar daar net in Die Naam van Jesus Christus gebid is.

**Lief en leed**

As mense is ons aan albei ervarings blootgestel: lief en leed. As dit op dieselfde dag kom. kan dit traumaties wees. So ’n dag was 5 Oktober 1997. Dit was ’n Sondag, die Here se

Dag, en ek sou in die gemeente Kriel gaan preek. Maar dit was ook die doopgeleentheid van my tweede kleindogter. Nita was die oudste kind van my seun Freek en sy vrou Tiana. Wat 'n voorreg! Die gemeente in Oos-Transvaal het my hartlik verwelkom, trots daarop dat die Moderator uit hulle sinodale gebied kom. Die ander oupa en ouma was Frits en Nita van Eeden, oud-lidmate uit ons vorige gemeente Ermelo-Oos. Nita was rustig en het nie vir die doopwater geskrik nie. Van ons kinders was ook teenwoordig en na die diens het ons heerlik gekuier en ge-eet. In my besige kerkprogram was dit soos ‘n oase om in die gemeente die seën van die doop te beleef. Dit was versterkend eb inspirerend, en ek en almal by my was bewus van die Here se liefde.

Op pad terug na Pretoria lui die selfoon. Dit is Mos Venter. Skriba van die Kuratorium wat my meedeel van die tragiese dood van prof Riempies Prinsloo. Toe moet ek plek maak vir die leed van 'n dosent en vriend wat ons ontval het.
Daar was bewerings – onbewese – wat ons die Maaandag met hom sou bespreek. Leed en lief; doop en dood, vreugde en hartseer. Dit is die lewe. Nou was daar 'n nuwe besef van ons afhanklikheid van die Here en dat Hy in lief en leed teenwoordig is. So het die Here gesorg, in my openbare taak en my persoonlike geloofslewe. Die dag sal ek nooit vergeet nie.

**Blaaskans vir Moderators**

In daardie jare was daar by die Algemene Sinode en die 10 streeksinodes dus elf moderators. Die aanspreekvorm is net by sinodes gebruik. Daarna het die persoon as voorsitter van sy eie sinode se sinodale kommissie gedien. So dit was nie ’n eretitel of ’n hoër kerklike rang nie. Vir baie was dit wel so ’n trappie bo ’n “gewone” dominee van ’n gemeente. Eintlik was dat maar net nog ’n diensterrein waar ’n leraar in die bestuur van die kerk kon help.

Baie het dit gesien as ’n besondere prestasie wat ook besondere eer toekom. Ander het weer ongegronde verwagtings aan die “titel” geheg. Die person moes meer weet en meer doen. Dat die Here die moderator moes seën met wysheid en geduld en nederigheid was noodsaaklik. Die taak het sekerlik eksta druk op die leraar, sy huisgesin en sy gemeente geplaas.

Ek onthou dat daar in ’n teologie-tydskrif gewys is op die talle gevare wat die titel “moderator” inhou en die gebruik van die term is sterk veroordeel. Die grootste gevaar was dat die moderator iets soos die “Pous” van Rome kon probeer wees. Vir my was dit ’n aanspreekvorm wat lidmate verstaan het en gebruik het.

Elkeen van hierdie elf moderators het egter besef dat daar groter verantwoordelikheid op sy skouers rus – toe was dit

net mans! Pieter Potgieter het toe in sy eerste termyn ’n borg gekry vir so ’n “moderatorsbyeenkoms”. Die bedoeling daarmee was om die leraars eenkant te neem vir ’n blaaskans. Dit was nie ’n formele byeenkoms van die NG Kerk nie en het geen besluitreg gehad nie. Daar is heerlik gekuier, oor alles en nog wat gesels, en die geestelike kontak is geniet. Dit was ’n oase en heerlike bederf in ’n mooi en gerieflike omgewing. Die gasheer het gesorg dat dit die moeite werd is. Daar was slegs 2 vaste items, nl. Bybelstudie deur die moderator van die Algemene Sinode en dan is daar geleentheid gegee dat elkeen mededelings oor sy sinodale gebied mag doen. Dit was vir hierdie vrywillige dienaars van die kerk ’n ontspanne en motiverende wegbreek.

In my termyn kon ek 3 keer so ’n byeenkoms reël; eenmaal op ’n wildplaas en die ander keer op terrein waar films geskiet is. Dit was ook op ’n ou slagveld uit die Anglo-Boereoorlog. Omdat ek my bediening in die sinode van Midde-Afrika begin het, wou ek hulle graag daarheen neem. Saam met ons plaaslike borg het Dion van Dyk toe ’n borg in Zimbabwe gekry om daardie kostes te delg. Ons tuiste was ’n “houseboat” op ’n inloop van die groot Kariba-dam. Naas die gewone gebeure is die manne ingelyf in die kuns om tiervis te vang. Die malariapille het die manne

vroeg laat wakker word en dan was die koffie en gesels op die bo-dek net die beste medisyne.

Op die oggend dat ons na die hawe moes terugkeer is daar egter ‘n problem met die motor van die boot. Om betyds te wees vir ons vlug, sou ons self die reis na die hawe moes onderneem. Ons het dus 2 klein bote gehad vir 12 moderators. Deon het sy eie boot saamgebring, asook ons gasheer uit Zimbabwe. Vanweë ’n akute aanval van malaria/ migraine, was Cois plat in die bed. Die beste skipper onder ons was toe Pieter Potgieter.

Nou, op daardie groot land-see kan golwe nogal bedreigend wees. Deon en sy “platboomskuit” en sy bemanning het sopnat by Kariba aangekom. Pieter met Cois se groter boot het vir ’n “landrot” nie sleg gedoen nie. As die golf ons skeef slaan, moes ons probeer om iewers vas te hou om nie in die water te beland nie. Ons het darem die stryd teen die golwe en die tyd gewen en was betyds vir ons vlug.

Dit het my aan die dissipels laat dink wat ook op die See van Galilea bang geraak het. Die Here het ons bewaar en ons kon leer oor die onverwagse uitdagings wat die lewe bring. Die pyn oor my skof vanweë die skommel het 6 weke gevat om te bedaar.



Hierdie byeenkoms was by ’n golflandgoed, op vaste grond. Kyk hoe ontspanne is die hoogeerwaarde moderators.
**Agter:** Pieter Strümpfer, Lukas Meyer, Willie Bruwer, Pieter Potgieter, Hennie Grobler en Gert van Rensburg.
**Voor:** Freek Swanepoel, Pierre Jordaan, Tallie Sadler en Kobus van der Westhuyzen.
**Afwesig:** Deon van Dyk en ons borg, Anton le Roux.

## LIGTER OOMBLIK
## Wat sal jou pa hiervan sê?

Daar was baie ontmoetings met lidmate en leiers van ander kerke en gelowe. In die apartheidsjare was daar 'n sterk band tussen die kerke wat daarteen opgetree het. So het hulle 'n Christelike groet ontwikkel om hulle solidariteit met mekaar te bewys. Dit was 'n stewige omhelsing: eers na links en dan na regs. Anders as die "broederlike kus", het dit vir beide mans en vrouens gegeld. Dit het deel van my optrede geword om te omhels sonder aansiens des persoons: geslag of ras. By die oorhandiging van lidmaat-skap van die SARK was dit ook so. Die TV was teewoordig en nadat Dr Mgoyo my die gebruiklike "drukkie" gegee het was dit Brigalia Bam se beurt.
Kort nadat dit oor TV uitgesaai is, skakel 'n familielid met twee vrae: "Freek, wat sal jou pa hiervan sê? Omhelsings! En nogal met 'n vrou?"

Die Sondagaand stap ek van my motor na die kerkgebou. Van die oorkant kom een van ons leiers aan. Toe hy my sien, kies hy met spoed koers oor die grasperk, weg van my af.

# 6 SKAKELING MET DIE OWERHEID EN PRES. MANDELA

Die NGK het nog altyd erns gemaak om met die owerheid in gesprek getree. Daar was 'n tyd wat die band so nou was dat die NGK 'die Nasionale Party in gebed' genoem is. Dit is ook 'n feit dat die meeste lede van die Parlement lede van die drie Afrikaanse kerke was. Dit is interessant hoe lidmate verskil oor kontak met die owerheid. Sommiges wil deurloprnd kontak hê, en gereelde verklarings in die pers. Ander het weer so min as moontlik kontak verkies.
In die tydperk voor die sinode het mnr Mandela en die ANC ernstig kontak gesoek en behou met die Dagbestuur van die NGK. In die nuwe demokrasie het die aandrang tot kontak afgeneem. Die besoek van Pres Mandela aan die sinode het vir my effens as 'n verrassing gekom. Waar die NGK voorheen gou "by die agterdeur" kon inglip om met die owerheid kontak te maak, het dit na 1994 verander en moes die NGK maar geduldig sy beurt afwag.

Nou was daar ook politici wat sou toesien dat die kerk sy afstand hou.Die feit dat die NGK die leiding geneem het om afsonderlikheid Bybels te fundeer en om maatreëls wat dit in praktyk sou bring, ondersteun, was die NGK in die oë

van die vyandige wêreld die groot dryfkrag vir apartheid. Gelukkig was die NGK later ook die kerk wat sterk leiding geneem het om 'n demokratiese stelsel te vestig. So het die NGK voor 1994 reeds begin om met lede van die ANC te praat en ook vir Mnr Mandela te ontmoet. Die ANC-regering was in elk geval bewus van die sake wat vir die kerk en sy lidmate belangrik was nl. Christelike waardes, onderwys, moedertaal, die benutting van kundigheid en helaas regstellende aksie en die doodstraf. Die Diens Van Barmhartigheid het vanweë sy tehuise en sorg op baie terreine vroeg skakeling bewerk. Die vraag oor loterygeld vir maatskaplie dienste is natuurlik gevral. Ons is almal onkant gevang toe Johan Heyns sy standpunt stel, nl dat daar nie 'skoon' geld is nie, omdat alle mense volgens hulle sondige aardvan hulle geld verkeerd bestee. Gelukkig is die teendeel veral by gelowiges ook waar.

Met die skrywe van die nuwe Grondwet van die RSA het alle kommissies die opdrag gehad om insette te lewer. Die groot gesprekspunt was egter die aanhef van die grondwet. In die Gronwet van 1961 het die inleidende woorde gelui:

*'In nederige erkentlikheidteenoor die Almagtige God, Beskikker oor die lotgevalle van nasies en die geskiedenis van volkere* … Nou was die sterk aandrang van lidmate dat daar aan die begin van die Aanhef ten minste na '*Die Drieenige God Vader, Seun en Heilige Gees'* verwys moet word. Die meeste mense het gedink dat die ou Grondwet na 'n meer

persoonlike God verwys. Nodeloos om te sê, het die versoek nie veel ondersteuning gekry nie. Uit eindelik is die aanhef soos volg aanvaar:

Ons, die mense van Suid-Afrika,
Erken die ongeregtighede van ons verlede;
Huldig diegene wat vir geregtigheid en vryheid in ons land gely het;
Respekteer diegene wat hul beywer het om ons land op te bou en te ontwikkel; en
Glo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid.
Daarom neem ons, deur ons vryverkose verteenwoordigers, hierdie Grondwet aan as die hoogste reg van die Republiek ten einde –

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit; en
- 'n Verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Mag God ons mense beskerm.
Nkosi Sikelel' iAfrika.
Morena boloka setjhaba sa heso.
God seën Suid-Afrika.
God bless South Africa.
Mudzimu fhatutshedza Afurika.
Hosi katekisa Afrika.

Hieruit is dit duidelike dat ons 'n sekulêre staat geword het, wat alle godsdienste op 'n gelyke vlak hanteer.



Pres Mandela kon mooi glimlag en lekker gesels.

Die eerste gespekke met die nuwe owerheid het dan ook gehandel oor onderwys en die voortgang van maatskaplike dienste wat vir die NGK van groot belang was. Die doelwitte van die regering se HOP-program is altyd aan ons voorgehou. Op 2 November 1995 het die President die NGK na sy woning in Pretoria, Mahlamba-Ndlopfu, genooi. Slegs 4 lede van die Dagbestuur kon dit bywoon. Die President wou inligting verskaf oor die hofsaak teen genl. Magnus Malan en 10 ander afgetrede offisiere van die veiligheidsmagte. Die lede van die Dagbestuur het hulle besorgdheid uitgespreek dat dit die proses van versoening kan bemoeilik. Daar is ook gevra of die saak nie dan maar by die WVK kon dien nie. Die President het die versekering gegee dat alhoewel hy nie met die regsproses wil inmeng nie, dat die tydsberekening moontlik 'ondeurdag' was' maar dit wel vir die owerheid belangrik is om toe te sien dat almal gelyke behandeling sal ontvang. Ek het met gebed gesluit op versoek van die President.

Dit het byna twee jaar geneem voordat daar 'n amptelike ontmoeting tussen die Dagbestuut en die President plaasgevind het. As Pretorianer wat dikwels by die Uniegebou gekom het, was dit 'n emosionele vergadsring in die pragtige komiteekamer met sy stinkhoutpanele en soliede houtmeubels. Die volgende optrede wat my getref het, was dat die President, na dat almal bekendgestel is my gevra het om met 'n gebed te begin. Ons Agenda het die volgende

sake ingesluit: geweld en misdaad, doodstraf, regstellende aksie en die benutting van kundigheid, onderwys, taal, die WVK, druk op maarskaplike dienste.

Ten slotte is die President daarop gewys dat beloftes vir die nuwe SA nie vervul is nie end at dit positiewe lidmate negatief maak. Op hierdie stadium was my broer Louis – vorige sendeling en predikant – lid van die Raad van Provinsies. By hom kon ek navraag doen oor die sake wat vir ons belangrik is en watter sake eerste gehanteer moes word. Sy insig in kerk en staat en parlementêre inligting het ons baie gehelp om seker slaggate te vermy.

Later het ek ‘n video-opname van gedeeltes van die vergadering bekom en het weer besef dat dit nie ’n maklike gesprek was nie en dat die President die voorkeure van die owerheid met oortuiging gestel het met reguit en dikwels regstellende antwoorde. Sy vrae aan die afvaardiging was ook direk en het ons getoets.



## ‘Apartheidsverlede kry skuld vir alles’

PRETORIA. - Baie Ned Geref lidmate het ondersteuning gegee aan 'n verandering met die oog op groter geregtigheid en vrede. Nou is die ervaring in Suid-Afrika egter dat daar weinig erkenning hiervoor is en dat die apartheidsverlede en sy mense vir alles die skuld moet dra. Dit is die mening van ds Freek Swanepoel, moderator van die jongste Algemene Sinode van die NG Kerk, na aanleiding van 'n afvaardiging van dië kerk se samesprekings met pres Nelson Mandela verlede week hier.

'Hierdie gevoel word versterk deur die miskenning van Christelike waardes en oordrewe regstellende aksie. Dit kan op die lang duur lidmate se konstruktiewe bydrae tot versoening en vrede laat taan. Vir my was die belangrikste sein wat tydens die samesprekinge deurgegee is dié oor ons lidmate se gevoelens en gesindheid oor verwikkelinge in ons land,' het ds Swanepoel gesê.

Die NG Kerk roep sy lidmate op om vir die owerheid te bid, belasting te betaal, nie te staak nie en om elke medemens met waardigheid te behandel, het ds Swanepoel gesê.

Ds Swanepoel het bygevoeg dat daar, op pres Mandela se versoek, verdere gesprekke oor onderwys en welsyn sal volg.

- Nog 'n berig oor die samesprekings op bl 2.

Regs: Ds Freek Swanepoel en pres Nelson Mandela tydens die nuuskonferensie na afloop van die gesprek tussen die president en die NG Kerk-afvaardiging verlede week.

Beide ek en die President lyk nie te tevrede nie.

Die afloop van die vergadering het toe anders verloop as die aanvanklike vriendelike ontvangs. Toe ons die vergadersaal verlaat hoor ek dat hy vir die ontvangsdame sê: "Take them thru. H am coming." Ons is nag root hout deure begelei en toe die deure oopgemaak word besef ek die 'n perskamer. Dadelik het die kameras geflits en het ek besef dat daar nou 'n perskonferensie gaan wees. Ek moes seker daaraan gedink het. Die eerste vraag was of die NGK werklik die verandering van regering aanvar het en op watter wyses die kerk en sy lidmate saamwerk om 'n "beter SA vir almal te skep". Buitelandse verslaggewers het moeilike vrae gevra oor ons Bybelse boodskap en hoe dit verander het, restitusie en vrae oor die WVK. Die President het later langs my kom sit en aan die einge diplomaties ingetree vr die maatskaplike dienste van die NGK en dit al meer oopgestel word vir mense van alle rasse. Die tee was 'n lafenis, maar het nie die ervaring van die perskonferensie gestil nie (Artikel im plakboek).


Op 24 Junie 1997 het die President verteenwoordigers van al die groot godsdienste genooi vir 'n gesprek.Hy het begin om erkenning te gee vir die werk van kerke soos onderwys, hospitale en versorging van mense. Hy het 'n ernstige beroep gedoen om voort te gaan om mense se morele waardes op te bou. Hy het gevra vir geestelike transformasie en erken dat die owerheid nie veel sukses daarmee het nie. Hy het samewerking van die owerheid

gewaarborg maar ook gevra vir samewerking tussen godsdienste veral tov maatskaplike dienste. Die owerheid het ook sy voorkeur vir “intergeloof-aksies” bevestig. Later in 1997 was daar die gesprek oor Staatspresident PW Botha. (Sien artikel)Die gesprekke oor die generaals en Mnr PW Botha was seker ook daarop gemik om die NGK betrokke te hou by die werk van die WVK.

**Madiba se geloof**

Ons wou altyd weet oor ’n leier se geloof, veral die leier van Suid-Afrika. By twee geleenthede het persone hom gevra oor sy geloof. Dit is hoe ons geleer is; om mense te toets oor hulle geloof in Jesus Christus. Tog is ek ongemaklik daarmee as ’n leier voor ander so gekonfronteer word. Daarom het ek nooit aan hom so ’n vraag gestel nie. By beide geleenthede het Madiba dit rustig geantwoord deur te erken dat ’n mens geloof nodig het. Vir my was dit duidelik dat hy in die “struggle” saam met mense van alle gelowe gestry het en dat hy daarom verkies om nie een geloof bo ’n ander te stel nie. Hy het getuig van die invloed van die Methodiste Kerk op sy lewe. Hy het vele kere Christene laat bid, eredienste bygewoon en sy lewe het ook getuig van geestelike gawes en gesindhede. Vir baie was hy nie ’n oortuigde Christen nie, in elk geval nie op die tradisionele wyse nie. Ons weet egter dat dit die Here se terrein is; Hy red, Hy verander mense, Hy vul met sy Gees – vir my was dit voldoende.

Madiba was ook 'n mens, en dit was 'n voorreg om hom so te ervaar. Hy het gereeld met Nuwejaar goeie wense gestuur.



## Tee by Pres Mandela, na sy huwelik met Grace Machel

Omdat die bruilofgaste by die formele seremonie op sy verjaarsdag, 18 Julie 1998 te veel was, het hy die Dagbestuur later in Julie 1998 genooi om by hulle met sy nuwe vrou te spog. Dit was 'n aangename en hartlike geleentheid met pikante koekies en sterk tee. Die gebaar was tekenend van die wedersydse respek en welwillendheid wat tussen hom en die NGK bestaan het.

## My laaste besoek

Dit was my voorreg om in 2002 saam met Frits Gaum die President in Houghton te besoek. 'n Eksemplaar van "NG Kerk 350" is aan hom oorhandig. By ons aankoms het sy sekretaresse ons meegedeel dat hy net een person kan ontvang. Toe sy vir Frits binnelaat, het ek so gaan plaasneem dat hy my kon sien. Toe dit gebeur het hy onmiddelik deur die oop deur gesê: "Freek! Kom in."

Vir Frits het hy gou gesê:" Call me Madiba, that is my name."

Na 'n aangename gesprek is ons na buite om die boek te oorhandig en foto's te laat neem.

## Kykstof: die altyd-teenwoordige euwel

Besoeke oor praktiese euwels soos drank, rook, dwelms en dobbel was volop. Gelukkig kon ek die meeste van die persone en die euwels na Willie Botha by Leer en Aktuele sake verwys. Op ’n dag word ’n middeljarige man, met so ’n gekreukelde groot bruin koevert, na my kantoor gebring. Hy het daarop aangedring om met die Moderator te praat oor die euwel wat nog die kerk sal laat struikel. Toe die sekretaresse die deur toemaak, maak hy sy koevert oop. Hy plaas toe ’n pak tydskrifte voor my op my lessenaar neer Dit was meesal van die tydskrifte wat foto’s van skamel geklede vroue publiseer. Hy was baie ernstig oor die euwel en dat dit uitgeroei moet word. Sy betoog was dat daar geen sensuur meer bestaan nie en dat die NG Kerk ook nie genoeg doen om die euwel te bekamp nie. Hy het my tafel volgepak met oop tydskrifte. Van my kant af het ek dan weer die tydskrif toegemaak en in die koevert geplaas. My belofte dat ek die saak na Willie Botha sal verwys vir optrede, het hom tevrede gestel. Hy het egter daarop aangedring dat hy die koevert daar los, sodat daar behoorlike bewyse vir sy beswaar is. Toe hy weg is, was die ander personeel toe reeds weg. Daar sit ek toe met die dilemma: Wat maak ek met die tydskrifte? Los ek dit op die tafel of in die snippermandjie, dan kry die skoonmakers dit. Neem ek dit huis toe en ek maak ’n ongeluk sal die

koerante uitblaker dat die moderator ongewenste tydskrifte met hom saamry.

Gelukkig het ek die huis ongedeerd bereik, met die tydskrifte nog onoopgemaak. Daar kon ek dit ver-brand. Sjoe!

# 7 BESOEKE AAN BUITELANDSE KERKE

In 1996 tydens ons vakansie oorsee besoek ek 'n paar buitelandse kerke. Dit was immers twee jaar na die positiewe besluite van 1994 wat duidelik oor apartheid gepraat het. Binnelands het die NGK weer deel van die SARK geword en het ekumeniese kontak met kerke positief verander. Die gesprekke oor eenheid met die ander kerke ("dogters") het ook goed verloop. Lidmate het die oorgang na demokrasie goed hanteer en het die veranderinge geduldig en versigtig aanvaar.

Die tyd het dus vir my reg gevoel om in persoon die gesindheid van oorsese gereformeerde kerke te gaan beleef en te toets. Die Dagbestuur was egter nie oortuig daarvan nie, en daarom het ek net toestemming ontvang om gesprekke te voer, maar dit was nie amptelike kontak nie. Hulle het goedgunstiglik aan my daggelde toegestaan vir die dae waarop ontmoetings plaasgevind het.

## 1. EKD, HANNOVER, DUITSLAND

Op 10 Mei 1996 is ek deur Volker Faigle, die Hoofsekretaris ontvang. Na my inleiding oor waarmee ons DB mee besig is, het die vrae gevolg. Die ondertoon was maar om vas te stel of die NGK in gehoorsaamheid aan die Here ernstig is met

sy belydenis oor apartheid en wanneer daar kerkhereniging gaan wees. Ai, die verteenwoordiger van die Landeskirchen het my duidelik laat verstaan dat baie nog moet verander voordat hulle ons terugkeer tot WBGK sal ondersteun.
Na middagete kom daar 'n onverwagse wending. Volker vra my vrou, Marié, om by die vergadering aan te sluit. Dadelik verander die manne se liggamstaal en gesigte. Sy word gevra oor die rol van vrouelidmate en die nuwe situasie. Sy vertel met gevoel van die werkersklasse, die nuwe verhouding met huiswerkers, die kraamhospitaal in Mamelodi en die rol van vroue in die amp. Die vrae wat volg, is baie meer gematig en die res van die ontmoeting word een van verstaan en geestelike ondersteuning. Ek glo dat die gesprek die ys gebreek het en dat die kerke in Duitsland daarna meer begrip getoon het.

Die aandeel van Volker was enorm en by terugskoue onontbeerlik. Vir myself was dit 'n leerskool oor die gevoel van oorsese kerke teenoor die NGK.

## 2. WÊRELDBOND VAN GEREFORMEERDE KERKE

Die volgende stop op 13 Mei 1990 in Geneva, was uitdagend maar in 'n seker sin makliker, omdat ek reeds vir dr Milan Opocensky ontmoet het. Saam met dr Ehrens (Finansies) is ek onthaal met 'n heerlike middagete by 'n restaurant. Ons gesprek het gehandel oor die vereistes van die WBGK vir

hertoelating. Omdat daar ’n gesprek met die DB in vooruitsig was, het die klem daarop geval om my as nuwe Moderator te help om die doelwitte van die WBGK te verstaan. Die vrae, ook van dr Ehrens was meer om die gesindheid van die leieers van die NGK te toets. In die verlede is daar baie negatiewe uitsprake oor die WBGK gepraat. Die deelname aan die SARK is positief ontvang. Weereens was die onderliggende vraag of die NGK ernstig is en eerlik om die besluite van 1994 uit te voer, veral die vereniging met die VGKSA.

Vir my was die gesprek tekenend van die erns en doel-gerigtheid van hierdie formidabele geloofsliggaam. Hulle was ook ernstig dat 1982 se situasie omgekeer kan word as die NGK aan die aan die 3 vereistes vir hertoelating vol-doen.

Nadat ek weer op die sypaadjie gegroet is, het ek agter hulle oor die straat geloop vir my volgende besoek by die LWF.

## 3. LUTHERAN WORLD FEDERATION

Die LWF is is dieselfde gebou as die WBGK en hulle het my op 13 Mei 1990 sonder skroom in hulle kantore ontvang. Inteendeel, hulle het dit waardeer dat hulle ook besoek en geraadpleeg word. Die gesprek met Ms Ucko was ’n geestelike lafenis en het sommer weer hoop gebring. Ons was immers tov SA in dieselfde posisie en hulle het die

omstandighede beter verstaan. Sy was ingelig oor die Sinode van 1990 en het dank uitgespreek vir die besluite tot versoening en verandering. My persoonlike kontak met die ELC in SA oa deur die Filters het die kontak gemoedelik gemaak. Hulle het aan ons ondersteuning beloof en ook die wens uitgespreek vir nouer kontak tuis. Ons is as geesgenote uiteen.

## 4. PARYS

Op 22 Mei 1990 het ek 'n positiewe en verrykende gesprek met Cluade Baty Eglise Libre en André Nel van Eglise Protestante Evangéligue gehad en later die dag met Johan en Rita Bloemhof van die SA Gemeente: Franse Sending. Omdat beide laaste groepe kontak met gemeentes in SA het, is daar ook baie aandag gegee aan die geestelike en finansiële ondersteuning van hulle werksaamhede. Hulle stories aan ander Protestantse kerke – al is hulle klein gemeentes en min in getal – het ook bygedra om die veranderinge in die NGK te verduidelik en groter begrip te bewerkstellig. Die besoeke het tot wedersydse geestelike versterking gelei. Dit was wonderlik om te hoor dat daar uit SA verkondigers van Jesus se Evangelie is in ons stamlande wat in geloofsake baie verflou het. Die tee by Claude en die heerlike ete in die "Latin Quarter" saam met die Bloemhofs sal ons nooit vergeet nie.

## 5. THE CHURCH OF SCOTLAND

Op 27 Mei 1990 ontmoet ek ~~met~~ 'n afvaardiging van 5, onder leiding van Ren James L Wilkie, in die kerk se kantore in Edinburgh. Dis hoog geleë met 'n pragtige uitsig op die ou kasteel. Weereens het die feit dat ek nie amptelik gestuur is nie, 'n groot effek op die gesprek gehad. Die vrae het slegs oor die vereistes van die WBGK gegaan. Ons dankbare verbintenis met Skotse predikante in vervloë dae – dis nou die Murrays, Robertsons, ensovoorts – kon ook nie die atmosfeer ligter maak nie. Telkens het ek bewus geword dat hulle hul agtergrond en inligting uit SA kry, meesal by die VGKSA. Die algemene konsent was dat die NGK, wetende dat apartheid verby is en dat die nuwe SA gekom het, geen ander uitweg het as om te verander nie. Ons ernstige intensie en daadwerklike pogings met kerkeenheid was vir hulle nie genoeg nie. Hulle was ook versigtig om sonder ander lede van die WBGK hulle kleur te wys. Selfs die feit dat Johan Heyns dalk sy lewe verloor het vanweë sy sterk standpunte en optrede, het nie veel indruk gemaak nie. Toe aangekondig is dat die tyd verby is, het ek vanweë my moedswillige vasberadenheid gesê: "We at least succeeded that Pres. Mandela visited our Synod in Pretoria and delivered a speech." Vir 'n kwartier lank het die vrae ingestroom, en toe is ek gegroet. Tyd vir tee was daar nie gewees nie. Marié het die beste daarvan gemaak en die indrukwekkende "changing of the guards" oorkant die

straat gade geslaan. Vanweë die Skotse bloed in haar are het sy Skotse orkes en musiek baie geniet. Twee jaar later het die Moderator van die Skotse Kerk, Rev McEndoe, 'n welwillendsheidsbesoek in Pretoria afgelê, waartydens hy en sy vrou gaande was oor die wyse waarop hulle ontvang is en die openlike gesprek.

Omdat die GER in *Grand Rapids* op hande was, wou ek nie met lidkerke praat nie. Die ontmoeting met die "Methodist Church" in London is ter elfder ure afgestel.

**Gevolgtrekking**

- Dit was positief om die kerke in te lig oor die aksies in die NGK; die erns van die NGK om te vorder is sterk oorgedra.
- Ek het bewus geraak van frustasies wat oor jare opgebou het: die kerke het geleentheid gehad om te vra net wat hulle wil.
- Al die kerke het kontak gehad met die VGKSA en het hulle gevoelens geken.
- Standpunte van oa dr Boesak en dr Bey Naude het gewig gedra.
- Die kerke was kwaad oor apartheid, en vra 'n duideliker besluit.
- Hulle sou ons belydenis eers aanvaar as ons dade dit bevestig.
- Ons gehoorsaamheid aan die Here is al wat ons sal laat slaag.

# 8 PERSOONLIKE ERVARINGS MET BESOEKE OORSEE

Elke ontmoeting tussen persone kan positief of negatieg ervaar word. As Christene mekaar ontmoet kan daar seker verwag word dat dit deur albei partye positief ervaar word. As verteenwoordiger van die NGK – die apartheidskerk – kon ek seker verwag dat gesprekke met my/ons nie altyd positief sou wees nie. Tog sou mens darem kon verwag dat gesprekke tussen Christene die gees van Christelike liefde sou dra. Met die besef dat my belewenis eensydig kan wees gee ek tog iets weer van besoeke met verteenwoordigers van ander kerke.

1. My eerste oorsese kontak is met die **EKD in Hannover**. My gasheer was Volker Faigle wat ek reeds in SA ontmoet het. Ek word deur ‘n groep van 5 persone in hulle sentrum te woord gestaan. Langsaan in die raadsaal het die EKD se Hoofkomitee – so 25 lede – vergader. Vir middagete is albei groepe na hulle kafeteria vir middagete. Marié en ek het saam met Folker aangesit. Alhoewel ons by mekaar verbybeweeg het in die kleinerige lokaal, het nie een van die lede ons gegroet nie. Toe Folker ons na die tafel in die hoek neem en ons nie bekendstel nie het ek aanvaar dat dit so moet wees. My afleiding was dat selfs 2 jaar na ons

belydenis oor apartheid in 1994 ons nog nie "amptelik" vergewe is nie. Natuurlik was ek teleurgesteld. Ek was immers saam met gelowiges – ampsdraers – wat ook glo in Jesus Christus se genade. Gelukkig het Folker vir my en Marié hartlik ontvang en ons tuis laat voel. Sy sekretaress het die oggend vir Marié die pragtige stadstuine gaan wys en onthaal.
2. In **Geneve** ontmoet ek in 1996, op eie versoek, 2 verteenwoordigers van die **WBGK**. Ek word gevra om hulle op die straat voor hulle gebou te ontmoet. Vandaar stap ons na 'n restaurant vir ete en gesprek. Na die ete word ek weer oorkant die gebou gegroet. Die feit dat ek nie eens na hulle kantore genooi is nie, het my ontuis en onwelkom laat voel. Het apartheid nog steeds aan die NGK gekleef? Tog moes ek direk daarna by dieselfde gebou ingaan vir my gesprek met die Lutheran World Federation. Hulle het geen probleem gehad om my as verteenwoordiger van die NGK in hulle raadsaal te ontvang nie.

3. In 1997 het ek die voorreg om saam met Willie Botha die 23ste "General Council" van die **WBGK in Debrecen, Hongarye** by te woon, Die herstel van die lidmaatskap van die NGK was op die agenda. Daar moes dus deur stemming besluit word of die NGK voldoen het aan die voorwaardes van die WBGK oor apartheid. Dit sou die skorsing van 1982 ophef. Daar was 'n Raad wat die ondersoek moes afhandel en met 'n voorstel na die tafel kom. Ons het geglo dat ons

gevra sou word om voor die Raad te verskyn ten einde ons saak te stel. Ons is gevra om te wag totdat die Raad daarvoor gereed is. Na 2 aande se wag tot naby middernag, is ons meegedeel dat hulle ons nie te woord kan staan nie. Ons is die volgende dag deur 2 verteenwoordigers gespreek. Hulle het aan ons verduidelik dat die Raad nie tot eenstemmigheid kon kom nie en by ons gepleit om dit so te aanvaar. Ons is ook versoek om nie die saak in die Algemene Vergadering ter sprake te bring nie. Daar was heelwat lede wat in die wandelgange aan ons gesê het dat hulle oortuig is dat die NGK reeds voldoen aan die eise van die WBGK, oa lede uit Afrika. Hulle was immers naby om te sien of die NGK dit ernstig bedoel en sy beloftes nakom. Ons het as besoekers geoordeel dat ons nie die saak in die ope op die spits moet dryf nie. Die Raad sou wel met 'n voorstel kom wat volle lidmaatskap by die volgende by-eenkoms in 2004 moontlik sou maak. Dit het toe so gebeur, skynbaar om die vrede in die Raad te bewaar. Weereens was ek diep teleurgestel om so deur 'n vergadering van Christengelowiges behandel te word. Inteendeel, by tye het dit vir my op onreg aangekom. Ons het duidelik ervaar dat ons moet weet dat ons nie maklik vergewe sou word nie. Daar is wel aan my geleentheid gegee om in die Algemene Vergadering die voorstel vir 2004 in ontvangs te neem. Dit is blykbaar ook met groot swarigheid en onder protes deur sommiges aanvaar. Die optrede van die 2 afgevaardigdes

van die Raad; een van Amerika en een van Europa; was openlik en vriendelik en het sekerlik bygedra tot ons aanvaardinding van die verloop van ons saak.




Aan die woord by die WBGK in Debrecen.

## Afleiding? Dig 'n lied!

Soos reeds gesê, dig ek graag as iets my uitdaag. Toe die gereformeerde kerke een word in die Wêreldalliansie, vra hulle voorstelle vir 'n eie lied. Nou ja, om note te lees is nie my forte nie, maar ek kan skryf. Saam met 2 kundiges –

ds Jaques Louw en prof Albert Troskie – se hulp het ek toe ons lied ingestuur. Dit het toe nie die prys behaal nie; maar ek meen steeds dat dit gereformeerd is en behoort gesing te word. Probeer gerus. Dalk moet ek dit aanbied vir die verenigde NG Kerk van die toekoms.



4. Oor die gesprek met die **Church of Scotland** in 1996 is daar ook nie veel om te sê nie. Dit het gevoel of die uur wat hulle vir my afgestaan het te lank was. Van basiese christelike gasvryheid was daar geen teken nie. Op ’n stadium het ek gewens oom Andrew Murray was daar om my by te staan.

5. Die kuier by Francois en Olivia was na sommige van die besoeke, ’n lafenis. So ook die erediens by die **Gemeente London SA** op 26 Mei 1966. Dit is seker maar altyd makliker by jou eie mense in jou eie taal.

6. Daar was darem ook die aangename ervaring in **Grand Rapids**, tydens die vergadering van die **GER**. Op die Sondag is ek saam met ’n paar ander lede na ’n erediens van die **Reformed Church in America**. Hulle was nie deel van die GER nie. By die aansit aan die nagmaalstafel nooi die leraar toe enige gelowige wat uit Afrika kom om vorentoe te kom. Ek was die enigste, maar omdat ek geglo het hulle wou ’n persoon van kleur nooi, het ek bly sit. ’n Ander afgevaardigde staan toe op en kondig my met jota en tittel aan. So moes ek opstaan en kon ek as vreemde my plek aan die tafel van die Here inneem. Met my agtergrond dat die nagmaal net vir lidmate is, was die gedagte van ’n oop plek aan die tafel vir ’n vreemdeling, ’n wonderlike belewenis. Na die erediens vra ek die leraar vir ’n aandenking. Ek kry toe ’n papiergewig met die embleem van die kerk. Toe word

ek vir die tweede keer verras. Die embleem toon vele ooreenkomste met die van Oom Paul Kruger se Transvaalse Republiek, selfs die woorde: “Eendracht maakt macht”.


Die RCA was die eerste kerk wat die Hollanders in Amerika vir hulle lidmate gestig het. Die embleem is ook voor in die kerk teen die muur vertoon. Na die geestelike belewenis het ek dikwels ’n oop stoel vir “die vreemdeling” by die nagmaal gehad. Die gebruik dat die lidmate die tekens aan mekaar uitdeel met ’n bede van seën het ek ook nagevolg. My ontmoeting met lidmate van ander kerke het ook geestelike verryking gebring.

# 9 DIE WAARHEIDS- EN VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK/TRC)

Daar was in sekere kringe groot eenstemmigheid dat ons nie die apartheidsverlede net kon ignorer nie. Daar was egter ook dié wat gesê het dat die verlede verby is en dat ons nou nuut moet begin en vorentoe moet gaan. Daarom is die saak deur die Parlement gehanteer en is die "Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening" op **19 Julie 1995** aanvaar. Die doel met die WVK was om "nasionale eenheid en versoening" te bewerk.

Die Waarheids- en Versoeningskommissie het op 13 Februarie 1996 onder leiding van Aartsbiskop Desmond Tutu met sy werksaamhede begin. Piet Meiring, professor by die Teologiese Fakulteit, UP, het as lid gedien. Hy het my in Januarie besoek om my mee te deel dat hy gevra is om deel van die WVK te wees. Ons was ou klasmaats en het saam op die Ekumeniese Kommissie van die NGK gewerk. Ons het die saak bespreek en daaroor gebid. Ek was tevrede dat Piet die regte man was om met sy kennis van die pad van die NGK 'n beduidende rol in die WVK te speel. Vroeër is die Dagbestuur gevra om name voor te lê, maar geen van die name is aanvaar nie. Dit was vir my goed dat 'n leraar

van die NGK in die kommissie moes dien. Die koerant, *The Star* het gemeen dat my naam deurgestuur moet word, maar ek het gemeen dat my rol as Moderator my grootste verantwoordelikheid moes wees.



Prof Piet Meiring (regs), pas-aangestelde lid van die Waarheidskommissie se Komitee vir Vergoeding en Rehabilitasie, saam met aartsbiskop Desmond Tutu (links), voorsitter van die Waarheidskommissie, en ds Freek Swanepoel, moderator van die jongste Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk.

Die Dagbestuur is vroeg reeds by die proses betrek en op **19 Februarie 1996** het die Dagbestuur vir Aartsbiskop Tutu in sy ampswoning in Bishop's Court besoek. Ook dit was 'n nuwe ervaring om juis in die huis waar oa Joost te Blank gewoon het, ons gesprek te voer. In die ruim sitkamer met groot foto's van die vorige Aartsbiskoppe teen die mure, is

ons hartlik ontvang. Tutu het beklemtoon dat die houding van die NGK vir die WVK van groot belang is en ook die wens uitgespreek dat ons positief betrokke sal bly. In ons antwoord was ons versigtig en het daarop gewys dat ons ook die verantwoordelikheid het om die billikheid van die WVK te beoordeel. Ons sou immers baie lidmate op die pad moes begelei.




Die Moderatuur in Bishop's Court by Aartsbiskop Tutu.

Daar het toe ook moeilike tye gekom waar die NGK se hulp gevra is oa oor die SAW-generaals en Staatspresident PW Botha. Die Dagbestuur wou 'n veilge afstand hou om besluite te neem sonder om gekompromiteer te wees.

Ongelukkig was baie limate en Afrikaansprekendes baie skepties oor die werk en sukses van die WVK en of hulle onbevooroordeeld en met dieselfde oor na alle betrokkenes sal luister. Ek het geglo dat daar behoefte is aan mense om hulle verhale van lyding te vertel en dat persone wat oortredings begaan het, geleentheid kry om om vir amnestie aansoek te doen. Die naam van die Kommissie het natuurlik elke gelowige laat nadink; want albei woorde, *waarheid* en *versoening*, is sterk Bybelse woorde wat oproep tot aksie. Vir my was dit insiggewend en dit het my weer die terme in die Skrif laat nagaan. Vir vele gelowiges was dit juis die probleem dat 'n owerheidsinstansie moet bepaal wat waarheid en versoening is; net die kerk kan dit doen en dan net ogv Die Bybel. Ons was maar almal versigtig oor die WVK en hoe sy werksaamhede van die van 'n hof sal verskil.

Soos wat die gehore begin het, is al meer stories vertel en is mense geskok met dit wat tussen ons gebeur het en waarvan ons nie altyd geweet het nie. In my erns om te help dat die NGK sy rol korrek en ten volle speel, het ek toe besluit om *in cognito* en sonder dat die Dagbestuur my gestuur het, 'n verhoor van die WVK by UNISA te gaan bywoon. Dit was 'n aangrypende geleentheid. Dit was vreemd stil in die gehoorsaal. Mev Walters, 'n predikantsvrou van die NGK, se man, Fanie, is dood in die Kerkstraat-ontploffing wat deur vryheidsvegters uitgevoer is. Sy vertel met diep emosie en trane hoe moeilik dit is om 'n geliefde af te staan, selfs al

sou dit dan in landsbelang wees, maar sy het berusting gekry. Hy was ’n Kapelaan en moes in die gebou ’n vergadering bywoon.

Later kom ’n vrou van ’n dosent van die VGKSA aan die woord. Sy het op ’n plattelandse dorp in die Vrystaat in ’n gelowige huis groot geword. Haar broers het oortuig geraak van die onreg teenoor ander rasse en by die ANC aangesluit. Uiteindelik moes hulle vir hul lewe vlug en het in Lesotho gaan skuil. Daar is hulle deur die SA veiligheidsmagte opgespoor en doodgeskiet. Die informant wat hulle bewegings aan die Polisie gegee het, was die plaaslike NGK-leraar. Hy het ’n brief onderskep. Volgens Die Jaarboek was hy steeds aan die gemeente verbonde. Ek was stomgeslaan en hartseer, weens beide die vroue se smart. Aan albei die vroue het die kommissaris gesê dat hy aanvaar dat hulle die waarheid vertel het en of hulle nou tot versoening bereid sou wees en om die skuldiges te vergewe. Hierop het albei vroue sag en gebroke “Ja” gesê. Na die byeenkoms het die Here my oortuig dat die NGK iewers in die proses moet deelneem om versoening in die land te bevorder en om die verkeerde van die verlede te help vergeet en vergewe.

In die Algemene Sinodale Kommissie het die saak op die tafel gekom toe die WVK die NGK gevra het om ook voor die WVK te verskyn. Die vergadering het na ’n lang bespreking besluit om nie ’n voorlegging te maak nie. Vir

my in die voorsitterstoel was dit ondenkbaar en die besluit het my innerlik ontstel. Aan die begin van my termyn het ek aan die Here belowe dat sodra ek voel dat ek nie meer 'n verskil maak en sy doel met my verskiesing bereik nie, dat ek dan sou bedank en my werk waarvoor ek beroep is in Skuilkrans sou voortsit. Vir my het dit gevoel dat ek daardie punt bereik het. Na 'n paar oomblikke was ek weer kalm en het iets van my gevoel aan die vergadering oorgedra. Toe het ek, seker teen kerklike prosedures aangekondig dat ek revisie toestaan sodat die saak weer by die volgende vergadering behandel kan word. In die pers het van die lede hulle redes gegee waarom die NGK nie by die WVK hoort nie. Nadat die pers die amptelike besluit met groot geraas bekend gemaak het, het ek toe my redes verskaf, nl dat die kerk wat apartheid skriftuurlik begrond het nie nou kan swyg nie maar sy erns vir versoening moet wys deur wel na die WVK te gaan.



**Moderator: 'Om nou net te swyg sou dwaas wees'**

Ds. Freek Swanepoel, moderator van die NG Kerk (NGK), sê dié kerk is dit aan sy lidmate verskuldig om sy verhaal oor die landsgebeure in die laaste dekades feitelik op skrif te stel.

"Dit is 'n noodsaaklike aksie om lidmate – veral ons kinders en jong mense – te help om oor die positiewe en negatiewe van die verlede vrede te kry. Só 'n feitelike verhaal kan natuurlik ook in die werksaamhede van die WVK dien as getuienis van die NGK se betrokkenheid."

Ds. Swanepoel sê alle kerke het in dié tyd 'n verantwoordelikheid om daadwerklik by te dra tot versoening en om die wonde van die verlede te genees.

"Vanweë sy noue verbondenheid met die geskiedenis van die land en met apartheid sal die NGK ook nie ontkom aan die huidige proses van waarheid en versoening nie. Die erns van die NGK oor versoening sal primêr gemeet moet word aan die vordering met kerkvereniging in die NGK-familie."

Ds. Swanepoel sê só 'n geskrewe weergawe van die geskiedenis moet antwoorde gee aan alle lidmate, ongeag hul politieke geskiedenis en verbintenisse.

"Die belangrikste taak vir die NGK vanjaar sal egter wees om sy versoening sigbaar te maak en te wys dat daar empatie is vir elkeen wat onregverdig benadeel is. Hierin kan gemeentes en sinodes 'n groot rol speel."

Hy sê ten spyte van al die onrustigheid oor die WVK en die feit dat byna geen ander nie-regeringsinstansies voorleggings doen nie, sal die kerk sy roeping moet nakom om in raadpleging met sy lidmate sy rol te bepaal en te speel.

"Om nou net te swyg sou dwaas wees."

Beeld.

Daar is toe later besluit om die pad van die NGK op skrif te stel. Frits Gaum het geskryf en na die goedkeuring van die Dagbestuur is die boek, *Reis met apartheid*, in Augustus

1997 bekendgestel. Die boek is na die WVK gestuur en ook na ekumeniese liggame. Dit het egter nie veel opspraak gemaak nie en is amper gesien as “too little too late”. Selfs by die WBGK in Debrecen is dit nie aanvaar as genoegsame getuienis en belydenis van die NGK nie. Dit sou interessant wees om die standpunte van dié wat geskryf het, vandag te hoor. Die kerk is mos “versigtig soos die slange”, eerder as “opreg soos die duiwe”. Dit alles bewys dat ons nog nie apartheid volledig gedefinieer het nie. In getrouheid aan die NGK se sterk standpunt dat ’n leier binne besluite moes bly, het ek dit so aangebied wetende dat dit ontoereikend is.

Die WVK het aangekondig dat daar ’n Kerkedag gereël gaan word, waarheen kerke en ampsdraers genooi gaan word om voorlegings namens hulle kerke te maak. Toe die saak dus weer in Oktober 1997 voor die Algemene Sinodale Kommissie gedien het, is ’n voorstel aanvaar dat ek as Voorsitter wel namens die NGK ’n vooelegging kan maak. Dit sou egter nie ’n amptelike voorlegging wees nie. Vir my het dit gevoel of die vergadering as verteenwoordiges van die NGK sê: “Jy kan maar gaan, want jy wil graag. Maar jy staan persoonlik pa vir wat gesê word.” Vir my was dit genoeg en ek was dankbaar vir die geleentheid. Na raadpleging met die Dagbestuur en ander leraars, het ek toe op **17 November 1997** die vorrlegging in Oos-Londen gedoen. Toe die verslag in 1998 voor die AS gedien het, is daar soos

volg besluit: “Die Algemene Sinode neem met instemming kennis van die deelname van ds F Swanepoel in Oos-Londen aan die openbare getuienisgeleentheid van die WVK.”

Die NGK dra dus geen verantwoordelikheid vir die optrede en die inhoud van my voordrag nie. In kerklike taal beteken “kennis geneem” dieselfde as “nie goedgekeur” nie. Selfs die feit dat ek dit in die amp van Voorsitter van die ASK gedoen het, word nie vermeld nie. So ek het dit persoonlik en hoogstens as ’n limaat gedoen; so asof dit maar net ’n roepstem in die woestyn was – min het daarna geluister. Ek was egter tevrede en rustig dat ek nie teen die wil van die Here opgetree het nie, en dat dit tot voordeel van die NGK indie nuwe SA was en deel van ons profetiese verantwoordelikheid.

Die hooftrekke van my voorlegging was soos volg:

- Ek is deel van die mense en land Suid-Afrika en wil meewerk aan geregtigheid en menswaardigheid.
- Ek praat nie namens alle lidmate nie, maar daar is ’n groot groep wat positief is en wil versoen.
- Ons wil ander mense se pyn raaksien en meewerk aan die genesing van die gemeenskap.
- Ons wil saam met ander kerke werk aan opbou en versoening.
- Soos altyd wil ons mense geestelik en andersinds op-bou en ontwikkel; kinders, jongmense en oumense.

- Ons wil voorgaan om armoede op alle terreine te verlig en ons welsynsdienste uit te brei.
- Ons het die reis met apartheid afgehandel deur die besluite van 1986, 1990 en 1994.
- Die NGK vra om verskoning aan alle mense wat benadeel is in die tyd van apartheid.
- Ons droom van 'n land wat mekaar as God se skepsele aanvaar en elkeen bydra tot vredsame naas-bestaan.


EH2 4DU

BBC NEWS

You are in: World: **Africa**

Front Page
World

Wednesday, 19 November, 1997, 17:45 GMT

**South African church confesses**

Africa
Americas
Asia-Pacific
Europe
Middle East
South Asia

From Our Own Correspondent

Letter From America
UK
UK Politics
Business
Sci/Tech
Health
Education

The Dutch Reformed Church in South Africa, which had a powerful influence on the country's leaders during the years of apartheid, has confessed to great wrongdoings committed during the years of racial segregation.

Speaking on behalf of the church, the Reverend Freek Swanepoel, apologised to the Truth Commission, saying it was guilty of spiritual and structural injustices.

Most of South Africa's apartheid leaders were members of the Dutch Reformed Church, and it remains expelled from the World Council of Churches.

3 - 1996

DUTCH REFORMED CHURCH
GENERAL SYNOD

Soms het ek gewens dat elke leraar en lidmaat sy eie voorlegging kon maak oor die pad wat hulle geloop het.

Een van die Kommissarisse het aan my gevra of Kapelane die dienspligtiges vanuit ’n valse Bybelse standpunt tot die stryd gemotiveer het. My antwoord was dat daar wel nie altyd op die Bybelse grondslag van onreg gefokus is nie en meer op die aanslag van buite en die geregverdigde optrede teen Kommunisme.

Kort na my het dr Nico Smith van die VGKSA weer die verbintenis van die NGK en samewerking met die Afrikaner Broederbond beklemtoon. Die pers was nie heeltemal tevrede met die voorlegging nie en het toe die aantyging gebruik om die voorlegging af te maak as onvoldoende en oneg.

Ek is seker oor die egtheid van elke woord. Dit was immers steeds deel van my roeping en in volle afhanklikheid van die Here en sy Gees. Al was die NGK nie amptelik by nie, was ek steeds ’n geordende leraar wat ‘n opdrag van ’n amptelike kerkvergadering met welslae afgehandel het.

# NGK en WVK

Met sy optrede voor die Waarheid-en-Versoeningskommissie het ds. Freek Swanepoel, moderator van die NG Kerk, 'n prysenswaardige voorbeeld gestel.

Hy is die leier van 'n kerk waarin oor baie jare 'n gewetensworsteling was oor apartheid – wat tot skeuring gelei het, en selfs tot 'n geestelike verlamming.

Dit kos moed om, soos Swanepoel, op te staan en te sê: "Ons het ons mense oor apartheid verkeerd geleer."

In hierdie stadium praat hy nie namens die hele NGK nie. Pogings om hieroor eensgesindheid te bereik het tot dusver misluk, al was dit naelskraap.

Tog is dit gewaarborg dat Swanepoel se opmerkings opslae in die NGK sal maak. Hy het self gesê daar is twee gedagterigtings hieroor in die kerk.

Maar Beeld vermoed Swanepoel het lank hieroor gedink, gebid en met mede-Christene geraadpleeg.

Dit is soos dit hoort. Wat Swanepoel gedoen het, doen 'n mens nie om jou vriende, of jou vyande, tevrede te stel of omdat jy bekommerd is oor die geloofwaardigheid van jou kerk nie.

Jy doen dit omdat jy nie anders kan nie – omdat jy wil luister na die stem van Iemand soveel groter as jy. Jy doen dit ook net as jy werklik tot die oortuiging gekom het dat jou leiding ander mense laat struikel het, byvoorbeeld die NG lidmate wat in die laaste tyd by die WVK om amnestie aansoek gedoen het.

Sy voorbeeld sal ander hopelik nou ook inspireer om te gaan sê hulle is jammer oor die verlede.

Die NGK het lank die sogenaamd Christelike verskoning aan die Nasionale Party gebied om apartheid goed te praat. Mense beweer die kerk het eers tot ander insigte gekom nadat die NP ingesien het apartheid was verkeerd.

Maar nou het Swanepoel weer die voortou geneem. En Beeld glo die gevolge sal vir almal in die land heilsaam wees.

Leraars se ondersteuning in Beeld, 18.11.79.

# NG Kerk ernstig oor sy reis met versoening

**DR. JOHAN VAN DER MERWE, Ned. Geref. gemeente, Garsfontein,** skryf:

Die NG Kerk is baie jare lank as die sogenaamde Apartheidskerk gebrandmerk.

In 1996 het die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk die belangrike besluit geneem om die kerk se reis met apartheid te boekstaaf. Die publikasie het in Augustus verskyn onder die titel *Die verhaal van die Nederduitse. Gereformeerde Kerk se reis met apartheid: 1960 – 1994, 'n getuienis en 'n belydenis*.

Die doel van die publikasie was om te sê dat die reis met apartheid nou verby is en dat 'n nuwe reis, naamlik die reis met versoening begin het. In verlede maand het die reis met apartheid finaal by die regte adres geëindig toe ds. Freek Swanepoel 'n getuienis aan die WVK voorgehou het. Die reis met versoening moes in alle erns begin! Na my mening moet die besoek aan oudpres. P.W. Botha in dié lig verstaan word. In *Reis met apartheid* word gesê dat die reis met versoening beteken dat die NG Kerk gereelde samesprekings met politieke leiers oor die hele spektrum heen wil voer om daardeur 'n gesindheid van versoening te help bevorder.

Die besoek aan oudpres. Botha bewys dat die NG Kerk ernstig is oor sy reis met versoening. Ds. Freek Swanepoel het immers self bevestig dat dit 'n pastorale besoek is. Daarom mag ons nie, soos in die verlede gebeur het, allerlei politieke bymotiewe daarin lees nie.

'N WOORD ONDERWEG

# Versoening

Soos reddingswerkers in 'n myn ligvoets beweeg, behoort Christene lig te lewe. Die Here Jesus vra van sy navolgers om vry te wees van besittings se houvas op hulle lewe (Matt. 6:25-34). Jesus bevry mense ook van die swaar juk van wettiese godsdienstigheid. Maar hy nooi ons om hom in sy versoeningstaak te volg: "Neem my juk op julle . . . want my juk is sag en my las is lig" (Matt. 11:30).

Die NG Kerk se leier het ons land vandeesweek by die Waarheid-en-Versoeningskommissie voorgestel aan 'n kerk wat 'n dienskneg van versoening wil wees. Dis goeie nuus dat die grootste kerk van Afrikaners nou ook sy ware heersersmantel afgegooi het. Voortaan wil die kerk eerder met dade dien as om uit die hoogte voor te skryf.

Ds. Freek Swanepoel se moedige stap voor die WVK is 'n reuse-tree deur die NG Kerk. Deur die noodsaak van skuldbelydenis oor apartheid te erken en te eggo, is ons skuldlas ligter gemaak. Daarby het hy onomwonde erken dat kerkeenheid 'n prioriteit in die versoeningsproses is. Dit toon sy profetiese waagmoed want baie lidmate verset hulle nog teen hierdie skriftuurlike eis.

Daar is by die ratser NG Kerk nou 'n begeerte om met ander kerke saam te werk. Selfs samewerking (let wel, nie saamaanbidding nie) met ander gelowe oor gesamentlike doelwitte, is moontlik. Ons moet immers die vrede met alle mense najaag (Rom. 12:17–18; Heb. 12:14).

Die meeste NGK-lidmate steun waarskynlik dié versoeningsvisie van hul leier. AGS-lidmate, wie se leiers al verder gevorder het om die daad by die woord te voeg, is ook merendeels positief. Oral in die land is groepe Christene by versoening betrokke. "Visse" word nie bloot meer aan die hongeres uitgedeel nie, mense word betrek in "leer om self vis te vang"-projekte.

Volgens vroue-organisasies is meer vroue as tevore betrokke by opbou-aksies. 'n Toenemende aantal Christene het die moed om met minder besittings te leef en daardeur ander te kan help. Is 'n kultuur van spontane restitusie en heropbou dalk aan die ontwikkel?

Al die goeie tekens moet ons nie oorgerus maak nie. Wanneer jy dink jou dieet werk, is jy op die punt om weer lomp te word. Ons sal eerstens moet waak om die kerk se taak te beperk tot eredienste waarin lidmate met soetgoed "vetgevoer" word. 'n Ander gevaar vir die versoeningswerk is dat dit te onveilig word om dit te doen. Die geweldsmisdaad, maar ook die ontsnappings en selfs vrylatings van verkragters en moordenaars is nasionale vyande van die versoeningsproses. Die derde lid van die duiwelse trio is dat die slankheid van 'n diensgerigte lewe sal verdwyn onder die massa se keuse vir gemaksugtigheid en onbetrokkenheid.

Reddingswerkers dra wel 'n las. Dit is egter 'n ligte las met net dit wat nodig is vir die taak: Die lampe op die voorkop om donkerte te verdryf, gesonde proviand vir energie; sterk oorpakke vir beskerming; hamers om stutte van sekuriteit in te slaan; en medisyne om die wonde van ander te heel.

Deur **André van Niekerk**

Dit is natuurlik ongelukkig dat selfs die ANC, die IVP en die NNP nie die verslag van die WVK aanvaar het nie. Dit het ook aan skeptiese lidmate en ampsdraers die grond gegee om te sê dat die deelname van die NGK onnodig was. Gelukkig het prof Nelus Niemandt dit in 2014 weerlê met sy uitspraak dat hierdie optrede in 1997 ’n keerpunt vir die NGK was.

Die nuwe verhouding van ander kerke met die NGK en die vele terreine waarop daar samewerking ontstaan het, is genoeg rede om by terugskoue te aanvaar dat die optrede deur die Here geseën is. Dat ek dit kon doen, bly steeds vir my ’n teken van my liefde vir die Here, die NGK as my kerk en my land SA. Daar was natuurlik kritiek en snedige aanmerkings, maar dit het soos water op ’n eend/swanepoel se rug afgeloop.

# 10 VAN PRESIDENT NA STAATS-PRESIDENT

## Van Mandela na Botha

Toe ons op 10 Desember 1997 deur Pres. Mandela na sy ampswoning opgeroep word, het ons vermoed dat dit nie oor gewone sake is nie. Die uitnodiging was vir 'n "paar" lede van die NGK; en daar is toe besluit dat Pieter Potgieter (O-voors) en Frits Gaum (Skriba) my sou vergesel. Nadat ons vriendelik gegroet het, het die President ons ingelig dat dit oor die WVK gaan. Soos altyd het hy diplomaties begin deur die NGK te bedank vir my deelname aan die Kerkedag van die WVK in Oos-Londen. Die NGK kon die proses nou verder help deur die vorige Staatspresident, mnr PW Botha, te oortuig om die Kommissie te ontmoet. Ons was bewus van mnr Botha se onwilligheid om op versoeke van die WVK te reageer. Die President is meegedeel dat ons liewers nie die rol van boodskapper vir die WVK wou speel nie. Ons is uiteindelik uiteen met die aanbod en verstand-houding dat ons so 'n besoek sou oorweeg, maar nie om namens die WVK hul versoek oor te dra nie.

Toe ons groet, ek na my huis en die ander na die lughawe, het ons ooreengekom om daaroor te besin en die volgende

dag telefonies daaroor te besluit. Toe ek ’n paar minute later op pad huis toe na die nuus luister, hoor ek dat die Presidensie aangekondig het dat die Leierskap van die NGK ingestem het om met mnr PW Botha te praat oor die versoek van die WVK. My asem was weggeslaan, want ek het geweet die pers en sekere persone sal ons hieroor voor stok wil kry. Ek het onmiddellik op ’n veilige plek van die pad afgetrek en vir Frits Gaum gebel en die nuus oorgedra. Hulle was ook ontsteld oor die verloop van sake. Ek het onderneem om sodra ek by die huis is, met mnr Botha in verbinding te tree en dat ons die volgende dag verder gesels. By die huis het ek onmiddellik mnr Botha se kantoor gebel. Sy sekretaris het my meegedeel dat hulle ook die berig gehoor het. Mnr Botha het dit nie goed ontvang nie en die vorige Kapelaan-generaal, generaal Viljoen en die SAP-se Kapelaan-Generaal, ds Stoffel Colyn het reeds geskakel om hulle erge misnoeë te kenne te gee. Na my verduideliking het ons ooreengekom dat dit nodig sou wees om mnr Botha persoonlik hieroor te ontmoet. Die ander lede van die DB het hiermee saamgestem en daar is besluit dat Pieter Potgieter my op die pastorale besoek sou vergesel. Die oggendkoerant het toe reeds op die voorblad berig dat die NGK nou sy grense oorskry het. Daar was genoeg vername persone en ondersteuners van mnr Botha wat hul stem hieroor laat hoor het. Die NGK se lede se verklaring en weergawe is verwerp en ons is beskuldig van

gedienstigheid aan die President. Ai, dit was nogal ’n moeilke situasie; ek meen die President het dit doelbewus gedoen om ons en mnr Botha in ’n hoek te dryf. Oor die feit dat ons in opdrag van die President gehandel het, was natuurlik nie onbekend by ons nie. As NGK is leiers/ moderators ook by tye ingeroep deur ’n Staatspresident om verantwoording te doen oor uitsprake wat gedoen is, bv Cottesloe, Rustenburg, ensovoorts. Die pers het my gepla om die datum van die besoek te kry. Op Saterdag **15 Desember 1997** het ek toe na George gevlieg. Pieter Potgieter het my kom haal en na sy huis in die Wildernis geneem. Vandaar het ons te voet – so 300 m – na mnr Botha se huis gestap. So kon ons ongemerk ons afspraak nakom.

Ons is deur sy dogter Elanza ontvang en na die sitkamer geneem. Die gesprek is ook bygewoon deur ds Hanie Venter en dr Marius Potgieter van die plaaslike gemeente, Die Vleie. As moderator, en in my gemeente het ek nie meer in persoonlike ontmoetings met ’n gebed begin nie, maar eerder met ’n gebed gesluit, indien die ander persoon dit ook verkies. Daarom is daar nie aan die begin gebid nie. Nadat ons gegroet het, was sy eerste woorde aan my of ek, soos die Kerkorde bepaal, toestemming van die plaaslike Kerkraad het om hom as lidmaat te besoek. Hierop het ek “Ja” geantwoord, omdat ek dit so gereël het. Hierna het hy hom na Pieter Potgieter gedraai en hom weereens herinner

aan die groot skade wat die Rustenburgberaad en –belydenis die land en die kerk berokken het. Daarna het hy my aangespreek en gesê dat hy my nie ken nie, maar dat hierdie optrede van my geensins strook met die leier van 'n kerk nie. Hy het sy misnoë uitgespreek en ons laat verstaan dat hy by magte is om sy eie sake te hanteer en dat sy relasie met die WVK nie op die terrein van die kerk lê nie. Hy het ons duidelik laat verstaan dat ons die grense van sy persoonlike sake oortree het en dat hy glad nie daarmee tevrede is nie. Ons weergawe van die gebeure het reaksieloos in die lug gehang. Hiermee was die gesprek oor die sake van die WVK afgehandel. Sy dogter het tee en koek ingebring en gevra of die kerk darem al vir hom gebid het vir die moeilike situasies waarin hy as vorige Staatspresident geplaas is. Hierop het hy geantwoord: "Nee!" Hierna het ons verder oor ditjies en datjies gepraat; oor die omgewing en plaaslike gebeure. Die plaaslike leraars het ook saamgesels. Ek het wel die geleentheid waargeneem om hom te verseker van ons leierskap se meelewing en gebede in die gebeure rondom sy persoon. Selfs die verwysing na my vrou, Marié, se ouma wat verskeie uitrustings vir Mev Elize Botha gemaak het, het niks aan die atmosfeer verbeter nie. Na die tee het ek gevra of ons die geleentheid met 'n gebed kan afsluit en dat ek sy leraar gevra het om dit te doen. Effens onkant betrap, het hy darem hiertoe ingestem. Ons is by die agterste hekkie uit en het om die

draai gestap voor die manne van die pers ons kon voorkeer. In my boekesak het ek 'n boek van 'n vriend van mnr Botha, Bill Heunis, gehad. Hy het gevra dat ek mnr Botha moes vra om voor in die boek sy handtekening te gee. Die vrymoedigheid het ek nie gehad nie, en die boek is ongeteken terug na Pretoria.

Terug by Pieter het ons maar ons wonde gelek en probeer rustig raak. Die volgende dag by die Geloftefees in Silverton het ek na afloop van die verrigtinge aan 'n verslaggewer 'n afskrif van die besoek en my feesrede gegee. Sy was baie teleurgesteld dat ek haar nie voortydig oor die besoek ingelig het nie.

Dit was seker die mees onbillike en onvergenoegde gebeurtenis in my 4 jaar as voorsitter. Nie een van die landsleiers het my beïndruk nie. Staan daar nie iewers geskrywe: "moenie president vertrou nie"?

Sic vita hominum est.

# 11 BAKENS VAN VERSOENING

Dit is logies dat die NGK wat apartheid bybels geregverdig het, direk aangespreek is en kerklik uitgeskakel is. Juis daarom het die stemme van versoening en ondersteuning soveel meer vir die NGK beteken. Daar is ook treë van versoening na die NG Kerk gegee.

- Toe Pres. Mandela die AS in 1994 toegespreek het het soos volg gesê oor sy ontmoetings met die Dagbestuur: "Elke keer was ek beïndruk met hulle ernstige soeke na vreedsame en regverdige oplossings vir ons land se probleme."
- By die SARK word die voorstel dat die NGK weer as waarnemer toegelaat word, word die voorstel deur Ds Sam Buti gemaak en deur Dr Bey Naude gesekondeer. Albei was fel kritici uit die geledere van die NGKA. Oom Bey het sy belewenis soos volg beskryf: "Vir my is dit 'n diep roerende ervaring. 'n Oomblik waarvoor ek lank gebid gehoop en gewag het. Ek dank God vir die wonderwerk." 05/06.07.1995
- Op 7 Julie 1996 hou Christelike kerke 'n massage-bedsbyeenkoms by die Uniegebou. Michael Cassidy tree op namens **African Enterprise**. Voor sy gebed vra hy namens Engelsprekende Christene die

Afrikaanse Christene om verskoning vir onregverdige uitsprake en optredes in die verlede.

- Aartsbiskop Desmond Tutu tree in 1996 af en by sy afskeidsdiens in die impossante St. George's Katedraal maak hy tyd om in Afrikaans die NGK se belydenis oor apartheid opnuut te aanvaar en vra ook dat daar vergifnis vir die NGK moet wees.
- By die Kerkeberaad van die WVK in November 1997 het Dr Tutu gemaan: "Ons (die ander kerke) het nodig om te bely dat ons dikwels arrogant en hard was in die wyse waarop ons die NGK verwerp het. Ek erken dat ons optrede teen die NGK selfregverdigend kon gelyk het. Ons saak was reg maar ons vra verskoning vir ons optrede".
- In sy voorlegging namens die Anglikaansa Kerk het Biskop Michael Nuttall erken dat sy kerk in die verlede maklik en met 'n moreel hoogmoedige vinger Afrikaner-Nasionaliste veroordeel het vir hulle vooroordeel en trots. Hy het erken dat Engelse vooroordeel en trots in die verlede net so na aan die oppervlakte gelê het. "Ons skuld op 'n vreemde manier die Afrikaners 'n apologie." Hy het gevra dat Piet Meiring die apologie in ontvangs neem en aan die Afrikaners oordra.
- Na my voorlegging op **17 November 1997** het Dr Desmond Tutu gesê: "Ek weet van al u pogings om

vandag hier te wees; dat u persoonlik graag 'n voorlegging wou maak. (Afr) Dis geweldig om julle hier te hê. 'n Groot stuk genesing het alreeds begin plaasvind. Ek is bly julle is deel van die proses van versoening." Hierna het hy ds Freek Swanepoel gevra om 'n gebed te doen – 'n eerste – en daarna opgestaan, van die verhoog gestap en die Moderator van die NGK omhels.

- Daar was ook in verskeie gemeentes geleenthede gereël om 'n hand van versoening na die "nuwe Suid-Afrika" uit te reik.
    - Op Sabie het Johan Els vir Mnr Phoza en sy vrou by 'n erediens as premier van Mpumalanga verwelkom.
    - By 'n erediens in Lynnwoodgemeente vra Ockie Raubenheimer vir Desmond Tutu om verskoning.
    - Grootte Kerk, Kaapstad nooi vir Pres. Mandela na 'n erediens om vir hom en die owerheid te bid.
    - André Bartlett ontvang oom Bey Naude in Aasvoëlkop, sy ou gemeente. Hy preek, word weer lidmaat van die gemeente en skenk sy toga aan André. Tannie Ilse het nooit haar lidmaatskap opgesê nie.
- Die media gee die boodskap van versoening deur.

# Toekomsbouers

IN 'n land wat binne 'n paar jaar ingrypend verander het, en vorentoe nog meer gaan verander, is dit vir Afrikaners nodig om kennis te neem van die Geloftedagboodskap van ds. Freek Swanepoel, moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

Hy het 'n beroep gedoen op Afrikaners om hulle op elke terrein van die lewe meer as ooit onmisbaar te maak. Hulle moet vreesloos hul geloof uitdra. Hulle moet hul onderlinge verdeeldheid los. Hulle moet sonder hulp van ander hul taal handhaaf, hul volksfeeste vier en hul jeug lief maak vir hul kultuur. Hulle moet openhartig aan onderhandelinge deelneem, saam skryf aan die Grondwet en help kyk dat die Waarheidskommissie sy doel bereik.

Dis 'n hele mondvol. Maar as dit nie gedoen word nie, het die Afrikaner net homself om te blameer as hy ondergaan. Hy moet op elke terrein betrokke raak en bly en dít waarop hy self aanspraak maak, ook gun aan ander groepe met soortgelyke behoeftes.

Bo alles sal die Afrikaner in 'n land waar apartheid amptelik verdwyn het, deur voorbeeld moet bewys dat die bewaring en handhawing van eie kultuurgoed niks met rassisme te doen het nie en geen bedreiging vir Suid-Afrikanerskap inhou nie.

# 12 ALGEMENE SINODE

## 11–17 OKTOBER 1998

### Vooraf

Die lewe staan nie stil nie, en vir my het die 60ste verjaarsdag aangebreek. Marié het 'n heerlike aand beplan waar ons met familie en vriende kon kuier en smaaklik eet. Die hoogtepunt was dat my hele gesin en 3 kleinkinders dit kon bywoon.

Wat kan 'n mens meer vra? Onverdiende genade! Die kleinkinders is, Nita, Klarisa en Rikus.



## Die opening met Nagmaal

Die Agendakommissie wat die sinode beplan, het die verkort na een week en ook die program aangepas. Voortaan sou 'n sinode op Sondagaand met Nagmaal in 'n gemeente begin. Dit het toe aan my die wonderlike afsluiting moontlik gegee dat ek my taak met 'n preek afhandel.

Om al die afgevaardigdes en besoekers in Skuilkrans se pragtige kerksentrum te ontvang, was louter vreugde. My preekteks was Mark 9:33-37, 10:35-45, en my tema, *Grootheid deur diens*. Na 4 jaar se rondbeweeg in ons land, was ek oortuig dat die Christelike dienskneggestalte die NG Kerk die beste sal pas. Daar was soveel geestelike en tydelike nood en geleenthede vir hulp en opbou. Dit was 'n onvergeetlike diens, want nêrens het ek my roeping so gevoel en beleef as op 'n preekstoel nie. Ek was weer tuis, in my gesin, in my gemeente, in die Here.



Ek, Marié en ons tweeling, Rina en Marié, by die opening van die sinode.

Die Nagmaal is deur my kollega, dr Jan Bisschoff bedien en ons gas by die tafel was dr Russel Botman. Dit het my ook die geleentheid gegee om my gesin en my gemeente te bedank vir die wyse waarop hulle my in die 4 jaar gedra het.

Na die diens het ek en my mense tuis ontspan en daarna soos die Psalmrigter sê, het ek gaan lê en meteens aan die slaap geraak.

Die volgende dag sou ek weer net ’n afgevaardigde wees, soos 400 ander lidmate. Die Here het voorsien, vir 4 onvergeetlike jare, en Hy sal dit weer doen vir die NGK. Vir 4 volle jare het hulle my ondersteun.

**DIENSKNEG-GESTALTE PAS NGK NOU BESTE –MODERATOR BEELD**, 12.10.98

PRETORIA. Die NG Kerk moet anders oor homself dink as voorheen. Al sou dit waar wees dat die Kerk in die versoeking was om aan homself as 'n groot en magtige kerk te dink, pas 'n dienskneg-gestalte hom nou die beste.

Met dié woorde het die uittredende moderator van die Algemene Sinode, ds Freek Swanepoel, hier die tiende vergadering geopen van dié sinode, wat Saterdag ten einde geloop het. “Ook die ideaal van groter sigbare kerkeenheid moet deur die dienskneg-gestalte gesoek word. Dit kan nie bereik word deur mag of oorheersing nie, maar deur diens. Meer klem moet op wedersydse verryking geplaas word,” het Swanepoel na aanleiding van Markus 9:33-37 en 10:35-45 gesê.

Die NG Kerk het volgens Swanepoel in die verlede groot dinge gedoen “en kan steeds 'n groot rol in Suid-Afrika speel”'. In dié verband bly die hooftaak van die Kerk om God se Woord te bedien. “In 'n tyd van sedelike verval en in 'n gemeenskap waar misdaad en geweld hoogty vier, moet die verlossingsboodskap op alle moontlike wyses uitgedra word.”

Daarbenewens moet die Kerk die samelewing help om van haat en vyandskap ontslae te raak en om mekaar as medemense te aanvaar. Die Kerk moet sy belydenis opvolg met dade van versoening en mense laat handevat om 'n beter toekoms te bou. In dié proses moet gemeentes nuwe terreine betree om ook die tydelike nood van mense te verlig, soos die miljoene armes, gemolesteerde kinders en vigslyers, het Swanepoel gesê.

Die moderatuur word môreoggend verkies. Swanepoel mag nie 'n tweede termyn as moderator dien nie. Hy mag wel tot die moderatuur verkies word.

**VERKIESING VAN MODERATUUR**

Dit was met gemengde gevoelens dat ek my plek tussen die afgevaardigdes ingeneem het. My termyn was verby en 'n ander Moderator moet verkies word. So is daar 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan. Ook was daar diep in my gemoed vrede dat ek met die gawes wat die Here my gegee het, myself ten volle gegee het. Natuurlik was daar sake wat toe nie voltooi is nie en sake wat verkeerd verloop het, maar saam met die Dagbestuur het ons ons beste gegee. Die voorreg wat die Here my gegee het, was immers onverdiend

Tot by hierdie sinode is die vorige Moderator gewoonlik as Assessor verkies. Toe gebeur dit nie met my nie. Net Pieter Coertzen is herkies as Aktuarius. Frits Gaum het na 8 jaar as hardwerkende skriba die tuig neergelê. Pieter Potgieter is

toe as Modarator verkies en Cassie Carstens as Skriba. Pieter was dus die eerste person wat twee termyne as Moderator gedien het. So ’n optrede kan seker as ’n duidelike aanduiding dien dat die afgevaargdigdes nie genoeg vertroue in my kon stel vir nog 4 jaar nie. Dit was nou nie heeltemal ’n verrassing nie omdat daar in die wandelgange tog stemme was wat gemeen het dat die Moderatuur vernuwe moet word. Daar was ook ’n week voor die AS ’n Buitengewone Sinode van die OVS, waar bg sentiment glo sterk geloop het. Op die eerste 2 dae is ek egter by drie geleenthede deur lede van OVS eenkant geneem en is ek verseker van hulle waardering vir my leiding en dat hulle jammer is oor die verloop van sake. By die een geleentheid het ’n professor van die Teologie-Fakulteit my in die perskamer aan die skouers gevat en met trane in sy oë gesê: “Freek, ek vra jou om verskoning.” Die rede vir hierdie optredes is nooit aan my meegedeel nie. Die sinode het ’n duidelike tree gegee.

My tyd was verby en ek moes konsentreer op die verslae wat ek nog aan die vergadering moes voorlê, veral die van die ASK. My gemeente, my primêre roeping, het op my gewag en later sou ek besef hoe positief dit was om my laaste 5 jaar in die bediening Skuilkrans as my eerste prioriteit te beleef.

## Herstel van lidmaatskap van die WBGK

My vreugde het geen perke geken nie. Ons pogings was nie nutteloos nie en die Here het op sy tyd gegee dat die saak van apartheid deeglik en finaal hanteer is.

By die volgende vergadering van die WBGK sou die NGK weer volle lidmaatskap geniet.

Toe ek dr Milan Opocensky agter in die gang groet, het hy gesê: "Thank you for your hard work and honesty."

- **Apartheid**

  In die finale definiëring van apartheid was daar kommer oor die klag van kettery en die effek van 'n "status confessionis".

  Na die toeligting van dr Opocensky dat die 2 sake nie op die tafel is nie en dat die WBGK net vra dat die NGK saamstem met hulle uitsprake oor apartheid, is die saak vinnig afgehandel.

  Daar is besluit om die WBGK se bewoording as 'n belydenis te aanvaar, nl.: "rejects apartheid as wrong and sinful not simply in its effects and operations but also in its fundamental nature", en ook die WBGK se definisie van apartheid: "that is, the forced separation of people of different races denying the fundamental biblical teaching that all humanity is equally created in the image of God". Hierdie

erkenning is ook as ’n belydenis gesien wat die “status confessiones” ophef.

Hiermee is 12 jaar se worsteling deur gesprekke en geskrifte uiteindelik beëindig en het die sinode apartheid eerlik veroordeel. Dit het ook weer die ekumeniese deure laat oopswaai. Ongelukkig is die besluit nie in Afrikaans oorgesit nie en is dit ook nie so aan gemeentes in duidelike taal deurgegee nie. Die kernfout met apartheid was natuurlik dat ons Die Woord van God gebruik het om ’n politieke stelsel te regverdig. Enige een wat nie daar begin en dit voor die Here bely nie, sal met moeite apartheid as sonde erken.

**NGK VEROORDEEL APARTHEID "REGUIT"**

PRETORIA. Die NG Kerk het apartheid gister die eerste keer "sonder tierlantyntjies" veroordeel, het 'n dankbare ds Freek Swanepoel, vorige moderator, gesê ná die besluit wat die algemene sinode geneem het. Swanepoel het gesê die afloop van die onderhandelings wat hy en dr Willie Botha namens die NG Kerk met die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke gevoer het, is vir hom een van die hoogtepunte van sy termyn as moderator.

Prof Pieter Potgieter, moderator, het gesê die belangrike aspek van die besluit is dat daar die eerste keer in samewerking met die WBGK 'n definisie van apartheid in 'n besluit daaroor ingebou kon word. Soos die besluit daar staan, kan 'n mens nie bewaar daarteen hê nie. Tensy daar verkeerde interpretasies van die besluit is, is daar ook nie rede vir lidmate om ongelukkig te voel nie. "Ons het niks gesê wat ons nie al vroeër wou sê nie."

Dr Frits Gaum, moderator van die Wes-Kaape sinode, het gesê die albatros van apartheid is nou eens en vir altyd van die NG Kerk se nek afgegooi. "Dié besluit is 'n teken van ons goedgesindheid en kan 'n bydrae lewer tot die vereniging van die NG familie."

Ds James Buys, moderator van die Verenigende Gereformeerde Kerk, het die besluit oor apartheid verwelkom, maar sy bedenkinge oor die interpretasie van die *status confessionis* uitgespreek. "Anders as wat die NG Kerk klaarblyklik dink, moet die *status confessionis* tot belydenisvorming lei."

**Beeld** 13.10.94.

- **Erkenning**

Dit was by ’n aandsitting op 14 Oktober 19?? dat ek en Frits Gaum die laaste verslag oor die werk van die ASK gedoen het. Soos gebruiklik het die Moderator aangedui dat die verslag die werksaamhede van die ASK afsluit en ook dank betuig aan my en Frits. Terwyl ek so staan, is daar spontane applous gegee wat vir minute aangehou het. Nou was dit my beurt om trane in die oë te kry en om te besef dat daar groot waardering was vir harde werk wat goed gedoen is. Dieselfde het met Frits gebeur en toe het ons ook maar verleë ons plekke tussen die afgevaardigdes ingeneem. Die NGK het dankie gesê, maar belangriker: “Die Here het geseën”. Geen mens kan meer as dit vra nie. Dit was dalk ook die voorbereiding vir sinode van 2002 toe ek die afkeur van die sinode moes ervaar.

**Nou eers ontspan!**

Na 4 besige en soms angsvolle jare het daar weer tyd gekom om te ontspan en vryelik asem te haal. Dan is daar niks beter as die Bosveld en om wild te besigtig en vleis te braai met jou dierbares. Dis mos ook ’n gawe van die Here om te ontspan en om Hom, jou gesin en die natuur te geniet.




Die foto spreek vanself. Ons het ontspan.



Deur die jare het nog 6 kleinkinders bygekom.
Hier is hulle by ons Goue Bruilof. Dis nou Freek, Nita en Jana; en voor: Ferdie, Ruben en Zak.
Inlas: Heinrich.

# 13 DIE KERKBODE – ONS EIE KOERANT

Dit is haas ondenkbaar om aan die NG Kerk te dink sonder ’n amptelike lyfblad. Dit is so maklik om te vergeet van die rol van jou eie koerant, of om maar net gewoond te raak an die bestaan en bydrae van die geskrif.

Vir my in my termyn was daar die ekstra bonus en voordeel dat die Redakteur ook die Skriba van die Algemene Sinode was. Nooit hoef ek vra of twyfel of die nuutste inligting wat vir lidmate belangrik is, deurgestuur is nie. Die nuus was altyd vars en volledig. Die verdure bonus was dat Frits Gaum se taalgebruik en taalvernuf uitstaande was.

Die lidmate het dus gereeld hulle kerknuus verstaanbaar en in goeie Afrikaans gekry. In ons strewe na “Een in 2000” is 2 omvattende inligtingstukke, *Sodat almal een kan wees* … netjies in drukvorm aan gemeentes versprei. Die tweede inligtingstuk het alle relevante inligting oor die *Belydenis van Belhar* bevat, asook alle stukke van die VGKSA.

Lidmate is dus deurlopend op die hoogte gehou van die proses van Kerkeenheid.

Een van die voordele van my amp was dat 'n gereelde rubriek "Van die Moderator" aan my toegeken is. Die temas is aan my oorgelaat. Dit was 'n heerlike aktiwiteit om oor alles en nog wat te skrywe: geestelik, effens polities, oor ons geskiedenis en kultuur en ons mooi land; en natuurlik ook oor kerksake. Na 1998 kon ek nog vir 'n paar jaar my skryfwerk voortsit in die rubriek, *Terloops*. Ek voeg 2 bydraes vir Die Kerkbode hieronder in:

# Ouer lidmate is gawes van bo

*Ds Freek Swanepoel, moderator van die jongste Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, rig in hierdie artikel 'n uitdaging tot die ouer lidmate van die kerk.*

VIR my as jong leraar in Salisbury was die derde Sondag van die maand elke keer moeilik. Die dag het begin met 'n buitediens in Centenary, daarna 'n diens in Bindura en die aanddiens in Salisbury. Drie eredienste en 420 kilometer om op slegte paaie te ry!

By een van die buitedienste op Bindura het ek 'n wonderlike ervaring gehad. Ek was vroeg en het in die konsistorie gewag vir die kerkraad. Die eerste motor wat aangekom het, was dié van oom Pieta Bezuidenhout en sy vrou, Violet. Hulle het altyd vroeg gekom om in stilte in die kerkgebou te aanbid. Toe hy my sien, het hy konsistorie toe gekom, by my gekniel en vir my en die verkondiging van die Woord gebid. Van toe af was die derde Sondag nie meer so moeilik nie!

Hierdie optrede is tekenend van ons ouer lidmate. Daarvan kan elke leraar sekerlik getuig. Dié groep is 'n groeiende groep mense in ons kerk. Nie alleen het baie van ons ouer lidmate vroeër as voorheen afgetree nie, maar die algemene lewensverwagting is ook langer. Dit bring mee dat elke kerkraad besondere aandag moet gee aan dié belangrike deel van die geloofsgemeenskap.

Die Bybel sê mos die grysheid is 'n sierlike kroon wat bereik word deur dié wat reg lewe. Hulle is geseëndes van die hemelse Vader en moet steeds hulle regmatige aandeel neem in al die bedrywighede van die gemeente. Jare van meelewing in die kerk bring ook wysheid mee. Die kerk kan met reg trots wees op die ervaring en kundigheid wat ons ouer lidmate deur baie jare van lidmaatskap verwerf het.

Ons ouer lidmate moet dus gehoor word - nie maar net periodiek as kerkraadslede nie, maar by geleentheid ook as groep. Ons moet hulle raaksien en ook raakhoor, want hulle het wysheid en insig wat van Bo kom. Ons ouer lidmate is sekerlik deel van die kerk van vandag.

In 'n tyd van verandering het ons hulle nodig. Sonder hulle bydraes en leiding kan ons nie die verlede reg beoordeel nie. Hulle het die verlede beleef en het 'n oorsig oor die dekades wat agter ons lê. Daarom het ons nodig om ook na hulle verhale te luister voordat ons die verlede as net goed of net boos wil afmaak. Dalk is dit juis hulle wysheid en geloof wat ons nodig het om die verlede sinvol af te handel. Die veranderinge stel immers aan hulle die grootste eise.

Die natuurlike verset teen verandering kan seker by ouer mense groter wees as by jongmense. Tog ervaar ek telkens juis by ouer lidmate 'n openheid vir sinvolle verandering en 'n ywer dat die kerk op nuwe maniere sy verantwoordelikhede in die samelewing moet nakom.

## Aktiewe dienaars

Wanneer daar gekyk word na betrokkenheid in die gemeente, speel ouer lidmate 'n beduidende rol. In die meeste diakensbanke word die getal ouer diakens meer en meer. Die koor bestaan nog altyd uit meer ouer lidmate as jongeres. Sonder hulle sou die voorste kerkbanke leeg wees by die oggenddienste. Ouer lidmate lewer ook ten opsigte van klein administratiewe takies, al meer en meer 'n onvervangbare diens. Dit is aangenaam om te sien hoe hulle aanpasbaar is ten opsigte van groepwerk en selfs bereid is om leiding te neem. Geestelike gawes word vryelik benut om te verseker dat die geloofsgemeenskap op mars is vir die Koning van die kerk. Getroue geldelike bydraes is ook deel van ouer lidmate se betrokkenheid.

Die Psalmdigter sê die Here seën sy kinders sodat hulle in die gryse ouderdom nog vrugte dra en nog verkondig dat die Here reg is.

Juis omdat daar nog soveel geestelike lewenskragtigheid onder ons ouer lidmate is, wil ek 'n uitdaging tot hulle rig. Ek noem dit geestelike diensplig. Vroeër is ons jongmense aan diensplig onderwerp om ons landsgrense te beveilig; nou is daar 'n ander nood en 'n ander bedreiging. Ons samelewing word bedreig deur ongeloof, werkloosheid, armoede en geweld.

Die kerk beskik in sy lidmate oor 'n onuitputlike bron van kennis, kundigheid, vaardigheid en geloof. Baie lidmate is weens regstellende aksie vroeër uit diens gestel. Daar is dus in byna elke gemeente 'n groep lidmate wat nog baie aktief is en aktief wil wees. Die nood is daar buite. Deel van die antwoord lê binne die kerk. Die kerk kan deur diensprogramme saam met die uitdra van die evangelie ook mense leer lees en skryf. Mense kan ingelig word deur kundiges en vaardighede kan aangeleer word. Só kan ons positief bou aan die gemeenskap om ons en op dié manier die negatiewe invloede begin teenwerk. Ons het die mense, ons het die kundigheid en ons het die geloofsrypheid.

Hoe sou dit wees as die NG Kerk sê dat hy op een dag in die week - sê Woensdag - hom daarop toespits om positief aan die gemeenskap te bou: leraar, ouer lidmate en jonger lidmate? So kan ons weer 'n groot rol speel om mense op te bou. So sal ons die negatiewe tendense bekamp. So sal ons seën van Bo ervaar.

# TERLOOPS

Freek Swanepoel



## Die koms van die reën

DIT was vanoggend 'n bonus op 'n bonus. Eers die kenmerkende roep van die vleiloerie en daarna die welkome gedreun en vars reuk van die aankomende reën op die hoëveld. Dit is mos onverdiend! Die Here seën sy kinders met die wonderlike gawes van sy natuur. Ons het dit so nodig!

Dit is altyd 'n bonus om die skaam vleiloerie te hoor, en om een te sien, maak jou dag sommer die moeite werd. Die reën wat laat gekom het, het ook 'n effek op die voëls gehad en hulle het die waterbak die laaste paar dae leeg gedrink. Water is nog nie volop nie.

Wie na die voëls en na hulle omstandighede kyk, word telkens daaraan herinner dat hulle op 'n besondere wyse deur die hemelse Vader versorg word. En ten spyte van 'n gebrek aan kos en water, is hulle nie bekommerd nie en maak hulle nie kos bymekaar nie. Die vleiloerie het my weer herinner aan die vele gawes wat ek geniet en my getoets of ek ook op hierdie dag net op die Here sou vertrou.

Die reën is seker veel nader aan baie mense as voëls. Dit is die deel van die natuur waarsonder niemand kan leef nie. As mense wat op die platteland en op plase grootgeword het, het ons die wonderlike ervaring gehad van stortbuie, deurdringende reën en sommer ook die geel perske-reën wat vir tien dae aanhoudend val.

Reën het ons nederig gehou, want net God gee reën. Daarom was biddae vir die oes en landwye biddae vir reën deel van ons lewens. Baie onthou nog hoedat alles in die land oor die etensuur tot stilstand kom sodat daar gebid kon word dat die Here baie water uitstort. Ek onthou hoedat so 'n erediens in die Burgerpark-gemeente deur meer as twee duisend mense bygewoon is.

Vanjaar het die reën in die noorde nog weggebly. Selfs 10 Oktober, wat as die eerste reëndag erken word, het droog verbygegaan. Deesdae is landwye biddae en winkels wat sluit nie meer algemeen nie. Tog het die situasie nie verander nie. Sonder water en goeie reëns kan die mense van die land nie gevoed word nie. Ons nood is dieselfde as vroeër. Ons glo steeds – in 'n nuwe situasie dalk nog meer – dat die Here reën stuur. Daarom moet ons bid – net so ernstig soos vroeër – al is dit ook alleen of in kleiner groepies.

Vanweë ons geloof en geskiedenis en liefde vir die natuur, moet ons die Here aanhou vra vir reën. Dan word die armoede minder en die voëls het kos en dan leer ons dat sy geestelike seën selfs meer nodig is as reën.

Hierdie kontak met lidmate het my gehelp om op ’n wye front kontak te maak en bande van vriendskap en geloof te smee. Dit het my ook gewys wie die briewekolom gebruik, en soms misbruik om hulle standpunte te beklemtoon.

Ek onthou die skrywers van so ’n “kettingbrief” van 4 leraars wat gesorg het dat een van hulle elke 6 weke skryf oor die verkeerde rigting wat die Dagbestuur nou weer inslaan. Sonder “Kerkbode” sou dit nie dieselfde gewees het nie.

Toe ek ’n keer in Strand tee drink in ’n restaurant, hoor ek ’n vrou sê: “Daardie gesig was al in die Kerkbode”.

**Versoening**

Die Kerkbode was die eerste om hierdie belangwekkende Algemene Sinode die “Sinode van versoening” te noem. Op 28 Oktober 1994 skryf die Redakteur: “Die negende Algemene Sinode van die NG Kerk wat verlede week hier ten einde geloop het, is gekenmerk deur ’n gees van versoening en was ongetwyfeld een van die merkwaardigste sinodesittings sedert die eerste vergadering van die Algemene Sinode wat in 1962 gehou is”.

Kerkbode het ook hierdie karaktertrek in stand gehou en daarop voortgebou. Soos die volgende artikels bevestig:

· **1998**

## Voor die Algemene Sinode van 1998 skryf ek vir oulaas as Moderator.

# Doelgerig vorentoe



**Ds Freek Swanepoel,** *moderator van die vorige Algemene Sinode, kyk terug ... en vorentoe.*

'N Onverdiende voorreg. Só voel ek oor die afgelope vier jaar se belewenisse en ervaringe. Om voorsitter van die Algemene Sinodale Kommissie te wees, val immers buite die basiese roeping en opdrag van die predikant. Niks kan belangriker wees as die plaaslike gemeente nie. Tog het ek nog altyd aanvaar dat daar ook belangrike dienste te lewer is aan die kerk in breër verband. Daarom was die vier jaar vir my 'n verlenging van my Godgegewe roeping en het ek ook probeer om die taak in biddende afhanklikheid van die Here aan te pak.

Ek wil graag erkenning gee aan die talle persone van wie ek in dié tyd ondersteuning en raad ontvang het. Naas die skrywes van kerkrade was daar altyd 'n redelike stroom van briewe van lidmate. Telkens is ek opnuut daarvan bewus gemaak dat lidmate ten nouste met hulle kerk meeleef. Lidmate skroom ook nie om hulle mening eerlik te gee nie. Daar was die briewe wat gelui het: 'As ek jou in die hande kry, draai ek jou nek om' - gelukkig darem nie te veel daarvan nie. Daar was ook die persone wat my moed ingepraat het. 'n Lidmaat uit Rustenburg het my genooi om op die plaas te kom rus, en 'n ander uit die Paarl se voorstel was 'n bottel goeie Paarlse wyn. Baie dankie aan die lidmate wat op hierdie wonderlike manier belang gestel het. Ek het probeer om op al die skrywes persoonlik of telefonies te reageer. Maar glo my, dié briewe kom in my plakboek!

Sonder die pragtige gesindheid van die gemeente Skuilkrans-Pretoria sou die taak vir my te veel geword het. Die voorsiening deur die Algemene Sinode ten opsigte van 'n sekretaresse en die dienste van 'n proponent moet ook vermeld word. Die sterk ondersteunende rol van die Dagbestuur van die ASK kan nie genoeg beklemtoon word nie. Dit was by uitnemendheid die plek waar daar diep gedink is en duidelike leiding gegee is. Die talle verklarings - méér as voorheen - wat deur die Dagbestuur of die ASK uitgereik is, is 'n duidelike bewys hiervan.

### Wat het ons bereik?

Dit moet gevra word hoe die NG Kerk in die vier jaar op die vlak van die algemene sinodale verband gevaar het. Dit was 'n tydperk wat saamgeval het met dié van 'n nuwe regering. Eise van waarheid, versoening, regstellende aksie, samewerking met ander gelowe, is aan die kerk gestel. Teenoor die bevoorregte plek wat die NG Kerk voorheen beklee het, was dié kerk in die afgelope paar jaar dikwels in die beskuldigde bank.

Ek glo dat die NG Kerk die veranderinge in die samelewing en die eise wat dit aan kerkwees stel, redelik goed verwerk het. Daar was 'n bereidheid om te verander, om ons kerk meer gemeenskapsgerig te maak. Talle lidmate het verkies om in die staatsdiens te bly en om daar, selfs onder toenemend moeilike omstandighede, hulle invloed as Christene te laat geld deur diensbaar te wees.

Die bestaan en optrede van die Waarheids-en-versoeningskommissie was vir baie lidmate 'n steen des aanstoots. Ek glo die kerk het daarin geslaag om op 'n kerklike wyse die verloop van die proses met verantwoordelikheid te begelei. My optrede voor die WVK was 'n positiewe bydrae tot die noodsaaklike versoening in ons land.

Op kerklike en ekumeniese terrein was die groot uitdaging om te vorder met die sigbaarmaking van ons eenheid in Christus veral ten opsigte van ons Kerkfamilie in die RSA. Oor één saak is ek egter baie seker, en dit is dat daar in gemeentes en kerkvergaderings intensiewe aandag aan kerkvereniging en in besonder aan die Belydenis van Belhar gegee is. Nog nooit is dié aangeleenthede so indringend bespreek nie. Die vordering van hierdie proses hang ten nouste saam met die wyse waarop hierdie gesprek oorgaan tot kontak en aksie tussen lidmate op plaaslike vlak.

'n Tendens wat my tot groot dankbaarheid stem, is dat lidmate blykbaar nie meer hulle lidmaatskap van die NG Kerk maklik beëindig nie. Ten spyte van verskille, verkies hulle om mekaar se sieninge te aanvaar en die pad van kerkwees saam te loop. Vernuwing in plaaslike gemeentes veral ten opsigte van aanbidding, bediening en diens, het sekerlik ook positief tot dié ingesteldheid bygedra.

### Waagmoed vir die toekoms

Nou lê die Algemene Sinode van 1998 voor. Die NG Kerk het nodig om sy pad vorentoe duidelik en doelgerig uit te spel. Daar word steeds hoë verwagtings aan ons gestel. Onder die seënende hand van die Here kan die NG Kerk steeds sy roeping in die kerk van Christus én in die gemeenskap vervul.

Soos voorheen, sal die uitdagings van ons tyd weer waagmoed en deursettingsvermoë van die kerk vra.

Die grondslag lê steeds in besluite wat in die Woord van God gefundeer is. Dit moet opgevolg word deur aanvaarding van God se wil en 'n onstuitbare gehoorsaamheid aan God se leiding. Genadiglik het ons genoegsame kundigheid en vaardigheid in ons ampsdraers en lidmate om van enige aksie 'n sukses te maak. Daar is ook 'n onuitputlike bron van gewilligheid en aanvaarding by God se kinders. Aan leierskap en diensvaardigheid ontbreek dit ons nie. Dit sal natuurlik vra dat die NG Kerk opnuut sal erken dat hy nie net vir homself bestaan nie. Ons is geroepe om God se heerskappy op die markplein te demonstreer. Die wêreld moet hoor en sien dat Jesus leef!

Mag die Here ons vervul met krag van Bo om ons roeping uit te leef. Daarvoor bid ek onophoudelik.

TERUG NA DIE TOEKOMS

# Was hierdie belydenisse genoeg?

JOHAN VAN DER MERWE 06-03-2020

Dit is Woensdagoggend. Soos elke Woensdag sluit Johannes sewe uur die kleinhekkie oop om in die tuin te kom werk. Hy dra 'n hemp wat vaal gewas is. Sy broek het 'n skeur op die knie en sy skoene is nommers te groot. Op sy rug is 'n rugsak wat eens die trotse eiendom van 'n eerstespannetbalspeler van 'n bekende hoërskool was. Voor hy begin werk kry hy 'n bord pap en melk en flou kitskoffie met baie suiker. Johannes drink mos nie die koffie van die duur koffiemaker in die kombuis nie ... Waar sou Johannes gewees het en wat sou hy gedoen het as dit nie vir apartheid was nie? Sou hy dalk selfs koffie van 'n koffiemasjien waardeer het?

Dit is mense soos Johannes wat ons herinner aan die feit dat apartheid verkeerd en boos was – 'n verskroeide aardebeleid teen die mense van die land – het Nelson Mandela dit in 1994 voor die Algemene Sinode van die NGK genoem. Daarom ***moes*** en ***het*** die NGK sy aandeel daarin bely. Stotterend in 1986 met *Kerk en Samelewing*, 'n bietjie duideliker in 1990 met die hersiening van *Kerk en Samelewing* en in soveel woorde deur die belydenis van prof Willie Jonker tydens die Rustenburgberaad van 1990. Jonker het gesê: *I confess before you and before the Lord, not only my own sin and guilt, and my personal responsibility for the political, social, economic and structural wrongs that have been done to many of you and the results of which you and our whole country are still suffering from, but vicariously I dare also to do that in the name of the DRC of which I am a member, and for the Afrikaner people as a whole."*

Die belydenis van Jonker is in 1997 opgevolg met die publikasie *Die verhaal van die NGK se reis met apartheid (1960-1994) – 'n getuienis en 'n belydenis* en die destydse moderator, ds Freek Swanepoel se getuienis voor die Waarheids- en Versoeningskommissie op 19 November 1997. Swanepoel het oor die onreg van die verlede gesê dat die NGK om verskoning vra en het erken dat sy stem van protes en van deernis tydens die apartheidsjare te sag was. In reaksie het Aartsbiskop Desmond Tutu onder meer gesê: "Ek het lus om vir die duiwel te sê: 'Pas op hier kom die NGK!'"

Die groot vraag in 2020 is of die belydenisse van die verlede genoeg was. Het dit enigsins gehelp om die lewe van Johannes te verander? Op die laaste Woensdag van die maand sal Johannes weer om presies sewe uur die hekkie oopmaak. Saam met sy kos sal hy R1 200 vir sy maand se werk kry – en 'n beker flou koffie met baie suiker.

► *Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.*

· **2004**

## Na 10 jaar kyk ek terug.

TERLOOPS — Freek Swanepoel

# Tien jaar later

IN 1994 het ons hele wêreld verander. Die nuwe Suid-Afrika het gekom en die reënboognasie is gebore. Dit het ook die NG Kerk voor geweldige uitdagings geplaas.

Nou is dit aanstaande jaar 'n dekade later en die nuwe demokrasie en die regering sal getoets word. Daar sal noukeurig gekyk word na die mislukkings van die jare 1994–2004 en gevra word of daar enigsins suksesse was.

Dit sal ook goed wees as die NG Kerk sy rol in hierdie dekade beoordeel. In watter mate het ons aan die opdrag en leiding van die Here van die kerk getrou gebly? As ek aan die ou bedeling dink, dink ek aan "eenkant wees" of "alleen wees". Die nuwe bedeling kan opgesom word met die woord "saam". Skielik moes ons saam met ander – as gelykes – werk, speel, aanbid en leef. Daarom is die vraag hoe die NG Kerk in hierdie saam-lewing gevaar het.

Oornag was die Christelike geloof nie meer alleen nie en moes ons die godsdienstige toneel deel met Islam, Afrika-godsdienste en ander. Oor die radio en TV en in die skole het die imams en die rabbi's ook hulle geloof begin verkondig. Die afskaling van Christelike oordenkings en die nuwe klem op en beskikbaarheid van die Koran is as bedreigings ervaar. Tog meen ek dat die kerk ná tien jaar sterker staan as getuie van Christus sonder om ander gelowe summier af te skryf. Dit het die NG Kerk ook gedwing om deur Christen-Netwerk nuwe terreine oop te kap vir die oordra van die evangelie.

Sedert 1994 moes die NG Kerk, die kerk van apartheid, weer erken dat daar ook ander kerke is wat Jesus Christus as Hoof het. In die verlede het ons gedink ons kan alleen die doel bereik. Dit het van die NG Kerk gevra om terug te kom en die gemeenskap van die heiliges te erken. Dit was nie altyd maklik nie, vyande van vroeër moes as vriende aanvaar word, maar deur nederigheid en belydenis het die deure weer oopgegaan. So het die NG Kerk weer in die SA Raad van Kerke en die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke plek gevind. Die deelname aan kerkberade en die geleentheid by die Waarheid-en-Versoeningskommissie getuig daarvan dat die NG Kerk weer in die groter Christelike familie van kerke opgeneem is.

Daar moet ook gevra word hoe die kerk op voetsoolvlak deel gekry het aan die saamleef met ander. Ons geloof is nooit bedreig nie, daarom is daar nog te min tekens van eenheid of saam-wees. Daar is egter ook pragtige nuwe inisiatiewe om saam met die armes, agtergeblewenes en mense met vigs die probleme van die dag die hoof te bied.

Tog wil dit lyk asof daar nie veel andertaliges en anderkleuriges en ander rasse is wat gemeentelik met ons wil saamgaan nie – en dit vra die Bybel tog van ons. Ongelukkig moet ons ook erken dat baie lidmate van ouds nie meer saam met ons is nie.

Die belangrikste vraag is seker of die Here saam met ons was en is. Die antwoord is eenvoudig: Hy was by ons daar waar ons by Hom was. Hy het mos gesê: "Gaan" en dan: "Ek is met julle, al die dae."

Ná tien jaar sal ons moet erken: ons het nog tyd nodig. Tyd om uit ons "eenkant-kerk-wees" te groei na "saam-kerk-wees". Die Here sal by ons wees – ook van 2004 tot 2014.

- **2006**

## So skryf Frits Gaum

1994 se Algemene Sinode was 'n sinode om te onthou - "Sinode van Versoening". Pres Nelson Mandela spreek die sinode toe. Prof Ben Marais word die sinode in 'n rolstoel binnegestoot en ds Freek Swanepoel, moderator, vra hom namens die kerk om verskoning dat die kerk jare lank nie na sy profetiese stem oor apartheid geluister het nie. Hy kry 'n staande applous. Die volgende dag gebeur dieselfde met dr Beyers Naudé. En die sinode besluit op die koop toe, nadat daar raadpleging met die NG susterkerke was, dat 'n konsep-kerkorde saam met dié kerke vir 'n nuwe, verenigde kerk geskryf moet word.

Dit was vir jou 'n sinode. Dit was 'n tyd van en vir groot dinge. Met prof Johan Heyns wat op sy unieke manier die sinode toespreek en aanmoedig en waarsku. (Minder as 'n maand later is hy vermoor.)

Maar toe die sinode verby is, toe was die oorgangsgeslag se blus ook min of meer uit. Kort ná die vergadering het die destydse Algemene Sinodale Kommissie byeengekom om eers "in eie kring" oor die beplande kerkorde en kerkvereniging te gesels. Mnr Joep Joubert, fasiliteerder, het ná twee dae se gesukkel en se gehiernatoe en gedaarnatoe, uiteindelik 'n bietjie moedeloos vir die vername dominees gevra: "Sê my, hierdie kerkvereniging … wil julle dit regtig doen? Regtig? As ek na al die bedenkinge en twyfelvrae en lang gesigte luister en kyk …" Hy het nie sy sin voltooi nie.

Ag, en daarna het die gestampery en gestotery en kerkpolitiekery onder ons self en onder ons liewe susterkerke aangehou en aangehou en ons het al dieper in die dryfsand van moedeloosheid weggesink. Van die skryf aan 'n nuwe kerkorde het niks gekom nie.

Die helder oomblikke van Oktober 1994 het in die vergetelheid verdwyn. Allerlei ander agendas het al hoe prominenter geword. *Carpe diem*? Nee, ons geslag het toe nie die dag gegryp nie … die dag wat die Here vir ons gegee het, die dag wat landoor, wêreldoor 'n verskil sou gemaak het: "Kan jy glo, die NG Kerkfamilie het versoen, hulle het verenig … Daar gebeur sowaar politieke én kerklike wonderwerke in Suid-Afrika …!"

· **2014**

## So skryf die dienende Moderator, Nelus Niemandt.

DK 17-10-2014.

Nelus Niemandt

GEDAGTES OOR KERKWEES



# 1997 was 'n draaipunt vir die NG Kerk

NELUS NIEMANDT

Tyd bring perspektief en skaaf insig. 'n Terugblik op die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK) se Geloofsgemeenskappe-verhoor in 1997, help om sake in ruimer perspektief te sien en die NG Kerk se plek in ons land en die toekoms anders te benader. Dit was 'n draaipunt in die NG Kerk se geskiedenis.

Onder voorsitterskap van ds Freek Swanepoel het die Algemene Sinodale Kommissie besluit om deel te neem aan die WVK se "openbare getuienisgeleentheid" vir die meer evangeliese en Afrikaanse kerke. Ds Swanepoel is versoek om klem te lê op die kerk se versoeningstaak en die toekoms. Sy optrede het waarheid en versoening, en hierdie kerk en land se toekoms, gedien.

Daar is baie oor die WVK-verhore geskryf, baie foute is in die proses gemaak en dit is al deeglik gekritiseer. Dit het egter aan die NG Kerk 'n geleentheid gebied om publiek en by 'n amptelike en geloofwaardige forum getuienis te lewer oor die NG Kerk se rol in apartheid.

Dit het die NG Kerk gehelp om te ervaar dat waarheid nuwe vryheid bring. Die gebeure by 1997 se verhore het ten minste die NG Kerk gehelp om die kettings van apartheid af te gooi.

Die voorsitter, aartsbiskop Desmond Tutu, se hantering van die NG Kerk se getuienis het ook gewys dat die waarheid versoening bring.

Die getuienis voor die WVK en die besluite van die Algemene Sinode van 1998, waar apartheid in sy wese verwerp is, het ekumeniese herstel ingelui. Eers is die verhouding met die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke herstel. In 2014 is die NG Kerk hertoegelaat tot die Wêreldraad van Kerke.

Die NG Kerk is ook besonder dankbaar teenoor die ekumeniese gemeenskap in Suid-Afrika. Ons het in ons mede-Christene se versoenende houding ontdek wat vergifnis en heling werklik beteken. Ons het ook geleer dat ons nooit weer alleen na waarheid en wysheid moet soek nie, maar om saam met ander gelowiges te vra wat God se wil is.

Die proses wat by die WVK begin het, die pynlike pad om foute te erken en die diepe selfprysgawe, was 'n nuwe reis van heling vir die NG Kerk.

Die Algemene Sinode van 2002 stel 'n "Roepingsverklaring" op waarin die NG Kerk 'n ernstige verbintenis tot Afrika en Suider-Afrika maak en fokus op heling en genesing. In 2007 word dit opgevolg met 'n sterk verbintenis tot diensbaarheid aan die land.

Saamgelees met die besluite van 2004 se sinode oor Suid-Afrika se staatkundige bedeling en 2007 se positiewe waardering van Suid-Afrika se konstitusionele demokrasie, is dit duidelik dat die NG Kerk apartheid omvattend vaarwel toegeroep het.

Die verbintenis tot herstellende geregtigheid en versoening met die familie van NG Kerke, asook die seisoen van menswaardigheid wat in 2013 afgeskop het, getuig van 'n nuwe benadering tot versoening en nasionale eenheid.

Mooi woorde moet dade word. Besluite help niks as dit nie op gemeentelike vlak nuwe gesindhede en praktiese dade word nie.

Een manier om daarna te kyk, is om die *Kerkbode* van 2014 te neem en te luister na verhale van hoop wat in die NG Kerk se koerant vertel word. Daaruit is dit duidelik dat die NG Kerk op twee vlakke 'n massiewe skuif gemaak het.

Op die vlak van formele maatskaplike dienste word die meeste dienste aan mense wat nie lidmate van die NG Kerk is nie, gelewer (slegs 10-20% van begunstigdes is NG lidmate). Meer as 6 miljoen mense vind baat by die NG Kerk se maatskaplike dienste.

Daar is egter ook tientalle verhale wat vertel van groot skuiwe wat gemeentes maak. Daar is belowende stories van gemeentes wat al hoe meer multi-kultureel word. Daar is aangrypende verhale van gemeentes wat randfigure en die armste van armes help. Daar is al hoe meer bedienings wat lidmate help om grense oor te steek, hulle gemeenskap te omhels en 'n verskil in die plaaslike omgewing te maak.

Die verhale word nie vertel om onsself op die skouers te klop nie, maar om te vertel van die lewende Here wat selfs die "vernaamste van sondaars" gebruik om groot dinge te doen Selfs met ons geskiedenis van steun vir apartheid, het die Here ons nooit gelos nie. Ons kan getuig dat die Here besig is om die NG Kerk om te keer en op talle plekke te gebruik om die samelewing te help om heel te word. Ons staan verstom oor God se genade, ook vir ons.

Suid-Afrika staan in 2014 weer voor geweldige uitdagings. Sosiale kohesie is in gedrang. Groeiende rassespanning en vreemdelingehaat prut. Misdaad is buite beheer. Korrupsie vier hoogty. Die misbruik van hulpbronne, die publiek se geld en mense se kundigheid, vreet aan maatskaplike welsyn en verdiep armoede.

Die ervaring van 1997 kan ons help. Die NG Kerk is verbind om saam met ander kerke 'n verskil te maak. Ons kan dit nie doen vanuit 'n posisie van mag nie – ons het dit lankal prysgegee. Selfs ons lidmate se relatiewe ekonomiese welsyn help nie meer nie. Maar saam kan ons dit doen deur onsself prys te gee, deur 'n helder profetiese stem oor geregtigheid, en deur te dien.

► *Prof Nelus Niemandt is moderator van die Algemene Sinode.*

- **2014**

## Neels Jackson het ook geskryf.

# Versoening bly steeds op die kerk se agenda

NEELS JACKSON

"ONS IS verbind tot versoening. Ons is deel van Suid-Afrika. Ons is hier gebore en ons wil hier bly. Ons wil anders dink oor onsself, as diensknegte in navolging van die voorbeeld van ons Here, Jesus Christus."

Hierdie getuienis, wat ds Freek Swanepoel, destydse moderator van die Algemene Sinode, in 1997 voor die Waarheid-en-Versoeningskommissie gesê het, het onlangs op Stellenbosch opnuut opgeklink tydens 'n herhaling van die destydse gebeure.

Die geleentheid is gereël deur die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie in samewerking met die Desmond en Leah Tutu Nalatenskap Stigting. Daarmee wou die organiseerders nie net versoening weer hoog op die kerklike agendas plaas nie, maar ook nuwe strategieë vir versoening bedink en pogings daartoe 'n hupstoot gee.

Kerkleiers wat destyds getuienisse voor die kommissie gelewer het, is genooi om geheues te kom verfris oor wat hulle toe gesê het.

Swanepoel het oor die NG Kerk se verbintenis tot versoening onder meer gesê die kerk wil na ander mense se stories luister en saamwerk aan die genesing van die land. Hy het ook gesê die NG Kerk wil alles moontlik doen om eenheid in die NG Kerkfamilie te bevorder.

Hy het beklemtoon dat die NG Kerk hierin wil hande vat met ander kerke.

Oor die praktiese implikasies van versoening het hy gesê daar is 'n groot behoefte aan die geestelike toerusting van mense wat betref menswaardigheid, gemeenskaplike menslikheid en naasteliefde deur die studie van die Bybel.

Die kerk wil help met geletterdheidsklasse en deur mense vaardighede aan te leer.

Hy het ook gepraat oor die kerk se rol in ontwikkeling en die stryd teen armoede. Die kerk se maatskaplike dienste moet so ver moontlik reik, het hy gesê.

Versoening verg persoonlike kontak. Mense moet mekaar ontmoet en kontak tussen gelowiges speel het 'n onmisbare rol in die proses van versoening, het Swane-poel gesê.

Oor die verlede, het hy gesê, moet die NG Kerk eerlik praat. Aan die hand van voorbeelde soos prof Willie Jonker se skuldbelydenis oor apartheid by die Rustenburg-kerkeberaad van 1990, het hy verwys na die groeiende stryd (in daardie stadium) in die NG Kerk om apartheid te verwerp.

Prof Nelus Niemandt, huidige moderator van die Algemene Sinode, het die geleentheid gekry om te sê wat sedert Swanepoel se getuienis van 1997 in die NG Kerk gebeur het.

► *Lees sy siening in sy rubriek op bl 9.*

- **2018–2020**

## In die tyd het Johan van der Merwe dikwels die tydvak herbesoek.

TERUG NA DIE TOEKOMS

# Om "jammer" te sê is nie 'n skande nie!

JOHAN VAN DER MERWE 02/08/19

Die Algemene Sinode van 1994 was om verskeie redes een van die belangrikste vergaderings in die geskiedenis van die NGK. Die sinode, waarvan ds Freek Swanepoel tot moderator verkies is, het nie sonder rede in die media die benaming "Sinode van versoening" gekry nie.

Twee belangrike gebeurtenisse tydens die vergadering het daartoe aanleiding gegee: Eerstens het mnr Nelson Mandela die vergadering op 13 Oktober 1994 besoek en toegespreek. Tweedens het die vergadering 'n besluit geneem waarin verskoning gevra is vir die onreg wat aan profete uit eie geledere gedoen is. Die besluit het soos volg gelui: "In die lig van die klag van politieke dienstigheid deur die NG Kerk, wys die Algemene Sinode lidmate daarop dat daar deur die jare heen steeds lidmate, ampsdraers (en selfs kerklike vergaderings) was wat krities was oor apartheid en kerklike besluite in hierdie verband. Die Algemene Sinode erken met spyt dat daar in die verlede dikwels van kerklike kant op 'n onbarmhartige en onsaaklike wyse teenoor sulke persone gehandel is" (Handelinge van die Algemene Sinode 1994:374).

Nadat hierdie besluit geneem is het prof BJ (Ben) Marais en dr CF (Beyers) Naude, twee van die "profete uit die verlede", die vergadering op verskillende dae besoek. Marais was uitgesproke oor die feit dat apartheid nie Bybels gefundeer kon word nie terwyl Naude die bekendste anti-apartheidsaktivis uit NG geledere was. Albei is hartlik ontvang en die besluit is aan hulle voorgelees.

Natuurlik was daar ook kritiek. Die moderatuur is reeds tydens die vergadering deur 'n aantal beswaardes met optrede gedreig indien hulle nie bereid was om die besware aan te hoor nie. Kort nadat die vergadering verdaag het, moes hulle bontstaan toe hulle deur ongeveer 30 beswaarde afgevaardigdes gekonfronteer is oor die gebeure tydens die vergadering.

Daar was veral ontevredenheid oor die besoek van dr Naude. Wanneer daar teruggeblaai word deur die geskiedenis van die Algemene Sinode, is dit egter duidelik dat hierdie laaste vals noot nie die simfonie van 1994 bederf het nie.

Dr Frits Gaum, destydse redakteur van *Kerkbode* het in die uitgawe van 28 Oktober 1994 na afloop van die vergadering tereg geskryf: "Die negende Algemene Sinode van die NG Kerk wat verlede week in Pretoria ten einde geloop het, is gekenmerk deur 'n gees van versoening en was ongetwyfeld een van die merkwaardigste sinodesittings sedert die eerste vergadering van die Algemene Sinode in 1962 gehou is."

Gaan die Algemene Sinode van 2019 in die toekoms ook so beskryf word? Miskien – want om "jammer" te sê is nie 'n skande nie.

► *Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.*

TERUG NA DIE TOEKOMS

# Versoening kan die spoke van die verlede verjaag

JOHAN VAN DER MERWE 13-11-2020.

Een van die belangrikste gevolge van die Rustenburgberaad wat in November 1990 plaasgevind het, was die NG Kerk se verbintenis tot versoening. Die belydenis oor apartheid het nie net die boeke van die verlede begin toemaak nie, dit het ook nuwe deure na die toekoms oopgemaak. Dertig jaar later is die NG Kerk se roeping om 'n konstruktiewe bydrae tot versoening op alle vlakke van die samelewing in Suid-Afrika te lewer, belangriker as ooit. Dit is immers 'n rol wat die kerk na Rustenburg in die aanloop tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 met uitnemendheid vervul het.

Die eerste tree op die versoeningspad het kort na die Rustenburgberaad gevolg toe Nelson Mandela die dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie op 30 Mei 1991 ontmoet het. Tydens die ontmoeting het mnr Mandela die kerkleiers onder meer versoek om as tussengangers op te tree tussen Inkatha en die ANC in 'n poging om geweld tussen die partye te probeer keer. Die belang van hierdie ontmoeting en twee latere ontmoetings, is deur Mandela bevestig toe hy tydens sy toespraak voor die Algemene Sinode in 1994 spesifiek daarna verwys het.

'n Verdere belangrike tree wat die NG Kerk se erns oor versoening bevestig het, was die voorlegging wat ds Freek Swanepoel op 19 November 1997 in Oos-Londen op 'n spesiale geleentheid vir kerke voor die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) gemaak het. Ten spyte van weerstand en dreigemente uit eie geledere het Swanepoel vertel van die lang pad wat die NG Kerk moes stap om afskeid te neem van apartheid. Hy het egter nie net oor die verlede gepraat nie, maar dit duidelik gestel dat die NG Kerk 'n belangrike versoeningsrol in die toekoms wou speel.

In reaksie op Swanepoel se toespraak het aartsbiskop Demond Tutu gesê: "... U kerk het 'n geweldige belangrike rol in die geskiedenis van ons land te speel ... My gebed is dat die Here die NG Kerk op 'n wonderlike manier gaan gebruik ... Ek sê altyd as 'n Afrikaner eers die lig gesien het, draai hy nie halfpad om nie ... Ek het lus om vir die duiwel te sê: 'Pasop, hier kom die NG Kerk'."

In 'n land wat opnuut deur rassespanning, plaasmoorde en armoede op die randjie van die spreekwoordelike afgrond na chaos gekom het, is dit dringend nodig dat die NG Kerk opnuut besin oor haar versoeningsrol op alle vlakke van die samelewing. Miskien het die geskiedenis die NG Kerk voorberei om juis in 'n tyd soos hierdie 'n leidende rol te speel en om sodoende die spoke van die verlede finaal te verjaag.

► *Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.*

TERUG NA DIE TOEKOMS

# Op soek na die kerk van God

JOHAN VAN DER MERWE 25-10-19

"Waar is die kerk van God in hierdie land? Hoekom is die kerk so irrelevant?" Dit is die vrae wat hoofregter Mogoeng Mogoeng Donderdag in sy voordrag voor die pas afgelope Algemene Sinode van die NGK in Benoni gevra het. Dit was 10 Oktober 2019. 'n Gebeurtenis wat 25 jaar gelede op 13 Oktober 1994 ook tydens 'n Algemene Sinode plaasgevind het trek helder rooi strepe onder hierdie vrae. Dit was die dag toe wyle oudpres Nelson Mandela die Algemene Sinode in Pretoria toegespreek het.

Die destydse moderator, ds Freek Swanepoel, vertel hoe alles haarfyn beplan was en hoe daar 'n onrustige afwagting in die vergadering voelbaar was. In die sinodesaal het die president tyd gemaak om mense te groet en te gesels. Dr Frits Gaum het hom ontmoet en sommer ook gehelp met 'n skoen wat uitgeglip het. Ds Swanepoel beskryf die gebeure verder soos volg: "Ek het hom verwelkom en onder andere aan hom gesê dat hy kan kies om soos Daniël in die leeukuil te voel of dat hy die leeu kan wees en die vergadering die 'Daniëls'. In sy openingswoorde het hy in Engels gesê dat hy in sy voorbereiding uitgegaan het van die beeld van die Leeu en die Lam van Openbaring wat saamwei. Met hierdie aanslag het hy op 'n stil manier sy standpunt van 'geen geweld' gestel. Hiermee het hy ook die die toegeneentheid van die afgevaardigdes vasgevang."

In sy toespraak het Mandela die NGK uitgedaag om konkreet in die samelewing in 'n post-apartheid Suid-Afrika betrokke te raak. Een van die belangrikste bydraes wat die kerk volgens hom sou kon lewer was die bekamping en die bestryding van armoede. Hy het onder meer verwys na die belangrike rol wat die kerk gespeel het met sy opheffingsprogramme onder Afrikaners tydens die landsdroogte van 1932 en die Groot Depressie van 1932-1934. Mnr Mandela het die NGK verder uitgedaag om aan profete uit eie geledere soos dr Beyers Naude om verskoning te vra vir die onreg wat hulle aangedoen is en om die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram intensief te bestudeer en aktief daaraan deel te neem. Hierdie gebeure het gemaak dat Gaum die sinode later in *Die Kerkbode* die Sinode van Versoening sou noem.

Hoe praat ons 'n kwarteeu later oor die Algemene Sinode van 2019 in die lig van die woorde van hoofregter Mogoeng Mogoeng?

► *Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.*

## SKRYFKOMPETISIE 2020.12.12
## Net om my vermoë skryf ek toe in!

## <u>SKRYFKOMPETISIE: En die wenners is …</u>

MARIUS SCHOOMBIE vertel 'n storie wat 'n mens wil oorvertel. FREEK SWANEPOEL praat oor insluiting uit 'n historiese perspektief van uitsluiting. En MARETHA MAARTENS pen 'n nugtere soort "listicle" (hoewel sy dit nie self so noem nie!) wat die lys as geraamte gebruik om vleis aan te pak. Baie geluk aan die wenners.

9 Oktober 2020 Lesersbydraes 9

### Die Here se kerk is na wese inklusief

**Ds Freek Swanepoel skryf:**

Die jaar 2020 bring toe groot uitdagings vir die NG Kerk. Die grendeltyd hou die lidmate buite die eredienste en werksaamhede van die gemeente. Hulle word toe eksklusief. Gelukkig gryp gemeentes die geleentheid aan om hulle dienste meer inklusief te maak. Op Sondae word op elektroniese platforms eredienste gehou. Dit laat lidmate voel dat hulle gemeente hulle op 'n nuwe wyse insluit om die evangelie van Jesus Christus te hoor. Die kerk is by hulle en hulle word betrek in die onnatuurlike tyd. Die boodskap is toe oop vir enige een wat wil kyk en luister.

Getrou aan die lidmate ontstaan daar vinnig ook ander aksies wat lidmate inklusief betrek. Die wêreldwye pandemie bring vinnig die ongelykheid van ons land se mense na vore. In vele huise het die werk opgehou en is daar groot behoefte aan kos en ander lewensmiddele. Gemeentes spring in en maak sop en versprei kospakkies. Op dié wyse word die nood van die wêreld ingetrek in die hart van die gemeente. Daar word beraam dat meer as 70% van die NG Kerk se gemeentes met ywer aan hierdie inklusiewe aksies deelgeneem het en daarmee volhou. Met dié aksie is daar nie gevra na taal, geslag, ras of geloof nie. Voorheen is daar meer op ons eie mense en gelowiges gekonsentreer; nou was dit oop vir enige een in nood. Dit is mos inklusief.

As ons terugskou na ons verlede was dit juis een van ons swakhede dat ons nie genoeg inklusief in die wêreld opgetree het nie. Ongelukkig het ons ook mense uitgeskakel by die verkondiging van God se Woord. Ons hulpdienste was ook meer gerig op ons eie soort; ons eie mense; en ons eie verstaan van God en geloof. Die kring van 'my naaste' is baie nou en baie gerieflik naby ons getrek. Daarom sal elke kerkraad wat in hierdie dae besin en beplan oor 'kerkwees vandag' baie fyn na die Gees moet luister oor inklusiwiteit. Enige een wat onderskeidend dink sal besef dat die ou patroon van gemeente-wees verby is en dat die uitdaging is om alle mense – nie net dié met sertifikate nie – in gedagte te hou en te bedien. Lidmate wat in hierdie dae bewus geword het dat die Here wel nog sy almag en redding aan die hele mensdom bewys het, sal verstaan dat dit nooit meer in die kerk net om hulle kan gaan nie, maar dat dit om almal gaan.

Daar kan seker geredeneer word dat 'n gemeente darem primêr sy eie lidmate moet bedien. Daar is nou geleentheid om die skopus van ons bediening nog meer te verruim. Gelukkig het die minder klem op persoonlike huisbesoek meegebring dat leraars meer beskikbaar is vir alle mense en hulle geestelike behoeftes. Daar het ook in die laaste drie dekades groter inklusiwiteit in ons gemeentes gekom toe die vroue in die ampte toegelaat is. Die groter insluiting van die gelowige vroue word egter steeds gekortwiek deur ongelykheid. So, die kerk worstel om werklik as gemeente van die Here inklusief te wees. Dink maar hoeveel tyd dit geneem het om die kinders volgens hulle bevatlikheid deel te gee aan die Nagmaal.

Jesus Christus het in sy omwandelinge op aarde aan ons so 'n pragtige voorbeeld gestel. By die eerste oogopslag kan dit lyk of hy net na die skape van Israel gekom het of net na die getroues. In die praktyk was Hy anders. Hy was van nature inklusief. Daarom praat hy met die Samaritaanse vrou by die put, en sluit hy die knaende Siro-Fenesiese vrou nie uit nie. Almal is by Hom welkom en mag deel in sy gawes. Persone wat ander nie raaksien nie roep Hy nader, soos die kinders en vroue en tollenaars en selfs Nikodemus. Tereg sê Jesus dat Hy as Goeie Herder ook 'ander' skape het en dat Hy hulle ook moet lei. By die uitstorting van die Heilige Gees word by die 15 verskillende tale genoem. Almal mag hoor!

Die term "inklusief" het ook betrekking op die besluite wat die kerk neem. Voorheen kon die NG Kerk gerieflik besluite neem sonder om alle lidmate in ag te neem. Die nuwe maatstaf vir ons tyd is om te vra of ons besluite mense wat in Jesus Christus glo, onbillik uitsluit. Juis om inklusief op te tree het gemeentes in die laaste jare geleentheid gekry om ook hulle stem pertinent te laat hoor. Oor die Belhar-belydenis kon gemeentes en sinodes hulle eie besluit neem. Ongelukkig het die "demokratiese" proses tot gevolg gehad dat die kerk eksklusief opgetree het teenoor gelowiges van ons "eie" kerke wat hulle hart vir ons oopgemaak het. Belhar stel 'n uitdaging om inklusief te wees.

Die kerk is net inklusief as sy God se koninkryk laat kom.

In die tyd het die Tydskriftemaatskappy sy vlerke gesprei deur bylaes in plaaslike koerante te versprei en vier maal per jaar ook 'n bylae op Christelike feesdae in Rapport. Daar is ook begin met dienste op TV, Radio en die Internet. Die **DRC News** is twee keer per jaar aan kerke binne en buite die RSA versprei.

Vir al hierdie dienste is die fondse self gevind en geen bydrae van die sinode se begroting. Die maatskappy het dus miljoene lesers en hoorders bereik en die NG Kerk baie rande gespaar. Sonder Die Kerkbode ? Nee, dis ondenkbaar!

# 14 VERSOENING: 1994–1998-AFLOOP

## 14.1 KRITIESE BEOORDELING: 2013

Enige leier moet bereid wees om getoets te word, ook 'n kerklike leier. So het ek gedink het toe ek in prof Piet Strauss se boek, *Kerkwees in die branding**(1) onder oë gehad het. In die wetenskaplike geskiedskrywing gee hy sy persoonlike belewenis van die AS van 1994 weer. Hy toets oa die beskrywing dat die AS 'n sinode van "versoening" genoem is deur die Redakteur van die Kerkbode, Frits Gaum. Die naam is toe algemeen gebruik om die AS van 1994 aan te dui. Die beskrywing het veel te doen met die wyse van optrede van die Moderator by die sinode en by uitstek sy optrede teenoor besoekers by die sinode, nl Pres Mandela, prof Ben Marais en dr Bey Naudé. Hy gee ook sy ervaring rondom die besluit dat ek by die WVK die NGK kon verteenwoordig. Dit is seker natuurlik dat ek graag sal wil verneem hoe my optrede deur 'n ander kerkleier en kundige gesien word. Dit is versterk toe ek verneem het dat Pieter Coertzen een van die keurders was van die publikasie. Hy het immers naby my aan die groentafel gesit en elke oggend saam met die res van die Moderatuur ons werk geëvalueer en beplan.

Hy skryf dan dat ek dr Naudé om verskoning wou vra en daarom die besluit van die AS "gemodereer" het om my

optrede te regverdig. In sy voortgaande beoordelingvan die Moderator, praat hy dan van "lompe, ooglopende manipulering van sake" en "sinode-politiek"; "'n soort politiek waarvoor die betrokkenes nie opgelei is nie en waarvoor ek deur die jare geen waardering ontwikkel het nie". In die debat by die ASK oor 'n voorlegging by die WVK, skryf hy dat ek as Voorsitter reeds tydens die AS getoon het dat die "stem van die meerderheid hom nie altyd aanspreek nie". Hy skryf ook dat ek geglo het dat die NGK 'n "vroeëre apartheidsagent" was, en dat ek soos oom Paul Kruger met taktiese bewegings my sin by die ASK gekry het. Uiteindelik was die AS dan nie so 'n uitstaande teken van versoening nie.

Vir my was dit na oorweging 'n verdraaiing van die ware gebeure en 'n onbillike aanval op my persoon. Sou dit ook iets sê oor die moderator se persoonlike afhanklikheid van die Here en die leiding van sy Gees.

Ek het my besware aan die redaksie oorgedra en was nogal onsteld dat voornemende leraars by hierdie fakulteit hierdie beeld van die AS van 1994 as outentiek kon aanvaar. Ek is geleentheid gegun om my weergawe in Acta Theologica te plaas.

In 'n kort gesprek met Piet Strauss het ek die mag van vryheid van spraak – selfs in die kerk – beleef en dat geskiedenis 2 kante kan hê. Hy het wel benadruk dat dit nie persoonlik bedoel is nie!?

## 14.2 ONVERDIENDE ERKENNING 2015

Op 14 November 2014 ontvang ek ’n e-pos van my Alma Mater. Dit kom van prof De la Rey, visekanselier en rektor van die Universiteit van Pretoria. Sy wens my geluk en meld dat Die Senaat op aanbeveling van die Fakulteit van Teologie die Kanseliersmedalje aan my toeken. Dit is nie ’n akademiese toekenning nie, maar word gegee aan persone wat hulle in die openbare lewe in ‘n spesifieke veld onderskei. In my geval is dit toegeken vir my leierskapsrol in die kerk en in die breër gemeenskap; spesifiek vanweë my groot bydrae tot transformasie en versoening in die nuwe demokratiese Suid-Afrika, en spesifiek my volgehoue bemoeienis met kerkeenheid in die NG Kerk-familie. Dit is vir UP ’n teken van waardering vir baie jare van onbaatsugtige diens. Die pragtige medalje is toe by die gradeplegtigheid op 28 April 2015 deur die kanselier van UP, prof LW Nkuhlu, in Pretoria aan my oorhandig.

Die aand was ek en Marié die gaste van prof Johan Buitendag by ’n onthaal van die personeel van die Teologie-Fakulteit. Ons oudste seun, Dawid, en sy vrou het ons vergesel. Na nog mooi woorde, het ek ’n ontvangstoespraak gelewer, waarin ek ook my opregte dank kon betuig. Dit was ‘n onbeskryflike voorreg om 50 jaar na my legitimasie en 60 jaar nadat ek as buitemuurse student my studies begin het, so ’n geleentheid te kon beleef. Die medalje het ek opgedra aan die lidmate van die NG Kerk, wat bereid

was om vanaf 1994 'n pad van versoening te loop. Ek weet ook dat dit Johan van der Merwe was wat my gereeld by sy studente laat praat het oor versoening in 1994 en daarna. My vreugde was ook groot toe my klasmaat en kollega op talle terreine van die NGK, prof Piet Meiring, in 2017 ook met die Kanseliersmedalje by UP vereer is.



Prof Johan Buitendag kyk toe terwyl prof Dirk Human my gelukwens.



Vriendelike mense. By die dinee saam met André en Janetta van Niekerk (my medeleraar) en Dawid en Riana.


## 14.3 BEVESTIGING 2017

In 2017 vier die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria haar eeufees. Dit is dus die oudste Teologie-Fakulteit en is deur die Ned Herv Kerk in Afrika begin. Die NG Kerk het in 1938 as Afd. B met sy eie opleiding begin. Naas talle feesgeleenthede het daar ook wetenskaplike publikasies verskyn. Prof Johan van der Merwe se bydrae daarin is: *Versoening en die Nederduitse Gereformeerde Kerk*: Die AS van 1994 as baken vir 'n lewe van volheid'*(2). Hy sê in sy inleiding: 'Kontroversie rondom die AS van 1994 waar mnr Nelson Mandela as spreker opgetree het, word ook bespreek as voorbeeld van die NGK se interne worsteling met versoening. Die besoeke van prof Ben Marais en dr Bey Naude, en die optrede van ds Freek Swanepoel by die WVK word beoordeel met insette van dr Frits Gaum en ds Freek Swanepoel. Hy konkludeer: "Die AS van 1994 staan uit as een van die groot bakens op die versoeningspad van die NGK. Wanneer die gebeure tydens hierdie vergadering teen die agtergrong van die groter konteks van die NGK se versoeningspogings verstaan word, kan dit nie anders as om dit die "Sinode van Versoening" te noem nie. Op hierdie wyse het die NGK, as vennoot vir teologie-opleiding aan die Universiteit van Pretoria, bygedra tot 'n lewe van volheid vir almal in Suid-Afrika."

So kyk ons na die geskiedenis; elkeen begerig om die hand van die Here raak te sien en aan Hom die eer te gee.

## BRONVERWYSINGS

*1 Acta Theologica, Vol 33, suppl.18. 2013.
*2 Human, D.J (red.) Ecodomy – Life in its fullness, in Verbum et Ecclesia suppl. 1, p105 – p 118.
Raadpleeg ook:
NG Kerk 350, p 222 -223: 1994. Die Sinode van Versoening. Freek Swanepoel.
Moeisame pad na versoening; p 110 – 127. Johan van der Merwe.



**SOLI DEO GLORIA.**

Teksvers: Mat 5:23–24 (2020).
Jesus leer ons om die eerste tree te gee om
met ander te versoen!

Hierdie publikasie is 'n uitvloeisel van CORDIS TRUST se doelstelling, naamlik om die Afrikaanse taal en kultuur te bevorder, deur die fasilitering, aanmoediging, beloning en publikasie van skeppende werk op die gebied van die kultuurhistoriese, dig-, prosa-, drama- en liriekekuns.

CORDIS TRUST wil graag talentvolle potensiaal identifiseer en ontwikkel, asook toegang tot publikasie bied.

Trust IT 175/00, NPO 066-689, Posbus 73592, Pretoria

CORDIS TRUST PUBLIKASIES
Posbus 73592 Lynnwoodrif 0040
www.cordistrust.co.za